Dat de Afrikaanse literatuur in de ogen van buitenlandse critici soms naïef of ouderwets aandoet, moet dus daaraan toegeschreven worden dat de Afrikaanse literatuur zich in een ander stadium van autonomisering bevindt dan bijvoorbeeld de Nederlandse. Terwijl met het optreden van de Tachtigers het *l'art pour l'art*-principe zijn intrede had gedaan in de Nederlandse literatuur, bestond het werk van Afrikaanse schrijvers volgens Celliers nog uit "eensdeels rijmpjes en storietjes, meer grappig gekleurd, anderdeels strekkings-letterkunde, met die ernstige doel om ons volk godsdienstig en moreel op te voed en sterk te maak". En hij laat erop volgen: "[D]it was trouwens die kenmerk van die geskifte van elke jonge volk in zijn tijd van behoefte aan sulke geskifte en toneelstukke met 'n geskiedkundige of sedelike strekking." Hij vervolgt (Celliers, 1919):

En die tijd is vir ons nog lang nie verbij nie, die Afrikaner voel dit instinkmatig. Teen 'n see van vreemde invloede en magte wat ons wil oor-rompel, moet ons vastrap en veg, en daarvoor het ons praktiese, tasbare wapens nodig. 'n Vastrap-plek, 'n rotsbodem, is dus die eerste wat 'n Afrikaner in 'n boek soek, en weet nie waar 'n boek heen wil nie wat net opgaan in beskrijwing van natuur of mense en dinge met gin ander doel nie dan skoonheidsgenot of kuns-deursig.

Kunstwerken, stelt Celliers, weerspiegelen het volkskarakter van een tijd en het volkskarakter van de Afrikaners is, wat hem betreft, vooralsnog vooral ingesteld op overleving. Niettemin is hij ervan overtuigd dat geleidelijk aan ook onder de Afrikaners het besef zal groeien dat kunstopvattingen, kunstwerken en wetenschappelijke geschriften die geen direct praktisch of politiek doel lijken te dienen, toch van waarde kunnen zijn.

Het tweede bezwaar – dat de Afrikaanse literatuur zich te veel liet beïnvloeden door Europese voorbeelden ten koste van haar unieke Afrikaanse karakter – was, zoals in de inleiding is genoemd, een verwijt dat Celliers zelf herhaaldelijk voor de voeten is geworpen. Volgens Celliers kwam een mimetische weergave van de alledaagse werkelijkheid van de Afrikaners echter alleen tegemoet aan wat men in Europa wilde lezen en voldeed het allerminst aan de behoeften van het primaire leespubliek, de Afrikaners zelf (Nienaber, 1951: 175; vergelijk Nienaber, 1951: 175):

Die Europeaan wil dit graag hê: vir hom is die Boer en sijn land iets “eigenaardigs,” hij wil van die Boer, van die Afrikaner, ’n studie maak; hij wil hom in ’n “rubriek” thuisbreng van sijn studie oor wereldletterkunde of volkekunde, of hij wil sig verlustig in ’n nieuwe “tiepe,” daarom wil hij die “tiepe” graag afgebeeld en beskrewen sien soos hulle is, hij wil daarvan “geniet”.

Volgens Celliers moest de Afrikaanse literatuur echter niet blijven hangen “in onse ‘tiepiese’ naïviteit, en selfs onnosselheid”. Net zoals in de wetenschap moesten de Afrikaners ook in de kunst aansluiting vinden bij internationale ontwikkelingen. “Ons het ’n eie lewe te lewe – dit begryp en voel ons goed”, schreef Celliers (1917b) in een brief aan E.C. Pienaar, “maar ons is ook wereldburgers en het ’n eie volk om op te voed, dit is ons eerste sorg”. De vroege dichters van de Tweede Afrikaanse Taalbeweging hadden volgens Celliers (1917b) maar één doel voor ogen gehad, en dat was om hun volk een eigen taal en een eigen culturele identiteit te geven, “en al sou dit heeltemal deur navolging geskied het, dan is ons nog tevrede, want dit is die vernaamste, hier in onse tijd en ons land”. Hij vond het heel normaal dat vroege schrijvers voor voorbeelden naar de Nederlandse literatuur hadden gekeken. Later zou dit vanzelf wel anders worden, naarmate de Afrikaanse literatuur een eigen traditie zou ontwikkelen die door nieuwe generaties schrijvers als voorbeeld kon worden gebruikt. “Doch terwijl de Afrikaanse taal en letterkunde zich zo aan ’t vormen is, moet ’t Hooghollands nog vastgehouden, nog onderwezen worden omdat intussen de Hollandse letterkunde voor ons nog lang onmisbaar zal blijven en niet onverstaanbaar mag worden.” (Celliers, 1907: 76-77; vergelijk Celliers, 1924: 109-110). Volgens Celliers (1917b; vergelijk Celliers, 1919 en Nienaber, 1947: 32) is er geen gevaar dat de Afrikaanse schrijvers, door naar buitenlandse ontwikkelingen te kijken, hun oorspronkelijkheid zullen verliezen:

juis deur nie eensydig te werk te gaan nie, dog ons oog oor *veel* van die buiteland te laat gaan, ook veel teenstrydigs, sal ons in onsselwe teruggedrijwe word, en sien dat ons ’n eie pad moet gaan, op onsselwe moet vertrouw [...].

Celliers heeft herhaaldelijk ontkend dat zijn “Die vlakte” een navolging van Perks “Iris” zou zijn geweest. In dit verband heeft hij zich ook regelmatig uitgelaten over de betekenis die literaire navolging zou kunnen hebben voor het individuele dichterschap

en, in bredere zin, voor de ontwikkeling van een nationale letterkunde. Hij wijst er dan op dat navolging – zeker waar het de vorm van een gedicht betreft – door de hele literatuurgeschiedenis heen een gangbare praktijk is geweest; te denken valt bijvoorbeeld aan sonnetten of een klassieke versvorm als de alexandrijn (Nienaber, 1947: 23). En als een dichter veel en intensief gelezen heeft, is het onvermijdelijk dat zijn eigen werk doortrokken is van de sporen van die lectuur. Navolging is volgens Celliers dan ook volstrekt legitiem, zolang een gedicht maar blijk geeft van oprechte ontroering of een oorspronkelijke visie. Beginnende of aspirerende dichters doen er volgens Celliers goed aan, om veel gedichten te lezen, “van alle soorte en in soveel tale as julle kan” (Nienaber, 1947: 32; vergelijk Celliers, 1917b):

Steur julle nie aan die wat sê dat julle daardeur gevaar loop van julle oorspronklikheid te verloor nie. Wie se oorspronklikheid het uit homselwe ontspring, sonder iets of iemand wat daar die grond van is? Ons leer sien deur die oë van ander; dog alleen as ons self oë het, nie blind is nie. Juis deur veel letterkunde te lees, en dit nie alleen nie, dog ook beoordeling van boeke – dikwels heeltemal teenstrydig teen mekaar in – leer ons insien dat ons op eie bene moet staan en dit durf doen. En moenie bang wees nie: glo my, as jy eie bene het, sal jy hulle ook voel en gebruik.

Het advies dat Celliers hier aan individuele beginnende dichters geeft, geldt in zijn redenering ook voor een ontluikende nationale letterkunde zoals die van het Afrikaans. Celliers zag het ontstaan en de groei van Afrikaanstalige literatuur als een zaak van nationaal belang. Hoe die literatuur tot stand was gekomen en wat daarin het aandeel van literaire voorbeelden uit andere literaturen was geweest, vond hij minder interessant. Het is juist het nationale belang van de ontwikkeling van een Afrikaanse literatuur dat buitenlandse beoordelaars zoals Verwey en De Vooy onvoldoende naar waarde wisten te schatten (Celliers, 1917b):

Vir ons is dit genoeg dat ons gedaan het wat alle ander digters gedaan het, namelijk dat ons ons volk gehelp het om syn eie taal en sigself te krij, en al sou dit heeltemal deur navolging geskied het, dan is ons nog tevrede, want dit is die vernaamste, hier in onse tijd en ons land; en dit sien die buitelandse beoordelaars van onse letterkunde verbij; *hulle beoordeel alles uit hul eie standpunt, in die teenwoordige tijd, in hul eie land.*

En hij voegt er enigszins vilein aan toe: “Als ’n mens die geskiedenis van die Nederlandse Letterkunde lees dan sou jii Nederlanders waarlik aanraai om doodstil te blij oor navolging van die buiteland!” (Celliers 1917b).

7. Besluit

“Die Afrikaanse literatuur”, schrijft Jerzy Koch (2001: 42) in zijn artikel over de verwantschap tussen Jan Celliers en Adam Mickiewicz,

is 'n baie goeie illustrasie van die stelling dat die literêre ontwikkeling nie net deur interne elemente bepaal word soos die eie dinamiek van die literêr-historiese proses nie, maar ook deur die eksterne faktore soos die verhouding met/tot die literature in vreemde tale. Hierdie verhouding word op sy beste in vertalings, adaptasies en bewerkings uitgedruk, wat baie keer die verandering van die estetiese norme van die doeltaal bewerkstellig.

Koch (2001: 42) wijst erop “dat dit volstrek noodsaaklik is om die betekenis van die werk van Celliers in hierdie terme te beskou en dit eerder in 'n positiewe as negatiewe lig te plaas”.

In dit artikel is vastgestel wát Celliers zoal gelezen had en welke dus de buitenlandse bronnen waren waar hij uit kon putten. Er is vooral gekeken naar Celliers' bekendheid met de Nederlandse literatuur. Zowel voor zijn eigen lectuur als voor de boeken die hij zijn minder belezen volksgeleerden aanraade, gaf hij de voorkeur aan het werk van vroegnegentiende-eeuwse Nederlandse schrijvers boven dat van contemporaine auteurs. Het werk van de Tachtigers vond hij dikwijls verontrustend en niet in overeenstemming met de specifieke behoeften waar hij en zijn mede-Afrikaners binnen hun eigen sociaal-historische situatie mee kampten. In zijn *beskouwingen* over literatuur en leesbevordering (meer dan in zijn dichterlijke *praktijk*) propageert Celliers een functionalistische literatuuropvatting, waarbij de referentiële (pedagogisch-didactische) functie prevaleert boven de esthetische of connotatieve functie. De keuzes die hij maakt met betrekking tot het soort boeken dat hij aanbeveelt, bevestigen de observatie van Itamar Even-Zohar, dat interferentie dikwijls *niet* gebeurt vanuit het centrum van de brontaal (de “hoge” literatuur), maar vanuit de periferie (bijvoorbeeld lectuur en jeugdliteratuur). Het nationalisme uit de historische romans van bijvoorbeeld Jacob van Lennep en Hendrik Conscience en de godsdienstige poëzie van bijvoorbeeld Nicolaas Beets en Bernard ter Haar worden binnen de context van de Afrikaners in de jaren kort na de Tweede Anglo-Boerenoorlog geladen met een nieuwe betekenis.

Volgens Celliers bestond er een hechte band tussen wat hij zag als de historisch gegroeide identiteit van het Afrikaner volk enerzijds, en de taal, het Afrikaans, anderszijds. Niettemin pleitte hij ervoor dat het Nederlands in bepaalde situaties gehandhaafd bleef, opdat het Nederlands als reservoir gebruikt kon worden waaruit het Afrikaans, als jonge taal die nog volop in ontwikkeling was, naar behoeven elementen kon ontleen, tot het volledig op eigen benen kon staan en binnen de Zuid-Afrikaanse sociaal-politieke constellatie het dominante Engels zelfstandig het hoofd kon bieden. Celliers pleitte er dus voor om de taal van de ene voormalige koloniale machthebber, Nederland, te gebruiken om tegenwicht te bieden in de strijd tegen de talige dominantie van de meer recente onderdrukker, Groot-Brittannië.

Celliers' ideeën over de bruikbaarheid van Nederlandse literaire voorbeelden komen hier min of meer mee overeen. Anders dan zijn critici was hij het niet eens met de herderiaanse opvatting dat een jonge literatuur zich zo veel mogelijk naar

binnen moest richten om uiting te kunnen geven aan zoiets als de *Völksgesit*. Dit zou in zijn ogen stagnatie of zelfs regressie betekenen, terwijl het streven juist moest zijn om de Afrikaanse taal en literatuur en het hele Afrikaner volk, die zich nu nog in de periferie van het wereldgebeuren bevonden, aansluiting te laten vinden bij de dominante kultuur, die van West- Europa. Het gebruik van elementen uit een gevestigde literatuur zoals de Nederlandse zou hier vooralsnog behulpzaam bij kunnen zijn. Zodra de Afrikaanse literatuur haar bestaan veiliggesteld had en kon bogen op het begin van een literaire traditie, zou dit opzien naar buitenlandse voorbeelden vanzelf wel minder worden.

Navorsingsgenoot Universiteit van die Vrystaat

Bronnenlijst

- Bel, Jacqueline.** 1993. *Nederlandse literatuur in het fin de siècle. Een receptie-historisch overzicht van het proza tussen 1885 en 1900*. Amsterdam: Amsterdam University Press.
- Besselaar, Gerrit.** 1914. *Zuid-Afrika in de letterkunde*. Amsterdam/Pretoria/Kaapstad: De Bussy/Holl.- Afr. Uitgevers-mij. v/h Dusseau & co.
- Bourdieu, Pierre.** 1992. *Opstellen over smaak, habitus en het veldbegrip*. Amsterdam: Van Gennep.
- Britz, Etienne.** 1999. Die navolging van Guido Gezelle se “Twee horeen” deur Jan F.E. Celliers. *Vóortgang. Jaarboek voor de neerlandistiek*, 18: 7-20.
- Celliers, Jan F.E.** 1905. *Ons leesboek voor jong en oud*. Kaapstad: HAUM v/h. J. Dusseau.
- Celliers, Jan F.E.** 1907. Waarom leest de Afrikaner-Boer niet? *Groot Nederland*, 5(1): 72-82.
- Celliers, Jan F.E.** 1917a. Kuns en nasionale kuns, toespraak t.g.v. Dingaansdagviering te Assegaabosch, district Humansdorp, 16 desember 1916. *Die Burger*, 14 en 15 februarie.
- Celliers, Jan F.E.** 1917b. Brief J.F.E. Celliers aan E.C. Pienaar, 25 augustus 1917. Stellenbosch: Dokumentesentrum J.S. Gerickebiblioteek: 48/10/713.
- Celliers, Jan F.E.** 1918. Brief J.F.E. Celliers aan E.C. Pienaar, 20 maart 1918. Stellenbosch: Dokumentesentrum J.S. Gerickebiblioteek: 48/10/714.
- Celliers, Jan F.E.** 1919. Kuns in verband met nasionaliteit en geskiedenis. *Die Burger*, 7 juli.
- Celliers, Jan F.E.** 1924. *Ou Gawie en ander verhale en sketse*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Celliers, Jan F.E.** 1926. *Kritiek*. Manuscript lezing, in augustus 1926 gehouden te Stellenbosch. NALN: 189/5/091cel.
- Celliers, Jan F.E.** 1930. *'n Boodskap uit Suid-Afrika*. Pretoria: Preller-argief, TAB, State Archives.

- Celliers, Jan F.E.** 1933. *Kuns in lewe en kultuur. 'n Eenvoudige bespreking van enige grondbegrippe*. Kaapstad/Bloemfontein: Die Nasionale Pers Bpk.
- Celliers, Jan F.E.** s.d. *Afrikaans*. Manuscript lezing kongres Suid-Afrikaanse Vroue Federasie, Pretoria. NALN: 643/506.
- De Goede Hoop.** 1912. [Recensie Martjie]. 1 mei: 522-524.
- De Vooy, C.G.N.** 1913. Afrikaner taal en poëzie. *De Beweging*, oktober (gedateerd augustus): 1-37.
- Even-Zohar, Itamar.** 1990. Polysystem Studies. *Poetics Today*, 11(1-2).
- Even-Zohar, Itamar.** 1997. Factors and Dependencies in Culture. A Revised Outline for Polysystem Culture Research. *Canadian Review of Comparative Literature*, 24: 15-34.
- Glorie, Ingrid.** 2004. "... Een reuzen-taak, die bijna 't onmogelijke vordert...": de boekenzendingen van het Algemeen Nederlandsch Verbond (1902-1927). *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 11(1): 41-64.
- Glorie, Ingrid.** 2012. "Uit die hart van die volk en tot die hart van die volk". Jan F.E. Celliers als volksdichter. *Literator* 33 (2). Art. #137, 11 pages. <http://dx.doi.org/10.4102/lit.v33i2.137>
- John, Philip.** 1998. Afrikaans Literature and (Metropolitan) Postcolonial Theory. Interrogations from the Margin. *Journal of Literary Studies*, 14(1-2): 18-35.
- Jongstra, Atte.** 1985. Een andere smaak onder koks en gasten? Een boeken top-99 uit 1891. In: Winkels, P.J.A. e.a. *Ten tijde van de Tachtigers. Rondom De Nieuwe Gids 1880-1895*. 's-Gravenhage: Nijgh & Van Ditmar: 131-136.
- Kamp, J.** 1914. Afrikaans pleidooi. *De Beweging*, augustus: 113-134.
- Kannemeyer, J.C.** 1996. Jan Celliers en die Stellenbossche professoraat. In: Kannemeyer, J.C. *Ontsyferde stene. Herinnerings, huldigings, herlesings en herbevestigings*. Stellenbosch: Inset-Uitgewers: 168-172.
- Koch, Jerzy.** 2001. Celliers se "Uitkyk" in Pole. Doelbewuste of toevallige parallelle tussen *Martjie* van Jan F.E. Celliers en *Pan Tadeusz* van Adam Mickiewicz? *Literator*, 22(1): 39-66.
- Lammers, J.C.** 1985. *Kent gij dat volk vol heldenmoed? Nederlandse onderwijzers en boeken in de Zuid- Afrikaanse Republiek en hun invloed op het Afrikaner-nationalisme, 1880-1900*. Ongepubliceerde doctoraalscriptie Vrije Universiteit, Amsterdam.
- Nienaber, P.J.** (red.). 1947. *Afrikaanse skrywers aan die woord*. Johannesburg: Afrikaanse Pers-boekhandel.
- Nienaber, P.J.** (red.). 1951. *Jan Celliers. Ons Volksdigter*. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel.
- Oberholster, A.G.** (ed.). 1978. *Oorlogsdagboek van Jan F.E. Celliers 1899-1902*. Pretoria: RGN.
- Pienaar, E.C.** 1919. *Taal en poësie van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging*. Amsterdam: De Bussy.
- Rompel, F.J.L.** 1911. Afrikaansch en Afrikaansche letterkunde. *Die Brandwag*, 1: 527-529, 567-570 en 599-602.

- Schepers, J.B.** 1909. Een nieuwe loot van de Nederlandse stam in bloei. *De Nieuwe Gids*, juli: 39-43.
- Schoeman, Karel.** 1998. *Merksteen. 'n Dubbelbiografie*. Kaapstad/Pretoria/Johannesburg.
- Schutte, G.J.** 1986. *Nederland en de Afrikaners. Adhesie en aversie*. Franeker: T. Wever.
- Van Halsema, J.D.F.** 1995a. In verwachting van de nieuwste mens: Nederlandse literatoren rond 1900 over Zuid-Afrika. In: Hattingh, M. en H. Willemse (red.). *Vernuwing in die Afrikaanse letterkunde*. Belville: Afrikaanse letterkundevereniging: 381-392.
- Van Halsema, J.D.F.** 1995b. "Een ander en beter menschesoort". De Boerenoorlog (1899-1902) in het denken van Albert Verwey. *Voortgang. Jaarboek voor de neerlandistiek*, 15: 189-248.
- Van Heusden, Barend.** 2001. *Literaire cultuur. Handboek*. Heerlen/Nijmegen: OUNL/SUN.
- Van Winter, P.J.** 1937-1938. *Onder Krugers Hollanders. Geschiedenis van de Nederlandsche Zuid- Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij*. Amsterdam: De Bussy (2 delen).
- Verwey, Albert.** 1913. De poëzie van Zuid-Afrika. *De Beweging*, november: 113-127.
- Willemse, Hein.** 2001. *Om te leef in Afrika: Oorlewing, saambestaan en die Suid-Afrikaanse letterkunde*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Note

- Overigens beheerste Celliers ook nog twee andere talen. Frans had hij al op jonge leeftijd van zijn grootvader geleerd (zijn vader stamde uit een Hugenotenfamilie; zijn opa aan moederskant was een zendeling van het Parijse Zendingsgenootschap). Duits had Celliers zichzelf aangeleerd: "[E]k het 'n soldate-roman van Hackländer in hande gekry en sommer begin lees, met 'n woordeboek. Toe ek klaar was, was ek oor die dam, altans wat lees en verstaan betref." (Nienaber, 1947: 35). De Franse en de Duitse literatuur bezorgden hem "weer nuwe en grootse openbaringe" (Nienaber, 1947: 35; vergelyk Celliers, 1918).
- In een vergelyking van Gezelles "Twee horens" en Celliers' "Die ossewa" concludeert Etienne Britz dat Celliers Gezelles voorstelling in verskillende opzichten emuleert. Zo zou Celliers' evocatie van het landschap schilderachtiger zijn dan die van Gezelle, waarbij de verwyzingen naar stof en hitte worden gebruik om het lijden van de ossen relêf te geven. Britz (1999: 13) suggereert dat de ossen bij Celliers fungeer as metafoer voor die ideaal- tipiese Afrikaner. Niet alleen zijn ossen die "historiese trek- en werkdier van Suid-Afrika", "[a]llerlei deugde wat met die tradisionele, landelik-Calvinitiese Afrikaner geassosieer word, is in 'Die ossewa' ingeskryf as kwaliteite van die osse, byvoorbeeld swygzaamheid, stille volharding, harde werk en die dra van verantwoordelikheid, uithouvermoë onder die moeilike natuurlike omstandighede van Suid-Afrika, verbintenis en oorgawe aan die land tot aan die dood op 'n 'ver veld' ".
- Ditgevoel van verwantskap kom tbyvoorbeeld tot uiting in een geleghedsgedicht van Celliers (1930) by die

viering van de honderdste geboortedag van Gezelle in 1930, gericht tot de “Stam- en Taalgenote in Vlaandere”:

’n Boodskap uit Suid-Afrika

by geleentheid van die eeufes van Guido Gezelle (1830-1930)

Stam- en Taalgenote in Vlaandere:

’n Warme broederhanddruk aan U van ons uit Suid-Afrika!

Ons besit en ken en waardeer, met U, een van die allerkosbaarste

Besittinge van ons Dietse Kultuur en van die Mensheid.

Gezelle! Wat roep die naam ons nie voor die gees nie?

Gezelle, – in eie oog ’n krukkerige swakke riet; dog waarin
die tale Gods ruis!

Gezelle, – ’n nederige ‘skrywerke’, dog skrywende, in elke gedig,
‘den heiligen name van God’.

Gezelle, by wie die liefde vir God en Sy skepsele één was – elke oomblik
’n skone nuwe verrassing vindende, – “t zy in sterren, ’t zy in bloemen’.

Vlaamse Broeders, vrees dan nie: Miskenning en teëwerking het *hom* nie

Uitgedelg nie; net so min sal dit U skaad, as U weg met Gezelle en sy God is.

Gezelle! Ons besef dat so een die geheim van ’n vreugdevolle toekoms had, en ons
die weg daarheen op eenvoudige en klare wyse aangedui het, –
dit was geen geheim nie.

4. Ik ben het dus *niet* eens met Britz (1999: 14), waar deze opmerkt dat de calvinistische Celliers de “vreugdevolle erns” van Gezelle, zoals die tot uitdrukking komt in diens gedicht “Als de ziele luistert”, niet kon navolgen.
5. Zie bijvoorbeeld het gedicht “Bome” uit de bundel *Die saaiër en ander gedigte* (1918), dat niet alleen qua thematiek (de natuur als spiegel van Gods aanwezigheid), maar ook door het spel met klankherhalingen en ritme sterk aan Gezelles werk doet denken.
6. De Bantoetalen werden door Celliers nergens als een bedreiging voor het Afrikaans aangemerkt en blijven daarom buiten beschouwing.
7. Zie ook Celliers 1919: “Omdat die Afrikaner hom nou so tussen die twee groot tale van die skool en die kerk en die boeke, ’n mindere voel in sijn taal, volg dit vanself dat hij hom ook als mens ’n mindere voel tussen die mense wat die twee groot beskaafde tale gebruik. En omdat hij sig ’n mindere voel, gaan hij die na-aap wat hij als sijn meerdere beskouw.”
8. Hetzelfde onderscheid ligt ten grondslag aan de eerder aangehaalde correspondentie met Schoonees (Nienaber, 1951: 82-91).

“Dit innerlijk bedrijf, verzinnelijkt” T.T. Cloete en J.H. Leopold

Heilna du Plooy

“Dit innerlijk bedrijf, verzinnelijkt” [“This internal trade, made sensory”]: T.T. Cloete and J.H. Leopold

T.T. Cloete, who was an established literary scholar when he made his debut as a poet, is often described as “a poet’s poet” on account of his intense awareness of poetic form and the “co-existence” of content and form in his work. In 1959, twenty years before the publication of his first volume of poetry, Cloete wrote an academic essay, “J.H. Leopold on dreaming thought”, on the poetics, specifically the relation between content and form, of the Dutch poet J.H. Leopold (1865-1925). Although Cloete’s poetry is regarded as postmodernist and intertextually complex and although the two poets stand far apart in time and space, they share important poetical views. In this article Cloete’s analysis of Leopold’s poetry in the 1959 essay is used as point of departure to analyse and compare selected poems with the aim of discussing the similarities and resemblances between the poetics of the two poets.

1. Inleiding

T.T. Cloete kan beskryf word as ’n digter wat “inklusief” dink en skryf. Hy is deurgaans gelyktydig met sowel die digterlike proses as die inhoud van die gedig gemoeid, en die digterlike tegniek is vir hom die instrument deur middel waarvan die digter ’n unieke menigvuldigheid kan konkretiseer sodat kommunikasie moontlik word. Op grond van die fynsinnige en vindingryke tegniese afgerondheid van sy verse word hy dikwels beskryf as ’n “poet’s poet”, en ander digters het dikwels selfs meer waardering vir sy werk as kritici (Hambidge, 2012; Pieterse, 2001).¹

Omdat Cloete vir die grootste gedeelte van sy lewe ’n dosent in die letterkunde en literatuurwetenskap was,² is dit begryplik dat hy ’n bewuste, byna wetenskaplike benadering tot die gedig en die digpraktyk sal hê,³ maar as ’n mens sy essays en artikels oor die literatuur nagaan, blyk uiteensaglik dat hy altyd op soek was en is na die onbegryplike dimensie van die bekoring en krag van die poësie as bedryf en as literêre vorm van kommunikasie. Deur herhaaldelike verwysings daarna word ’n besonder sterk klem geplaas op juis die onbeskryfbare aard van die werking en uitwerking van die literatuur en spesifiek van die poësie.

In 1959, 21 jaar voordat hy op 56-jarige ouderdom debuteer as digter, publiseer T.T. Cloete ’n essay met die titel “J.H. Leopold oor die dromende denke” in die *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* (Cloete, 1959: 91-117). Die sentrale argument in die stuk omskryf en ontwikkel die siening dat in die gedig vorm en inhoud “koëkstensief” is. Verskillende aspekte van die verhouding tussen vorm en inhoud word ondersoek om hierdie siening van die poësie te ondersteun. Cloete toon aan hoe in verskeie gedigte van J.H. Leopold

die gedig op sowel die digterlike denkproses en die ontplooiing van die gedagte as die inhoudelike gedagte self gerig is. Wat Cloete dus doen in sy essay is om die implisiete poëtikale uitsprake wat in Leopold se verse voorkom, te gebruik as die uitgangspunt vir 'n eie siening van die poësie. Soos wat Cloete se gebruik is, word die stellings wat hy maak, verder afgelei uit en ondersteun deur verwysings na poëtikale uitsprake van 'n omvattende groep digters in Afrikaans, Nederlands, Engels en Frans, maar daar is ook talle verwysings na die literatuurwetenskaplike opvattinge van die tyd. Leopold se siening van die poësie word ook in verband gebring met Freud se beroemde opstel oor die verband tussen kreatiewe denke en drome. Cloete beredeneer en bespiegel dan oor die prosesse, die inhoud en die vorme waardeur en waarin die digterlike “droom” aanleiding gee tot 'n gedig. Cloete betuig in hierdie essay sy instemming met sowel Leopold se poëtikale opvattinge as Freud se psigoanalitiese opvattinge oor die gedig as die geïntegreerde produk van 'n geïntegreerde proses.

In hierdie artikel wil ek spesifiek ondersoek instel na die deurwerking van J.H. Leopold se poëtika in Cloete se oeuvre, nie net omdat Leopold se werk 'n bepalende rol in bogenoemde essay speel nie, ook nie net omdat Cloete so dikwels na Leopold verwys in ander literatuurwetenskaplike en literêr-historiese artikels nie, ook nie net omdat Cloete in gedigte spesifiek na Leopold verwys en selfs gedigte direk oor Leopold geskryf het nie, maar omdat die poëtikale opvattinge wat uit Leopold se oeuvre afgelei kan word, stilisties en tematies in baie gedigte in Cloete se oeuvre resoneer. Dit gaan dus in dié artikel spesifiek om die verhouding tussen Cloete en Leopold soos dit uit die gesprek tussen die gedigte self na vore kom, en daarom word daar nie uitvoerig ingegaan op die literêr-historiese en teoretiese aspekte van die verband tussen die digters nie.

2. Cloete en die Nederlandse digkuns

Vooraf moet dit duidelik gestel word dat Leopold nie as dié of die enigste belangrike invloed op Cloete se digterskap beskou kan word nie. Cloete is by uitstek 'n digter wat met ander digters en hulle poëtikale opvattinge in gesprek tree en wat deurlopend oor filosofiese en teoretiese aspekte van die digkuns en die digterlike praktyk nadink.⁴ In talle gedigte kom die name van ander digters uit verskillende tale voor: Daar is velerlei verwysings, van direk tot uiters subtiel, na gedigte en ander literêre werke in titels, subtitels en in die gedigte self. Hierdie teoretiese en filosofiese interesse blyk uit essays en geskrifte wat tot onlangs uit Cloete se pen verskyn het.⁵ Dit is egter wel so dat Leopold duidelik aantoonbaar deurlopend 'n gespreksgenoot in Cloete se oeuvre is, en verskillende literêre studies verwys ook na hierdie besondere verhouding met Leopold as digter en met Leopold se poëtikale bemoënis in gedigte en in ander geskrifte (vergelyk onder meer Hambidge, 2007; Robinson, 1998).

Cloete se belangstelling in Leopold is deel van die besondere band wat hy het met die Nederlandse digkuns in die algemeen. In die bundel *Idiolek*, in 'n afdeling met die

titel “transkripsie”, verskyn daar ’n gedig met die titel “Leopold” (Cloete, 1986: 63) wat verder aan in hierdie artikel van nader beskou sal word. In dieselfde afdeling in *Idiolek* is daar ook gedigte met die volgende titels: “Hooft”, “Nijhoff”, “Leipoldt” en “Ballade van die digter”, met as subtitel “Werumeus Buning” (Cloete, 1986: 62-67). In sy onderrig van die Afrikaanse en Nederlandse literatuur, tydens die verblyf in Nederland vir sy doktorale studie (1949-1953) en twee latere uitgebreide navorsingsbesoeke aan Nederland (in 1963 en 1973) het Cloete vanselfsprekend deeglik vertrouwd geraak met die Nederlandse literatuur. Dit is daarom vanselfsprekend dat, net soos die Afrikaanse literatuur, die Nederlandse literatuur vir hom ’n natuurlike leerskool en verwysingsveld sou wees.⁶ Hierdie stelling word gerugsteun deur talle gedigte en verwysings in gedigte wat die Nederlandse literatuur en spesifieke Nederlandse digters en skrywers betrek. Ek verwys na enkele voorbeelde.

In *Angelliera* (1980: 72) is daar die gedig “Voorskrif” waarin die digter wenke gee vir ’n eenvoudige, gesonde lewe. Hy eindig die gedig met ’n driereëlige strofe waarin ’n speelse verwysing na Boutens vervat is:

wees anoniem verag roem en smaad
 wat nie van Jan Rap kom nie sê Boutens
 kom van sy maat

Die gedig “Harba lori fa” in *Angelliera* (Cloete, 1980: 11), waarin die digter die vreugdes van gesinsliefde beskryf, het een van Cloete se bekendste gedigte geword. Die titel verwys na die Middeleeuse gedig “Eens meinsmorgens vroe” van Jan I, hertog van Brabant (1254-1294) (Antonissen, 1986: 56), waarin hierdie frase in die refrein voorkom. Hoewel daar verskil van mening oor die presiese herkoms en betekenis van die frase bestaan en daar meermale aangeneem word dat dit eintlik niks beteken nie en gewoon ’n refrein van mooi klanke is, is daar ook die opvatting dat dit afgelei is van “l’herbe fait des fleurs” (“herba flors fa”) wat beteken “het kruid staat in bloei” (die gras skiet vol blomme/die boom staan in bloei) (Strydom en Ohlhoff, 1985: 69). Daar is ook die verklaring van Van den Boogaard (Strydom en Ohlhoff, 1985: 69) wat die frase vertaal as “die oggend het vir hulle [die geliefdes] gekom”, wat die gedig eksplisiet binne die hoofse minneliriek plaas. In Cloete se gedig word sy vrou en kinders se name klankmatig vervorm en vermeng met plantname, en die digter sien sy vrou en kinders as ’n veld of tuin vol blommende plante en bome. Die refrein word gebruik op ’n manier wat al die betekenis wat hierbo gegee is, assosiatief betrek: Dit het te make met die bome wat bloei (soos die jong olyfboomplante van Psalm 128) sowel as die nuwe groei en blomme van allerlei plante, maar aan die basis daarvan staan die geliefdes uit wie se liefde die kinders as nuwe bloei voortgekom het. Die toekomst van die geliefdes, die nuwe dag, bestaan egter nie net vir die geliefdes self nie, wel en sekerlik ja, maar die geliefdes leef voort in hulle kinders.

Daar is ’n soort gemaklikheid in hierdie verwysings na ou en nuwe Nederlandse

tekste wat spreek van die digter se vertrouwdheid met die aard, herkoms en konteks van die verwysings. Dieselfde geld die bekende herdigting, oftewel herbenutting van die struktuur en basiese gedagtegang, van Nijhoff se “Impasse” (Cloete, 1982: 23)⁷ en ook die gedig wat op “Impasse” volg in die bundel *Jukstaposisie*, wat die reël, “... vangt de fluitketel te fluiten aan” uit “Impasse” as subtitel gebruik. Die bundel *Allotroop* (Cloete, 1985: 139) word afgesluit met ’n improvisasie op die bekende reël uit Achterberg: “met dit gedicht vervalt het vorige niet”.

Cloete se Nederlandse verwysingsraamwerk sluit ook die kulturele erfgoed van Nederland in, byvoorbeeld in gedigte soos “Vroue van Vermeer” en “Ou man Van Gogh” in *Driepas* (Cloete, 1989: 38, 128). In “Vroue van Vermeer” word daar ’n diepsinnige interpretasie gemaak van tipiese eienskappe van Vermeer se skilderye, spesifiek die interieurs waarin vroufigure voorkom, en opmerklik word daar ook hier op die tiperende eienskappe van Vermeer se werk as skilder gewys. Cloete stel duidelik intens belang in die tegniek en die vakkundige implikasies van kreatiewe prosesse, meer as in die blote inhoud van die kunswerk wat hy as objek vir sy gedig neem. “Ou man Van Gogh” verwys na die skildery van Van Gogh met die titel “Zittende man (het hoofd steunend op de vuisten) op de drempel van de eeuwigheid”, soms ook genoem “Oude man met smart”, ’n olieverskildery van 1890 wat gebaseer is op ’n gelyknamige litografie uit 1882.⁸ Hierdie skildery van ’n ou man in ’n staat van wanhoop is voltooi twee maande voor Van Gogh se dood. Cloete se gedig gaan interpretatief met die skildery om en suggereer dat ’n werklik intense belewenis soos die diep terneergedruktheid van die ou man in die skildery, liggaamlik sowel as geestelik van aard is en dat dit is wat die skilder vasvang in sy skildery.

Twee laaste voorbeelde is twee gedigte uit die bundel *onversadig* (Cloete, 2011). In “ontkenning van Boutens, Goede Dood” (Cloete, 2011: 72) dig Cloete téén Boutens in, en waar Boutens die wete van die dood as ’n singewende roepstem beskou, is hierdie mooi belofte van die dood vir Cloete “’n gruwelike leuen”.⁹ In “’n wiegelied vir alle kinders” (Cloete, 2011: 80) word die refrein uit die gedig “ons ghenaket die avontstar” (Antonissen, 1986: 82) gebruik om die universaliteit van die liefde waarmee ’n baba vertroetel word, ongeag die status en die plek van sy geboorte, uit te beeld:

Of ’n kind gebore word in Groote Schuur
 of op ’n vloermat onder dakgate en gate in die muur,
 in Baragwanath, die liefde vou ’n kind in ’n wiegie toe,
 susa ninna susa noe.

Die refrein “susa ninna susa noe” kom uit hierdie baie ou gedig en leef in talle herhalings en improvisasies voort. Waar die gedig inhoudelik daarna verwys dat die liefde vir ’n nuwe baba oral dieselfde koesterende aard vertoon, toon die tydloosheid van die refrein aan dat die vreugde en liefde by ’n geboorte nie net plek nie, maar ook tyd oorskry. Alle moeders uit alle tye sing sussende liedjies vir hulle nuwe babas. Die

refrein werk dus ikonies en bewerkstellig deur die blote aanwesigheid daarvan in die gedig die transendering van tyd. Die subtitel van die gedig "(D.J. Opperman en J.H. Leopold sing saam op die agtergrond)" verwys na die gedig "Kersliedjie" van Opperman (1987: 195),¹⁰ waarin die geboorteverhaal van Christus verplaas word na Distrik Ses en 'n eksplisiet Suid- Afrikaanse sfeer, en na Leopold se gedig "Kersliedjie", een van die "Zes Christusverse" (Leopold, 1951: 12). In beide gedigte word die geboorteverhaal van Christus so vertel dat dit plek en kultuur oorskry, wat ook is wat die digter van " 'n wiegelië vir alle kinders" wil illustreer, en hy doen dit nie deur dit te sê nie, maar deur die plekke van geboortes uit te beeld en deur die refrein te toon dat hierdie liefdevolle ontvangs van kinders ook geld vir alle tye:

Laat de luiken geloken zijn
wiege wiegele weine
en de stilte onverbroken zijn
wiege wiegele wee.

Dit blyk dus dat die talle verwysings na Nederlandse digters en poëtikas in Cloete se teoretiese werk en in sy eie verse nie net napastry of vertoon is nie, maar dat hy inderdaad met hierdie kunstenaars en hulle poëtikale opvattinge vertrou is en dat hy 'n lewenslange gesprek met skrywers en idees uit die Nederlande voer. Nie net in "J.H. Leopold en die dromende denke" (Cloete, 1959) nie, maar ook in *Wat is literatuur?* (Cloete, 1984) is die hele betoog deurtrek van verwysings en toeligting uit die Nederlandse literatuur, veral waar dit by die voorbeelde kom. Name wat meermale voorkom is Kloos, Gorter (veral *Mei* word telkens betrek), Marsman, Nijhoff, Henriëtte Roland-Holst-Van der Schalk, Revijs, Cats en Vondel, maar die naam wat wel die sterkste figureer in beide publikasies is dié van J.H. Leopold.

3. T.T. Cloete en J.H. Leopold

Die belangrikste aspekte van Leopold¹¹ se digterlike opvattinge en praktyk wat Cloete onderskryf en in sy eie digterlike praktyk beoefen, is die onverklaarbare onwillekeurigheid van die ontstaan van 'n gedig, die ontwikkeling van 'n gedagte wat soos 'n droom sy eie loop neem. Verder is daar die idee dat die gedig van homself en sy eie ontwikkeling as gedig bewus is en dit in sy vorm weerspieël. Dit lei beide Leopold en Cloete daartoe om die eenheid en samehang van poëtiese inhoud en vorm as essensieel tot die poësie te beskou. Cloete beskryf daarom die gedig as 'n teks waarin die multivalente semantiese inhoud optimaal geaktualiseer word juis deurdat die poëtiese teks self op die voorgrond kom staan en aandag afdwing, nie ter wille van homself nie, maar ter wille van die kommunikasie (Cloete, 1959). Hierdie siening sluit natuurlik aan by die heersende literatuurbeskouing van die tyd van publikasie van Cloete se essay oor die dromende denke, naamlik 1959 toe die teksimmanente benadering tot die literatuur en

die literatuurstudie oraloor nog in volle swang was. Hierdie literatuurbeskouing spreek ook nog gedeeltelik mee in *Wat is literatuur?* uit 1984 as Cloete hom beroep op onder meer Kant se “belangelose welgevalle” (Cloete, 1984: 28), Ezra Pound se terme “logopoeia” (wat verwys na taal wat spesifiek met meerdere betekenis toebedeel is), “phanopoeia” (wat verwys na die beeldrykheid van literêre taal) en melopoeia (verwysende na die klankrykheid van literêre taal). Cloete (1984: 32) haal Heidegger soos volg aan om saam te praat oor die doelbewuste en gemanipuleerde taal van die literatuur:

Zwar gebraucht auch der Dichter das Wort, aber nicht so wie die gewöhnlich Redenden und Schreibenden die Worte verbrauchen müssen, sondern so, dass das Wort erst wahrhaft ein Wort wird und bleibt.

’n Mens kan in hierdie twee teoretiese stukke van Cloete die uitwerking (in 1959) en nawerking (in 1984) van die teksimmanente benadering van die New Criticism (Pound, Beardsley en Brooks), die Russiese Formalisme en die Deutsche werkimmanente Methode (Kayser en Ingarden) raaksien, maar daarby kom ook dat Cloete Mukařovský se siening van de-automatisering kwalifiseer deur te beklemtoon dat die de-automatisering en literariteit nie alleen die kommunikasie van die gedig bepaal nie, want vir Cloete moet die gedig uit sy eie kokon breek om te kan kommunikeer (Cloete, 1984: 33). Hoewel ’n literatuurbeskouing wel uit die teoretiese stukke afgelei kan word, moet mens hierdie sienings van Cloete ook binne die tydsraamwerk waarbinne dit geskryf is, plaas en verstaan. Dit gaan in beide stukke verder nie daarom dat ’n teksgerigte benadering tot die literatuur verduidelik of gepropageer word nie, want die klem val op poëtikale uitsprake van skrywers om daaruit afleidings te kan maak oor hoe digters werk en dink en hoe hierdie kennis daartoe kan lei om insig in kreatiewe prosesse en in die poësie as verskynsel te verkry. Cloete word dan ook deurgaans deur dáárdie eienskappe van die literatuur geboei wat juis tydgebonde sieninge oorskry, wat skynbaar tydloos is in die wyse waarop hulle steeds aanspraak maak op lesers (vergelyk Cloete, 2007).

Daar kan waarskynlik ook indirek ’n verband gelê word tussen die literêre beskouings van die laat vyftigerjare in Suid-Afrika en Leopold se digterlike styl as ’n mens besprekings van Leopold se posisie in die Nederlandse literatuur in ag neem. Leopold debuteer in 1893 en sy werk bring vernuwing ná die “stemminge”, die verheerliking van die kunstenaar se verhewe passie en die ideaal van die “kuns ter wille van die kuns” van Kloos en die Tagtigers. Sy werk is ook veel meer konkreet as die sensitivisme van Boutens (Van Halsema, 1998: 523). Leopold was egter nie ’n digter wat heeltemal gemaklik binne ’n bepaalde stroming vasgevang kan word nie. Volgens Dorleijn (1998: 631) was daar ’n “indrukwekkende” lys vooraanstaande tydgenootlike en latere skrywers wat Leopold, bekend as die klassikus uit Rotterdam, se werk aangeprys het, insluitend Kloos, Gorter, Boutens, P.N. van Eyck, A. Roland Holst, Bloem en Nijhoff. Leopold se uniekheid as digter word ook geïllustreer in die beskrywing wat Dorleijn (1998: 630) gee van die erbetoon wat Leopold ontvang met sy sestigste verjaarsdag

in 1925: “in 1925 leek Leopolds naam opeens op de lippen van heel smaakmakend Nederland te liggen”. Leopold se werk was vir die jong avant-gardistiese modernistiese digters van die twintigs hoogs aanvaarbaar, al het dit grootliks van hulle eie styl verskil. Meer nog, volgens Dorleijn (1998: 631) is Leopold nie net bewonder en geloof nie, maar inderdaad nagevolg. Marsman het selfs in ’n gedig met die titel “Leopold” die volgende loftuiting uitgespreek:

zoo’ voormaals God een jonge wereld riep
– een duister vocht tot grootsch kristal gestol –
die in de lendenen der chaos sliep,
zoo déze Leopold,
die Cheops
schiep.

Hieruit, uit die tydgenootlike literêre verskynsels van die vroeë twintigste eeu in Nederland en Wes-Europa in die algemeen en uit die mening van die jong modernistiese digters in Nederlands, kan ’n mens aflei dat Leopold se digkuns heeltemal gemaklik met die opvatting van die teksimmanente beskouings versoen kan word. Sy werk sluit dan ook aan by die modernistiese poësie wat deur die sterk manifestasie as ’n literêre stroming in die eerste dertig jaar van die twintigste eeu die toon aangegee het en tot minstens in die begin van die tweede helfte van die twintigste eeu as maatstaf vir die poësie sou geld (vergelyk Du Plooy, 1995).

Dit moet hier duidelik gestel word dat hierdie artikel nie primêr oor literêr-historiese plasing of die uitdieping van teoretiese benaderinge gaan nie, maar eerder wil wys hoe hoog Cloete in sy teoretiese werk en in sy eie kreatiewe werk die poëtikale uitsprake van ander digters, en veral van Leopold, ag. Hierdie poëtikale uitsprake hou vanselfsprekend verband met die historiese strominge waarbinne die digters gewerk het en werk, maar die klemplasing verskil, veral as ’n digter se poëtika in verband gebring word met sy digterlike praktyk.

Wat egter ook duidelik blyk uit die pogings om Leopold literêr-histories te plaas, en veral uit Cloete se ondersoek van Leopold se oeuvre in die artikel waaroor dit hier gaan, is dat hierdie digter, ten spyte van aansluiting by bepaalde strominge, gesien kan word as een van daardie digters wat “buite tyd” lê sodat sy statuur nie gebonde is aan sy posisie binne ’n literêre groep of stroming nie. Cloete bevind hom dus in 1959 en vandag nog in goeie geselskap as hy bemoeienis maak met Leopold se poëtikale opvattinge en digpraktyk.¹² Dit is ook belangrik om te onderskei tussen die prinsipiële standpunte uit Leopold se werk wat Cloete bewonder en aanprys en as aanleiding tot ’n poëtikale gesprek gebruik en die inhoudelike meer tydgebonde tematiese en tegniese aspekte van die oeuvres van beide digters. Wanneer Cloete 21 jaar ná 1959 debuteer, word sy werk as vernuwend binne die Afrikaanse literatuur beskou en word sy gedigte vir hulle tematiese en tegniese eiesoortigheid aangeprys (Pretorius, 1998: 339-340;

Viljoen en Wolfaardt- Gräbe, 2009: 505-506). Hoewel Cloete teksgerig noukeurig met sy verse omgaan, is sy werk tematies uitwaaiend, en die inherente intertekstualiteit gee aan die oeuvre as geheel 'n sterk postmodernistiese kleur.¹³

Vanselfsprekend is nie al Cloete se gedigte in verband te bring met Leopold se gedigte of opvattinge nie, maar Cloete is wel in so 'n mate geboei deur Leopold se werk en idees dat dit in van sy gedigte bly resoneer, asook in sy akademiese werk. Die gedig waarin Leopold direk deur die titel aangedui word, naamlik “Leopold” in *Idiolek* (Cloete, 1986: 63), is dan ook 'n metapoëtiese gedig wat met Leopold in gesprek tree, nie deur direkte verwysing nie, maar deur indirek en op 'n subtiële manier 'n gedig van Leopold sowel as sy poëtikale opvattinge te herdig en so 'n intertekstuele gesprek aan te stig. Leopold se idee van die dromende denke as beide die aanleiding tot die gedig en die dryfkrag wat as transformerende agent tot die verwerkliking van die gedig lei, is die intertekstuele agtergrond van Cloete se gedig en stel hom in staat om 'n eie poëtikale stelling te maak:

Leopold

die ligte
 en die vergesigte
 van hemel en aarde die swart
 van die grond en stralende wolke verward
 bewegende mense strome
 water ploë ou bome
 voor ou huise die verkeer
 op die paaie die weer en onweer
 die ganse heeal
 is daar ter wille van 'n taalkristal

In die gedig gaan dit daaroor dat van alles wat bestaan, ongeag die aard of plek of waarde daarvan, poësie gemaak kan word. Trouens, die dinge “is daar ter wille van 'n taalkristal” en uit hierdie stelling kan bepaalde afleidings gemaak word. Dit gaan nie net daaroor dat die digter uit alles wat bestaan poësie kan maak nie, maar ook en veral word daar in die gedig geïmpliseer dat die dinge tot bestaan kom onder 'n blik wat die essensie daarvan uitlig. Daar word waargeneem met 'n blik wat nie bloot registreer nie, maar wat soekende en “dromend” na die dinge kyk sodat hulle kan “kristalliseer”. Die objekte van die proses is nie beperk nie: Dit kan abstrak en onkenbaar wees soos die “ligte en die vergesigte”, dit kan hemels of aards wees, dit kan mense of waterstrome of selfs 'n praktiese ding soos 'n ploeg wees. Ou bome voor ou huise kan sekerlik verhale van die verlede oproep en kan dus 'n verbeeldingsvlug ontlok, maar ook oor die pragmatiese dinge soos die verkeer en die paaie kan nagedink en gedig word. Al die dinge is, maar hulle word sinvol deur 'n spesifieke soort belewenis en veral deur die materiële of gekonkretiseerde representasie daarvan in die gedig.

Die waarneming word dus getransformeer deur besinning en intuïtiewe invoeling en dit lei tot 'n proses van gestaltegewing waarvan die resultaat 'n "taalkristal" is. Hier word in praktyk gestel wat Cloete (1984: 11) in *Wat is literatuur?* skryf:

Die argument is dat dit wat iets tot 'n kunswerk maak [...] nie in die objek self geleë is nie, maar in die manier waarop daarmee omgegaan word.

Die gedig illustreer hoe die verskillende poëtiese middele saamwerk. Ten spyte van 'n baie onreëlmatige versvorm, met kort en lang reëls en frases wat deur "oop plekke" geskei word, vertoon die gedig 'n reëlmatige rympatroon van paarsgewyse rymende reëls, "ligte" en "vergesigte", "swart" en "verward", "strome" en "bome, "verkeer" en "onweer", "heelal" en "taalkristal". Waar die strofevorm dus uitwaai en verstrooi (soos ook die gedagte-inhoud van die gedig beweer dat alle verstrooide dinge in die gedig bymekaargebring kan word), werk die rym samebindend, en die kontras tussen hierdie twee kragte van uitwaaiing en binding bewerkstellig spanning in die versreëls. Die rym is nie opvallend nie, want dit word verdoesels deur die wisselende verslengtes en ook deur die enjambemente. Sintakties-tipografies word frases deur die versreëlsekeidings onderbreek, maar die versreëlbreuk word ook gerelativeer omdat die leser die frase wil voltooi. Die oog gly dus in die enjambement oor die versreël se einde en die rymklank heen. Die rymwoorde word só verskuil maar bly wel werkzaam deur die klankbindinge wat hulle daarstel sonder om as sodanig te opvallend te raak. Verder word die vers ook deur diffuse klankverspreiding gebind, in reëls en ook in die vers as geheel. In reëls 3 en 4 word die *a*-klank en die *aa*-klank herhaal in "aard", "swart", "stralende" en "verward", en in die laaste twee reëls is hierdie klanke weer eens prominent in "ganse heelal", "daar", "van" en "taalkristal".

Daar is dus klankmatige herhalings en, wat ek net kan beskryf as klankmatige ritmes, wat op 'n subtiële vlak meewerk om die gedig tot 'n samehangende eenheid te bind. Dit is dan ook die kernwoorde in die konseptuele inhoud van die gedig wat telkens in die rymposisie te staan kom.

Dit is vir my egter ook duidelik dat die tegniek nie net as sodanig die inhoud van die gedig dra en vooropstel nie, maar dat dit ook 'n poëtika illustreer, naamlik dat 'n samehang tussen uiteenlopende dinge gevind en hier in die gedig sigbaar gemaak word. In *Wat is literatuur?* skryf Cloete (1984: 22):

'n Belangrike eienaardigheid van die literatuur is sy sogenaamde totale of saamgestelde kommunikasie, dit wil sê: alle samestellende elemente in die literêre werk kommunikeer op 'n geïntegreerde manier; hulle praat almal saam, almal sê saam dieselfde sê.

Wat die gedig "Leopold" beweer, is nie net dat van alle dinge poësie gemaak kan word nie, maar ook dat die gedig in sy materialiteit en sintuiglike waarneembaarheid 'n taalkristal maak en is. Dit stem merkwaardig ooreen met Leopold se beskrywing

van die aanleiding tot en dryfkrag in die poëtiese proses in “Oinou hena stalagmon” (Leopold, 1951: 118):¹⁴

deze ijver,
dit innerlijk bedrijf, verzinnelijk
als een beweging, deze denkenpolsslag,
naar welke verten mag hij zijn getogen
en tot in welke streken loopt hij uit
zich zelf vervolgende?

Cloete se gedig “Leopold” sluit egter inhoudelik direk aan by die gedig “Regen” van Leopold (1951: 83). In Leopold se gedig gaan dit oor die reën wat verbygetrek het sodat “de opgestapelde, rond-/gewelfde wolken” op die horison lê en die lug se “kille blaww” asof gladgespan oorbly. Teen die ruit bewe ’n druppel water “in het kille licht”, en alles, “de blinking en het vergezicht,/van hemel en van aarde, akkerswart,/stralende waters [...] het verward/beweeg van menschen [...] de oude boomen/voor huis en hof”, weerkaats trillend in die druppel. Die gedig sluit so af:

[...] en over hen de glans
der daggeboort, de diepe hemeltrans
met schitterzon, wereld en ruim heelal:
het is bevat in dit klein trilkristal.

Cloete gee openlik erkenning aan Leopold met die titel van sy gedig en hy gebruik elemente uit Leopold se vers vir sy eie poëtiese stelling. Die vorm en die formaat van die gedigte verskil radikaal, maar daar is in albei verwysings na die lig en vergesig, die hemel en die aarde, die verward bewegende mense en gewone dinge. Cloete herdig en herdroom die inhoud van Leopold se gedig tot ’n nuwe gedig met ’n gans ander vorm en formaat en ander poëtiese middele waarin die fisiese werklikhede van die Suid-Afrikaanse landskap ook herkenbaar is. Die mooiste element in die spel wat Cloete met Leopold aangaan, is egter dat in albei gedigte daar na iets verwys word waarin alles, eintlik die heelal, saamgetrek word. By Leopold is dit in die “trilkristal” van die waterdruppel waarin alles bevat word, waarskynlik sowel ’n verwysing na die fisiese weerkaatsing van werklikheidsdinge in die waterdruppel, maar sekerlik ook ’n suggestie van die werking van die gedig self. Dit is trouens hoe Dorleijn (1998: 635) die “klein trilkristal” lees. Cloete speel nie net met Leopold se gedagtes nie maar inderdaad ook met hierdie woord en hy neem die metaforiese implikasies van “trilkristal” verder. Leopold se “trilkristal” word by Cloete “taalkristal” en dit is inderdaad die gedig as sodanig wat alles omvat en kan omvat. Die gedig is taal in gekristalliseerde vorm en vandaar die taalkristal. Cloete verwys nie bloot na Leopold se gedig nie; hy skryf hier nie téén Leopold in nie, hy praat en droom saam met

Leopold asof hy as gespreksgeenoot 'n ander patroon en ander moontlikhede in dieselfde gegewens sien.

Dit is nie nodig om Leopold se gedig te ken om Cloete se gedig te verstaan nie, maar vir die fynproewer is hierdie soort intertekstuele spel, hierdie herhaling met variasie, boeiend. Dit is vir my ook 'n illustrasie van 'n eienskap van Cloete se digterskap wat nie altyd goed verstaan word nie. Dit gaan vir hom naamlik altyd óók om die avontuur van die taal. Die herdromingsproses is 'n *taal*proses en die vreugde lê nie net in die gedagte nie, maar in die taal en die spel met die taal self, in wat die taal kan doen en wat die toegifte is wat in die taal ontdek kan word. Hierdie spel van permutasies en kaleidoskopiese herdigtings is 'n eidelose spel wat miskien tipies van die ware taalkunstenaar is – die een wat hom eindeloos en by herhaling verlustig in wat die taal aan nuwe vorms en patrone en wisselinge aanbied, ongeag, of dalk juis ter wille van, nuwe betekenis. Cloete skryf dus inderdaad onder meer ter wille van die loutere vreugde van die taalspel, in Hambidge (2007) se woorde van “teks na teks, eerder as van teks wat soek na die ‘heilige’ waarheid”.

4. Die dromende denke

In die essay “J.H. Leopold oor die dromende denke” (Cloete, 1959: 91-117) beskryf Cloete Leopold se poëtikale praktyk aan die hand van sewe hoofpunte, maar ek wil vervolgens aantoon dat vir elke poëtikale gedagte van Leopold wat die kern van 'n afdeling van die essay vorm, daar gedigte van Cloete gevind kan word wat daardie gedagte in praktyk bring.

4.1 “*Musical Thought, Wahnwitz, droomend denken*”

Onder hierdie opskrif behandel Cloete Leopold se opvatting van die dromende denke en daar word ook die meeste aandag aan hierdie hoofpunt bestee. In Cloete se kopie van *J.H. Leopold: Verzameld werk II* (Leopold, 1952: 78) is daar by een van die vroeë gedigte die volgende opmerking geskryf: “Van h/die gedig af direk 'n baie groot verskil met al die voriges.”¹⁵

Dit is dan ook dieselfde gedig wat Cloete aanhaal aan die begin van die essay oor die dromende denke:

ER komt mij in den zin onder dit woelen,
onder de menschen, dom, eentonig, onder
de zwoele drukte komt mij in den zin

Een eenzame gedachte, opkomend langzaam
evend en dan aanzwellend totdat al
mijn ziel vervult een eenzame gedachte

Aan een bleek meisjeshoofd, in koele stilte
gebed; – nog niet ontwijde bloemen liggen
bewaasd, bedauwd om een bleek meisjeshoofd.

Cloete (1959: 91-92) toon aan dat die gedig eintlik handel oor die ontplooiende gedagte, dit wil sê oor die denkproses voorafgaande aan die gedig. Slegs in die laaste strofe word daar na die inhoud van die gedagte verwys. Die eintlike onderwerp van die gedig is dus volgens Cloete die “ontplooingsgedrag” van die denke. Hy verwys na Schiller wat in 1788 in ’n brief geskryf het dat ’n gedagte op sigself onbelangrik is totdat dit in ’n gedig uit sy isolasie breek en verbande aangaan met ander gedagtes. Schiller praat dan van die negatiewe uitwerking van ’n te sterk verstandelike dwang op en oor die verbeelding, en Cloete interpreteer hierdie uitsprake as verwysende na die behoefte van die gedagte aan ’n bepaalde gepaste vorm voordat dit ’n estetiese kwaliteit kan verkry, voordat dit ’n gedig kan word.

In “De molen” praat die digter Leopold (1951: 79) oor die “afgetreden weg” en die “altijd nieuw geploegde voor” wat wag op vervulling van die saad wat daarin gestort moet word. Hy verwys ook na die “leeg latwerk” van die wieke van die meul wat hy vergelyk met “een web verward/met open gaten en flard bij flard,/een ruigte, die bind en samenhoudt”. Cloete interpreteer die gedig poëtikaal en sien die ploegvoor en die leë latwerk as die “pre-eksisterende vorm” waarin die gedagtes gestort word: “die digterlike denke, wat so eenaardig ontwikkel, word deur Leopold hier genoem ’n ‘droomend denken’, en hierdie dromende denke, sê hy, word enersyds ‘geledig’ deur die vorm en andersyds weer onuitputlik daardeur ‘aangevul’ ” (Cloete, 1959: 98). Die gedig kom dus tot stand deur ’n bepaalde manier van dink wat nader aan die droom lê as aan nugtere wetenskaplike denke en waarin ritme en klank, musikaliteit en unieke vormlike en metaforiese patroonmatighede bepalend is. Hierdie redenasie van Leopold sluit aan by die *Traumgedanken* en *Traumdeutung* waaroor Freud dit gehad het (vergelyk Freud, 1992: 712-716). In die nierasionele kreatiewe denke is die inhoud en die vorm verbonde op ’n manier wat nie logies te verklaar is nie – die bedenkte vorm is ’n “verdichtingsbegin” waarvan Leopold (1951: 80) in “De Molen” skryf:

Zij gaan en gaan,
mijn droomend denken hecht er sich aan
onmerkelyk, tot het word bevonden
als volgde het mede in het ronde,
als werd het geledigd en afgewonden.

Cloete verwys dan na verskeie ander digters om hierdie siening te ondersteun (Cloete, 1959: 92-98) en ook na Freud se uiteensetting van “Traumgedanken” (aanvanklik beskryf in *Der Dichter und Phantasieren* in 1908) wat ’n verband lê tussen kreatiewe denke en wakende drome. Dit gaan nie om slaap nie, maar om ’n wakende dromende

denkproses waarin 'n objek of omstandigheid of gebeurtenis herbedink word en in 'n getransformeerde vorm in die psige van die kreatiewe mens verskyn.¹⁶ Die droom vervang gedagtes deur beelde, wat dan in 'n kreatief wakende dromende denkproses konkrete talige vorm kry in die geval van 'n gedig. Die redenasie en voorbeelde lei telkens na die uiteindelijke formele en vormlike representasie van die gedagtes, deur Freud beskryf as “die ganze Fülle der formalen Darstellungsmittel des Traumes für die logische Relationen der Traumgedanken” (Cloete, 1959: 96).

Hierdie gedagte, dat 'n gewone saak deur kreatiewe/dromende denke omvorm word tot 'n unieke beeld, kan gesien word as een manier om metafore te beskryf of te verklaar, maar die spesifieke vorm en formaat waarin 'n bepaalde digter die werklikheid dromend herskep, is waarmee letterkundiges hulle besighou. In die gedig “Correspondances”¹⁷ in *Angelliera* (Cloete, 1980: 41) word gelaatstrekke en eienskappe van 'n vrou beskryf in terme van korrespondensies, maar dan daardie korrespondensies wat in die digter se gees ontstaan.

Spesifiek vir hom het “Wimpers en wenkbrou... iets van 'n vlerk”, die oog “iets van 'n vrug” en die neus van 'n vrou “iets hermafrodiets”. Hierdie blik sien dan ook die meervoudigheid van moontlikhede wat die mond inhou, dit “wel en swel/wil breek tot blom of 'n wond”, en uiteindelik sien hy in die vrou 'n “maling” van onsekerhede, soos “wolke bo 'n afgrond”.

Van hierdie getransformeerde bedroomde hervoorsellings van natuurdinge is daar ontelbare voorbeelde in Cloete se werk. In die gedig “Môreson” in *Angelliera* is die opkomende son vir die digter “God se toweragtige verganklike/fratsappelkoos” (Cloete, 1980: 7), en in *Driepas* (Cloete, 1989: 51) hardloop die “wolk in die wind” en omvorm homself van beer tot kat tot volstruis, van hond tot skilpad en uiteindelik tot 'n “bymeekarpootperd” met “'n stomende borrelende stert”.

Soms verwys die digter egter direk na die droomproses en die dromende aspek van die poësie en kom die inspirasie inderdaad na die digter in 'n droom in die gedaante van 'n muse, 'n vrou, soos; na Paul Verlaine, ook na Cloete soos in “Die afspraak” in *Jukstaposisie* (Cloete, 1982: 71):

'n vreemde vrou in sewe variante
kom gee haar oor aan my steeds in 'n droom
in sewe gedaantes die steeds verwante
steeds sonder afspraak en steeds sonder skroom

In *Driepas* (Cloete, 1989: 34) staan die vers “Die gedig is 'n refleks” waarin die onwillekeurigheid van die gedig en sy uiteindelijke trefkrag beide beskryf word:

Die gedig is 'n refleks in 'n enkele woord
en in dié woord hoor
die oor ineen incens die teks

van die versamelde gedig
 [...]

die gedig van vreugde of pyn ontplof

uit donsklein geringhede en word

tot 'n wye stelsel uitgestort

van gloeiende asteroïede stof

In “rou waterverfkomposisie 2007” in die bundel *onversadig* (Cloete, 2011: 151) probeer die digter 'n manier vind om die beeld van die gestorwe geliefde wat in sy geheue vervaag, terug te vind, om weer kleur in die herinneringsbeelde terug te kry. In sy herinnering word alles “wit op wit en wit op wit” en hy moet pigment vind om die beelde weer in te kleur. Dit wil vir my voorkom asof die digter sy onvermoë om die gesig van die geliefde op te roep in verband bring met die psigologiese verskynsel van prosopagnosia wat verwys na die onvermoë om gesigte te herken en te onthou. Die woord kom van die Grieks *prosopon* vir gesig en *agnosia* vir vergeet¹⁸ en is 'n erkende medies-psigologiese verskynsel.

Die digter ervaar ná die dood van die geliefde die pynlike gewaarwording dat die geliefde se gesig nie op te roep is nie; dit is asof hy dit vergeet het soos iemand wat aan prosopagnosia ly. In die gedig word beskryf hoe die digter tevergeefs poog om die “uitwitting” van die geliefde se gesig teë te gaan. Hy beskryf homself as 'n skilder wat in “skildery ná skildery/soek na pigment van vleeslose pyn”. Hy is soos 'n komponis wat in “partituur/ná partituur soek na die tekstuur/en geluid van klanklose pyn”, maar smart, soos “die meeste menslikhede bly buite bereik [...] is sonder gedaante”. Die digter moet dus die werklikheid in ander gedaantes droom en deur die transformasies 'n manier probeer vind om die ervaring te kan hanteer en verwerk. Hierdie droom word die gedig, maar dit slaag nie daarin om die beeld te herstel of weer vorm daaraan te gee nie. Hy “praat onsamehangend/byna digterlik onsamehangend/in die droomsintaksis”, maar uiteindelik moet hy toegee dat hy nie daarin slaag om “'n leegte toe te maak/in ondigte geperforeerde taal” nie (en weer hoor ek hierin die saampraat met Leopold se “De molen”). Dit is ook betekenisvol dat die slotsom waartoe die digter kom daarop dui dat die samehang van die elemente, die samehang wat onder meer die gedig tot gedig maak, wat enige kunswerk tot kunswerk maak, wat die digter as 'n samehangende geheel 'n mens maak, verlore geraak het: “sy instrumente het snikkend/hulle afsonderlikkende/sinf verloor”.

Die gedig, net soos die greep op die werklikheid in die lewe, het 'n raamwerk nodig wat die onderdele bymekaar hou soos die raamwerk van die wieke in “De molen” gate het wat gevul moet word, maar wat wel as raamwerk 'n bindende struktuur verskaf. Hier word egter implisiet gesuggereer dat die gedig nie hierdie werklikheid kan heelmaak nie. Vir hierdie verlies kan die gedig nie kompenseer nie, want 'n essensiële samehang het verlore gegaan en selfs die kunswerk kan dit nie herstel nie. Hierdie bepaalde gebrokenheid gaan te diep en nogtans is die digter regdeur die gedig besig

met sowel die kreatiewe denkproses, wat potensieel helend kan wees en uiteindelik nie is nie, as die inhoudelike, naamlik die smart self, sodat die aandag by alles ook op die proses van selfbetragtende digterlike aktiwiteit val.

Die subtitel van die gedig, “en dit is wit op wit en wit op wit”, kom uit Leopold (1951: 155) se gedig “Duizend en een nacht”.¹⁹ Hiermee kom ’n hele intertekstuele spel in werking.²⁰ Cloete tree onder meer in gesprek met die progressie in Leopold se gedig wat in terme van kleur uitgebeeld word. In “Duizend en een nacht” gaan dit oor die geliefde wat eers in wit, dan in rooi en dan in swart verskyn, maar daar is in die gedig die suggestie, met die assosiasie van die verhale van die *Duisend en een Nagte* as agtergrond, dat die verhouding tussen die geliefdes beswaard en gekompliseerd is deur verwagting, teleurstelling, selfhandhawing en skuld.

By Cloete is daar herhaaldelike verwysings na die afwesigheid van kleur, die afwesigheid van vorm en die afwesigheid van samehang. Die rooi, as kleur van die dag en die lewe, is heeltemal afwesig, maar die wit van die verdwene gesig is daar en die verlangende geliefde word beskryf as ’n swart “houtschoolman” (Cloete, 2011: 152):

my waterverfskildery
se koppige kwas laat ’n houtschoolman
op sy bed lê in die nag

Sonder om op enige manier te poog om die gedigte werklik grondig te vergelyk, is dit duidelik dat na aanleiding van gedagtes uit Leopold se gedig, die spreker in Cloete se vers worstel om smart te verwerk. Enersyds gaan dit om beelde wat in sy herinnering dof en deurskynend soos waterverf word, terwyl die digter as ’n swart houtschoolskets eensaam en donker alleen agterbly. Weer eens word in die gedig ’n situasie getransformeer in ’n proses van besinning en herbesinning wat ’n droomagtige kwaliteit aanneem en in ’n “droomsintaksis” weergegee word.

By die bewustheid van die prosesse waaruit die gedig kom, is die digter egter ook gekonfronteer met die wete dat hierdie proses nie willekeurig opgeroep of aan die gang gesit kan word nie, soos Leopold (1952: 78) ook skryf in “ER komt mij in den zin onder dit woelen”. Cloete verwys in sy essay na Leopold se tipiese woordeskat wat woorde soos “ongenood”, “ongezocht”, “toevalrijk”, “onverhoeds”, “ongeweten”, “onvermoed” en “wondernieuw” insluit. Hierdie soort gedagtegang blyk duidelik uit die volgende gedigfragment (Leopold, 1951: 455):

verskunst
de hemelstormende,
de alles tartende woorden
waarbij al het bestaan, de uitkyk wankelde,
duizelen
en dit al ongewetene, afgewachte

dat in mij bovenkomt
 waarvoor ik zelf afwachting ben.

Die digter Cloete (1982: 71) se muse verskyn ook “steeds sonder afspraak en steeds sonder skroom”. In die gedig “penkop hoor meer as een stem” in *Uit die hoek van my oog* (Cloete, 1998: 68-69) word die digter uitgebeeld as een vir wie daar nie werklik ’n keuse is as dit gaan om skryf nie. Hy word daartoe “aangesê”, al is dit hoe swaar om te weet waarom om te skryf, hoe om te skryf en al bring dit blootstelling en selfs verguising mee. Die proses van digtend dink gaan onstuitbaar voort:

Steeds neem die dinge in ons vorm aan,
 steeds is daar in ons nuwe ontstaan
 as jy kaalhande skryf-skryf
 die dorings van die turksy afvryf.

Ander gedigte wat ook gesien kan word as voorbeelde van die dromende kyk is “Droomhuppel 1 en 2” (Cloete, 1989: 177-178); “Stokkiesdraai” (Cloete, 1989: 186) en ander verbeelde reise in *Driepas*; “Bidwell-spook” en “foto’s” in *Met die aarde praat* (Cloete, 1992: 27, 91); “Gomer” in *Jukstaposisie* (Cloete, 1982: 37); “Foto by die see” en “roetes op soek na jou” in *onversadig* (Cloete, 2011: 139, 145-150); en vele ander.

4.2 Die vormende denke

Cloete skryf instemmend oor Leopold se opvatting dat die gedig se vorm as’t ware vanself “opdoem”, maar desnieteenstaande nie wanordelik is nie. In “Oinou hena stalagmon” (Leopold, 1951: 117) skryf Leopold oor “die dwalende denke wat orde en eenheid in die eie gees skep” (Cloete, 1959: 99) vir die digter:

En nu, wat in mij is, deze gedachten, dit
 stille zich verbinden, wisselend tusschen
 bij onbekommerd dwalen gaan een
 toevalrijk ontmoeten en den drang naar
 een verlangde andere, die vóór-
 stond en ontzweefde, dan met groter klem
 gezocht en onverhoeds gevonden werd
 in effenend versmelten; deze ijver,
 dit innerlijk bedrijf, verzinnelijkt
 als een beweging, deze denkenpolsslag,
 naar welke verten mag hij zijn getogen
 en tot in welke streken loopt hij uit
 zich zelf vervolgende?

Soortgelyke gedagtes kom in baie Cloete-verse voor en dit word in die sterkste vorm sigbaar in die ikoniese gedigte waar die medebetekening van vorm en inhoud volledig versmelt. In “Skouspel 1” in *Jukstaposisie* (Cloete, 1982: 12) en in “Silhoeët van Beatrice” in *Idiolek* (Cloete, 1986: 51) maak Cloete van ’n uitsonderlike tegniek gebruik deurdat hy die buitelyne van die objek van die gedig, respektiewelik die springbok en Beatrice, beskryf en dus ’n lyntekening deur middel van woorde beskryf en “natrek”. Op dié wyse kom daar ’n dubbele of uitgestelde proses van betekening tot stand.²¹ In die gedig “jammer” in *Uit die hoek van my oog* (Cloete, 1998: 23) word die spreker in die gedig in die slotstrofe beskryf soos wat hy in ’n fetale posisie lê, en die gedig se vorm vertoon dieselfde kurwe van so ’n geboë rug, asook die vorm van ’n vraagteken. Die gedig gaan oor die digter se onvermoë om lyding te begryp en sy besef dat hy altyd en onvermydelik daaraan blootstaan. Sy vrae sal onbeantwoord bly en uiteindelik sal dit met hom “afreken” soos ’n “vraagteken”:

so, van my vooroorgevalle kranige kruin af deur my nek
 en geboë skouers en rug tot by die hak geteken
 soos ’n fetus het ’n vraagteken
 met my afgereken.

In al Cloete se gedigte is hy uiters bewus van vorme en patrone, van die struktuur van die inhoudelik dinge waaroor die gedigte handel, maar dan ook van die gedig self. In “die siermotiewe van die dansende smerige vlieg” in *onversadig* (Cloete, 2011: 99) word beskryf hoe die vlieg “bollemakiesieballet”, hoe hy soos ’n gimnas en soos ’n akrobaat rondvlieg, driehoek “weef”, ’n G-sleutel “skryf”, ’n dollarteken, ’n strikdas, ’n pondteken en ’n ampersand. Net soos in die vorms van die vlieg se vlug, sien die digter ook die patrone van die najaar “vlek op vlek/kleurryk geknyp/aspek vir aspek” in “Bont begryp” in *Jukstaposisie* (Cloete, 1982: 49). Hierdie patroonbewustheid is ook ’n vorm van die dromende her-denking van ervaring, ’n Pragtige voorbeeld van hoe patroon in patroon werkzaam is, kom voor in die gedig “Stilhuil” (Cloete, 2011: 23), waarin die ervaring van smart as ’n weerligskok voorgestel word. Die herdroomde beeld van die belewenis sien die smart as ’n boomstruktuur van pyn, en hierdie patroon word die hoogtepunt van die estetiese representasie in die gedig:

Stilhuil laat in die boom van jou are
 deur jou lyf ragfyn strak
 staande ’n gloeiende gestolde weerlig vertak

4.3 Die dromende denke se bewondering vir sy eie vorm

Cloete gebruik ook die gedig “Oinou hena stalagmon” om te illustreer dat Leopold van mening was dat die dromende denke sigself ontlok en volg, hulle is “zich zelf

vervolgende”. Die digter droom en dink dus reeds in poëtiese vorm, en Cloete verduidelik “dat die dwalende denke nie alleen *in* ’n bepaalde wetmatigheid dink nie, maar ook dat hy sonder onderbreking steeds *aan* sy eie wetmatigheid dink” (Cloete, 1959: 104). Die vormbewustheid in Cloete se werk toon dat hy die gedagte van die selfbewussyn van die gedig onderskryf en beoefen. Daar is byvoorbeeld sy voorkeur vir meer of minder verborge rym en ander klankpatrone, treffende gedigte waarin die versvorm betekenisvol is, soos hierbo aangetoon. Cloete gebruik selde heeltemal vaste versvorme, maar die versvorm en die gedig se betekenis is egter altyd op mekaar afgestem. In ’n gedig soos “Wie, Moses?” (Cloete, 1998: 87) kom die vrae wat die gedig se progressie dra in reëls en strofes van wisselende lengte, waar elke strofe op ’n bepaalde soort tema gerig is en met ’n byna aforistiese vraag of stelling afsluit. Daar is ’n soort speelsheid in die gedig wat met ’n ongewone, maar wel duidelik merkbare, ritme ontwikkel:

Wie het die duiwelse duwweltjie so slim ontwerp:
hoe hy ook al lê, hy is skerp.

Wie het die eierdop geleer
om te ventileer?

...

en die talle besonderhede in so ’n te veel
dat my oog breek en in stafies verdeel
360 grade skeel.

4.4 *Vrouefigure in Leopold se gedigte*

Cloete stel dat Leopold dikwels vrouefigure in gedigte beskryf waar hierdie vroue hulleself betrag: “Zij stond en oliede de zwarte haren [...] Zij ziet zich zelve en zij ziet zich niet” (Leopold, 1952: 548). Cloete neem ook dikwels vroue waar en beskryf hulle dan. Daar is gedigte oor sy dogters, asook die bekende gedigte oor Marilyn Monroe waarin die verskillende foto’s van Monroe beskou en geïnterpreteer word. Die meeste kere is dit egter sy vrou, Anna, wat hy dophou. Hy onthou haar as jong vrou in ’n gedig soos “Anna” in *Met die aarde praat* (Cloete, 1992: 94):

[...] maar van alles onthou
van my en van jou onthou ek jou
helder langs my, in profiel langs my
oral uit die wit lig van my land gesny.

Daar is jy in 'n fyn helder omtrek,
dit in die helderste helder hou ek
teenaan my.

In “vrouson” (Cloete, 2008: 17) kyk die digter hoe sy vrou haar hare droogmaak en hy omvorm haar tot droomgestalte wat haar eie beperktheid transendeer:

die lig kry sy krag uit die hare van 'n vrou die son is hare
sy was haar hare in supernova-blou-lig sy gooi
haar kop wielend agteroor sy strooi hoepelslierte rooi
superprominensies uit sy skud orkane los
parabole deur die groot ooptes van die kosmos
sy my sonvrou uit haar turkoois harebos

Opvallend is egter die ontroerende gedigte waar hy die geliefde vrou beskryf in die prosas van aftakeling tydens 'n slopende siekte, soos “siek vrou” in *Uit die hoek van my oog* (Cloete, 1998: 15), asook die indirekte beskrywings in “rokke” (Cloete, 2008: 92) en “kamerjas op die divan” (Cloete, 2008: 94) in *Heilige nuuskierigheid*. In “foto van vrou by die see 1966” (Cloete, 2011: 139) in *onversadig* word 'n foto beskryf, en dit is asof die digter die beeld van die gestorwe vrou probeer terugvind deur die foto. Die vrou is “mymerend en byna deursigtig”, maar sy is “nog veilig” omdat sy op die foto nog jonk en gesond is. Die digter verwonder hom aan haar waar “sy sit aandoenlik ingedagte en sereen”. Sy sit

[...] in die lig
van die blink see en geel wasige donsson
dromend mymerend en byna deursigtig
skimmig geskryf met lig

In hierdie aanhaling kom alles bymekaar: Die waarneming en bewondering vir die vrou wat onbewus dromend daar sit, die digter wat die hele toneel droom en die vrou wat in die foto “skimmig geskryf [is] met lig” is inderdaad materieel herskryf in die gedig.

4.5 *Vorm en onvoltooidheid*

Die laaste drie aspekte waaraan Cloete aandag gee in “Die dromende denke” sluit in werklikheid aan by die punte wat reeds in die voorafgaande bespreking ter sprake gekom het. Hy skryf weer eens en meer spesifiek oor die manier waarop die gedig skynbaar 'n bepaalde vorm afdwing; asook hoe die vorm van die gedig as 'n afsonderlike aspek bewonder kan word, met spesifieke voorbeelde wat nog nie in die voorafgaande

afdelings van die essay oor die dromende denke behandel is nie.

Die derde aspek wat Cloete bespreek en wat besonder interessant is, is die belangrikheid van die groot aantal onvoltooide gedigte van Leopold. Hierdie fragmente mag onvoltooide gedigte wees maar bevat reeds soveel poësie dat dit in al die bundels versamelde werk van Leopold opgeneem is en steeds, ook vanuit edisiewetenskaplike hoek, bestudeer word.

Cloete vra waarom Leopold so dikwels praat van die gedig wat “opkom en moeiteloos groei” en juis in die onvoltooide gedigte, wat hy self beskryf as “onbeholpen uitgedrukt” en “terloops teregt gelegde”, verwys na die “rykdom van die onvoltooide” (Cloete, 1959: 111).

Dat Leopold selfs in onvoltooide gedigte sê dat die vers “zonder bemoeien”, “zonder bespiegeling” en “ongezocht opkwam”, lewer ’n teenstrydigheid op. Cloete verwys na “O smartelike geur van de jasmijn” (Leopold, 1951: 508) met die reëls “de lichte tred van de gedachten los/van alle zwaarte en die ongenood/toekwamen” en gee dan ’n potensieële verklaring soos volg (Cloete, 1959: 111):

Die onvoltooide staat sêlf van die gedigte waarin hierdie dinge gesê word, deel ons immers mee [...] dat dit met die gedig nie altyd of nie ten volle gaan soos wat die digter dit wil voorstel, of soos met die lied in “Kinderpartij” nie, waarvan gesê word dat “het lijdelijk wordt afgezongen” en dat die singende en dansende maatjes “niet verloor den voortgang”. In die onvoltooide “O smartelike geur van de jasmijn” is die digter dan ook, benewens ander dinge, pynlik bewus daarvan dat die gedig hom nie self wil voltooi nie, en die klem val hier sterk op die digter se “halfbegrepen en onvaste bemoeiingen”.

Cloete is, by sy bewustheid van die volheid en veelvuldigheid van alle dinge en die onskeibare samehang van alle dinge, sterk bewus van die waarde van onvoltooide of selfs gebroke dinge. In “griekse beelde louvre” in *Driepas* (Cloete, 1989: 39) skryf hy na aanleiding van die beskadigde beelde, “ons het selfs die fragmente lief”, want hierdie fragmente dra steeds die essensie van dit wat van die beelde kunswerke maak. In hierdie fragmente “in deurligte steen” is steeds onvervreembaar vasgevang dat “die mens en gode saam [...] tóe veel/meer geweet [het] van die balans/tussen hemel en aarde”.

Dit is opvallend dat Cloete ook in sy later werk al hoe meer bewus word van die onvoltooidheid as sodanig in verskillende vorme en op verskillende vlakke, van die lewe self en veral van die kunswerk. In “volwasse geboorte” (Cloete, 2008: 100) in *Heilige nuuskierigheid* sien die digter homself in ’n voortdurende staat van geboorte en ontwikkeling, veral as gevolg van die ervaring van lyding. Hy beskryf hoe hy “’n lewe ’n lewe lank as ’n gewoonte aangeleer” het. Daarna vertel hy, “digters droom ou drome van bevrydende/vervreemding”, maar op ’n oggend word hy weer gebore wanneer hy bewus word daarvan dat hy in nuwe omstandighede “tydig onvoorbereid voor begin”. Die gedig sluit dan soos volg af:

[...] lyding skaf
in haar groot register pynlike oefeninge
die gewoonte om te lewe af

In die bundel *onversadig* (Cloete, 2011), waarvan die titel reeds op 'n soort onvoltooidheid en 'n staat van onafgehandeldheid dui, is daar die gedig “fragmente van die onvolledige gedig” (Cloete, 2011: 159) wat soos volg begin: “die volledige gedig/kan nooit geskryf word nie”. In hierdie gedig gaan werklikheid en gedig heeltemal in mekaar op. Die digter sien die lewe as 'n gedig en die gedig as die lewe en in dié sin is 'n aantasting of minagting van die een ook 'n minagting of aantasting van die ander:

Die seun skiet die gedig in die duif
met die poeier in sy vere dood

verse dryf onsigbaar
in die welriekende molekules
van die donker warmte
waarmee mense mekaar liefhet

Die gedig bly “buite bereik/van al die gesamentlike woordeskat van die aarde”, maar tog bly die gedig “gebeur”, “terwyl die onuitspreeklike flikkerend/in vonke bly voortbestaan”. Die gedig sluit soos volg af:

aan die maak van baie gedigte
om die steeds uitdyende onvoltooidheid
van die steeds groeiende onversadigde Gedig
in te haal kom daar geen einde nie

5. Die dromende denke

In hierdie artikel beweer ek nie dat óf Leopold óf Cloete se digterskap tot die bespreekte aspekte gereduseer kan word nie. Beide is juis digters wat 'n rykdom van temas en tegnieke digterlik bedink en beoefen. Wat vir my egter al hoe duideliker word, is dat die werklik diepgaande intertekstuele aard van Cloete se oeuvre nog grootliks onontgin is en dat die invloed van die Nederlandse literatuur en by name die invloed van Leopold ook nog slegs aangedui is. Cloete skryf nie na nie, hy skryf meestal nie in teen sy gespreksgenote nie, hy herdink en herdroom die drome van vroeëre digters en denkers. Hy tree in gesprek met wat hulle gedink en geskryf het, of miskien noukeuriger gestel, wat hulle sou kon gedink het, en as sodanig is daar in sy verse 'n nadenke en besinning, 'n filosofiese onderbou wat nie in oppervlakkige lesings na behore ontgin kan word nie.

So 'n onderneming is inderdaad vir 'n digter 'n ambisieuse projek, maar dit is nie sonder rede dat Cloete (2008: 102) in die prettige gedig “gesprek met Walter Battiss” in *Heilige nuuskierigheid* die volgende slotsom bereik nie:

ná al die woorde wat ek onthou
 uit 'n leeftyd onthou ek dit die beste van jou
 kort voor jou dood i want to be a glorious failure,
 not a little success
 [...]
 vir hulle wat son toe vlieg
 is slegs byewasvlerke beskikbaar

Ook in hierdie opsig sluit Cloete se poëtikale opvatting die teenstrydigheid van grootheid en kleinheid in, want soos Leopold (1951: 508) dit stel in die onvoltooide “O smartelike geur van de jasmijn” gaan dit om dinge “achter een gordijn gevoeld” wat in die gedig taal word deur “voorgezweefde woorden, de weinige die van belang en die verklarend zijn”.

Die gedig “Dons” in *Heilige nuuskierigheid* (Cloete, 2008: 116) vat vir my ten slotte baie van die temas wat in hierdie artikel na vore gekom het, saam:

Dons

My gedig
 jy is nastergal

'n dowwe vermoedelike insig naby effe inloer
 onthuts raak en ontroer

'n uitroep in dons 'n fraktal sonder gewig
 'n geruislose sagte uitveer nouliks iets meer

van duskant 'n geringe skeel waarneming
 van die verstommende verstaan en herken en erkenning
 van die onverklaarbare bestaan.

Bronnelys

- Antonissen, R.** (red.). 1986. *Digkuns van die Nederlande, 1100-1970*. Deel 1. Stellenbosch en Grahamstad: Universiteitsuitgewers en -boekhandelaars.
- Bertens, H. en T. D'Haen.** 1988. *Het postmodernisme in de literatuur*. Amsterdam: Arbeiderspers.
- Brooker, Jewel Spears.** 2011. *Mastery and Escape. T.S. Eliot and Dante: Studies in the Edenic Imagination*. Fullbright Seminar. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. 28 Augustus-6 September: 1-20.
- Cloete, T.T.** 1959. *J.H. Leopold oor die dromende denke*. Oorgedruk uit: *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 19: 91-117.
- Cloete, T.T.** 1980. *Angelliera*. Kaapstad: Tafelberg.
- Cloete, T.T.** 1982. *Jukstaposisie*. Kaapstad: Tafelberg.
- Cloete, T.T.** 1984. *Wat is literatuur?* Wetenskaplike Bydraes van die PU vir CHO, Reeks A:50. Potchefstroom: Departement Sentrale Publikasies, PU vir CHO.
- Cloete, T.T.** 1985. *Allotroop*. Kaapstad: Tafelberg.
- Cloete, T.T.** 1986. *Idiolek*. Kaapstad: Tafelberg.
- Cloete, T.T.** 1989. *Driepas*. Kaapstad: Tafelberg.
- Cloete, T.T.** 1992. *Met die aarde praat*. Kaapstad: Tafelberg.
- Cloete, T.T.** 1998. *Uit die hoek van my oog*. Kaapstad: Tafelberg.
- Cloete, T.T.** 2004. *Gedigte vir 'n digter – opgedra aan T.T. Cloete in sy tagtigste jaar*. Potchefstroom: Vakgroep Afrikaans en Nederlands, Noordwes-Universiteit.
- Cloete, T.T.** 2007. Swewende verse. *Tydskrif vir Letterkunde*, 44(2): 46-61.
- Cloete, T.T.** 2008. *Heilige nuuskierigheid*. Kaapstad: Tafelberg.
- Cloete, T.T.** 2011. *onversadig*. Kaapstad: Tafelberg.
- Cloete, T.T.** 2013. *Die ander een is ek*. Pletterbergbaai: Pooka.
- Derrida, J.** 1976. *Of Grammatology*. Uit die Frans vertaal deur G.C. Spivak. Baltimore: Johns Hopkins University Press.
- Dorleijn, G.** 1998. 11 Mei 1925: J.H. Leopold word zestig – Leopolds invloed op die moderne poësie. In: Schenkeveld-van der Dussen, M.A. (red.). *Nederlandse literatuur, een geschiedenis*. Amsterdam/ Antwerpen: Uitgeverij Contact in samenwerking met Martinus Nijhoff Uitgevers: 630-635.
- Du Plooy, Heilna.** 1995. Die Modernisme: Representasie of presentasie? In: Viljoen, Hein (red.). *Metodologie en representasie*. Pretoria: RGN: 339-391.
- Du Plooy, Heilna.** 2008a. Woorde wat teken en beteken. *Literator*, 29(2): 65-88.
- Du Plooy, Heilna.** 2008b. Op loop met 'n lyn: T.T. Cloete se “toepassings van dante” ikonies en intertekstueel gelees. *Literator*, 29(3): 1-33.
- Foster, Ronel en Louise Viljoen.** 1997. Inleiding; Verantwoording. In: Foster, Ronel en Louise Viljoen (samest.). *Poskaarte: Beelde van die Afrikaans poësie sedert 1960*. Kaapstad: Tafelberg/Human & Rousseau.
- Freud, Sigmund.** 1992 [1908]. Creative Writers and Daydreaming. In: Adams, H.

- (red.). *Critical Theory since Plato*. Fort Worth: Harcourt Brace Jovanovich, Inc.: 712-716.
- Goedegebuure, Jaap.** 2001. Postmoderne modernisten en modernistiese postmodernen: Nederlandstalige skrywers van die twintigste eeu herlezen. *Nederlandse Letterkunde*, 6: 13-31.
- Hambidge, Joan.** 2007. Die hipnose van die digkuns: T.T. Cloete-erelesing 2005. <http://www.litnet.co.za/Category/akademies/litnet-akademies/litnet-akademies-geesteswetenskappe> (geraadpleeg op 25 April 2012).
- Hassan, I.** 1987. *The Postmodern Turn: Essays in Postmodern Theory and Culture*. Columbus: Ohio State University Press.
- Hulsker, Johan.** 1935. De bronne van Leopolds Oostersche gedichten. *Die Gids*, 99.
- Kristeva, J.** 1980. *Desire in Language*. New York: Columbia University Press.
- Kristeva, J.** 1984. *Revolution in Poetic Language*. New York: Columbia University Press.
- Leopold, J.H.** 1951. *J.H. Leopold: Verzameld Werk I. Verzen, Fragmenten* (bezorgd door P.N. van Eyck met medewerking van Johan B.W. Polak). Rotterdam/Amsterdam: Brusse/Van Oorschot.
- Leopold, J.H.** 1952. *J.H. Leopold: Verzameld Werk II. Verzen, Drama, Proza* (bezorgd door P.N. van Eyck met medewerking van Johan B.W. Polak). Rotterdam/Amsterdam: Brusse/Van Oorschot.
- Lyotard, J.-F.** 1984. *The Postmodern Condition: A Report on Knowledge*. Manchester: Manchester University Press.
- McHale, B.** 1987. *Postmodernist Fiction*. Londen: Routledge.
- Merriam-Webster.** <http://www.merriam-webster.com/medical/prosopagnosia> (geraadpleeg op 25 April 2012).
- Odendaal, B.J.** 1997. *Retoriese strategieë in die poësie van T.T. Cloete*. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
- Opperman, D.J.** 1987. *Versamelde poësie*. Kaapstad: Tafelberg.
- Parmée, D.** (red.). 1964. *Twelve French Poets 1820-1900*. Londen: Longmans.
- Pieterse, H.J.** 2001. T.T. Cloete se baie ryk verse. *Beeld*: 20 Augustus.
- Pretorius, Rena.** 1998. T.T. Cloete. In: Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en profiel*. Deel 2. Pretoria: Van Schaik.
- Prosopagnosia Research.** <http://prosopagnosiaresearch.org/index/information> (geraadpleeg op 25 April 2012).
- Robinson, Rensia.** 1998. Die "wellus van die vorm" as poëtiese oriëntering. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 5(1): 91-109.
- Strydom, S. en H. Ohlhoff.** 1985. *Van Middeleeue tot Goue Eeu*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Van Halsema, D.** 1998. 15 Mei 1880: Kloos ontmoet Perk in de Kalverstraat – De betekenis van Kloos' "Inleiding" bij Perks gedichten. In: Schenkeveld-van der Dussen, M.A. (red.). *Nederlandse literatuur, een geschiedenis*. Amsterdam/Antwerpen: Uitgeverij Contact in samenwerking met Martinus Nijhoff Uitgevers: 517-524.
- Van Vuuren, Helize.** 1998. Perspektief op die moderne Afrikaanse poësie (1960-1997). In: Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en profiel*. Deel 2. Pretoria: Van Schaik.

- Viljoen, Lettie** (Ingrid Winterbach). 1993. *Karolina Ferreira*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Viljoen, H. en I. Wolfaardt-Gräbe**. 2009. Iets vooraf. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 49(4): 505-506.
- Viljoen, H.** 2009. Kreolisering van die simbolisme in die poësie van T.T. Cloete. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 49(4): 568-589.
- Ward, P.** 1996. *Die uitbeelding van die vrou in die poësie van T.T. Cloete*. Ongepubliseerde MA-tesis. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

Note

1. Joan Hambidge maak in “Die hipnose van die digkuns: T.T. Cloete-crelesing 2005” (Hambidge, 2007) die volgende stelling: “In hierdie titel en voorblad [van die versamelbundel *Die baie ryk ure*, HdP] word die essensie van Cloete se digkuns opgesluit, naamlik die gedig as afdruk of herskrywing, interteks, palinode; en die obsessie, allesoorrompelende bedryf, die digkuns, waarin die hele lewe, sowel die verhewe as die banale, gekarteer word. Dit wat as die ‘hipnose van die digkuns’ beskryf sou kon word.” Die waardering van ander digters vir Cloete as digter kom ook na vore in die groot aantal gedigte wat aan hom opgedra is. In die bundel *Gedigte vir 'n digter – opgedra aan T.T. Cloete in sy tagtigste jaar* (2004) verskyn daar gedigte van Ernst van Heerden, Leon Strydom, Hans du Plessis, Lina Spies, Jan Swanepoel, Hein Viljoen, Trienke Laurie en Joan Hambidge.
2. Cloete het Afrikaanse en Nederlandse letterkunde gedoseer vanaf 1948 tot en met sy aftrede in 1983. Hy was die eerste persoon wat departemente Algemene Literatuurwetenskap ingestel het, aan die Universiteit van Port Elizabeth in 1965 en aan die PU vir CHO vanaf 1970. Daar het meer as 200 akademiese publikasies uit sy pen verskyn en hy was onder meer redakteur van die omvangryke glossarium *Literêre terme en teorieë* (1992).
3. Daar is al kritiek uitgespreek teen juis die tegniese aard van baie van Cloete se verse (Van Vuuren, 1998: 292- 293). Aan die ander kant is daar bewondering vir die tegniese voortreflikheid van Cloete se werk, van sowel digters as literatore. Die digter Joan Hambidge (2007) skryf: “Dit is dan juis hierdie verwikkeldheid van hierdie digkuns wat besonder boeiend is. Die jukstaposisie met ander digters, en die enorme tegniese beheer, val op.” In literêre studies en analyses in nagraadse studies (onder veel meer Ward, 1996; Odendaal, 1997) asook in spesiale nommers van akademiese tydskrifte soos *Literator*, 16(3) (1995) en *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 49(4) (2009) word soortgelyke stellings uit verskeie invalshoeke en met uiteenlopende fokusse gemaak en met gediganalises ondersteun (vergelyk ook Pretorius, 1998: 347 en verder; Du Plooy, 2008a; 2008b).
4. In *Wat is literatuur?* (Cloete, 1984: 21), wat beskryf kan word as ’n omvattende uiteensetting van Cloete se siening van die literatuur 25 jaar ná die essay oor die dromende denke, skryf hy byvoorbeeld:

Die literatuur is moeilik omskryfbaar. [...]

Ten eerste is die literêre werk saamgestel uit ’n menigvuldigheid taalelemente (semanties, fonies, ritmies, sintakties, en andere) en ’n menigvuldigheid konseptuele elemente (tyd, ruimte, gestalte, handelinge, perspektief, tektoniese vorme, ensovoorts).

Ten tweede lê die moeilik omskryfbare van die literêre werk in 'n groot mate in die nie-rasionele, nie- semantiese of nie-signifikatiewe kommunikasiemiddele, soos die taalklank, die ritme, en allerlei para- of metalinguale elemente soos byvoorbeeld die kwantitatiewe opbou-elemente (vergelyk die opbou van die sonnet in kwatryne [oktaaf] en tersines [sestet], wat kommunikatiewe waarde het, om 'n klassieke voorbeeld te noem), getals- en ander verhoudings, posisionering van woorde of motiewe, volgordening, parallelismes, ensovoorts.

5. Vergelyk Cloete, T.T. 2007. "Swewende verse" in *Tydskrif vir Letterkunde*, 44(2): 46-61. In hierdie artikel bespreek Cloete die verwantskap tussen temas en konsepte, beelde en metafore, asook poëtiese vorme, wat oor tyd, ruimte en kultuur heen as argetipiese poëtiese materiaal herhaaldelik weer in tekste na vore kom. Die tekste ter sprake sluit in *Himne aan die son* van Akhnaton, die Ou-Testamentiese *Psalms*, die *Ilias* van Homeros, *Die geheime geskiedenis van die Mongole* en dan meer "resente" tekste soos Gorter se *Mei*. Daar is ook tans 'n nuwe publikasie, *Die ander een is ek*, ter perse waarin Cloete hierdie soort literêre verskynsels en die impak daarvan op sy eie leeservaring en akademiese visie bespreek.
6. Omdat Suid-Afrikaners vanweë die koloniale geskiedenis ook noue bande met die Engelse kultuur het, sluit Cloete se verwysingsveld vanselfsprekend die Engelstalige literatuur in. Hy is ook belese in die Franse literatuur, en vanweë sy literatuurwetenskaplike benadering neem hy deurlopend kennis van teoretiese beskouings van die literatuur. Dié aspekte val egter buite die skopus van hierdie artikel.
7. "Impasse" word elders in hierdie versameling artikels uitvoerig behandel.
8. Die skildery is te sien in die Kröller-Müller Museum in Otterlo, Nederland.
9. Ek dink hierdie twee gedigte moet meer noukeurig vergelyk word om reg te laat geskied aan die omvang en diepgang van elke gedig en van die intertekstuele gesprek, maar dit val buite die bestek van my onderneming hier.
10. "Kersliedjie" van Opperman roep op sy beurt weer, veral in die ritmiese gang van die vers, op 'n boeiende manier "De kinderkruijstocht" van Martinus Nijhoff op.
11. Uiteraard is my uitgangspunt in die artikel Cloete, en die verbandlegging met Leopold gaan uit van Cloete se werk, kreatief en akademies. Dit gaan vir my om die invloed wat Leopold se poëtika op Cloete gehad het en Leopold se werk word dus nie as geheel of uitvoerig binne oeuvreverband beskou nie. Spesifieke gedigte van Leopold word betrek uitgaande van die verbande wat in Cloete se werk en in sy essay oor Leopold na vore kom. Ander literêr-historiese raakpunte, soos dat Leopold as 'n simbolis beskou word en Cloete se poësie ook sterk simbolistiese trekke vertoon, word nie in hierdie artikel ondersoek nie. Die fokus word hier meer beperk gehou en gesentreer rondom die punte wat Cloete in sy essay oor Leopold noem aangesien die rol van die simbolisme in beide digters se werk (en die Franse bronne daarvan) 'n omvattende studie vereis (vergelyk in hierdie verband Hein Viljoen [2009] se artikel "Kreolisering van die simbolisme in die poësie van T.T. Cloete").
12. Vergelyk in hierdie verband die diskussie oor Leopold se posisie binne Nederlandse historiese strominge, onder meer Goedegebuure (2001: 13-31).
13. Hier kan nie ingegaan word op die tegniese aspekte van die spesifieke variant van postmodernisme wat in Cloete se werk onderskei kan word nie, want dit sou 'n hele onafhanklike betoog vereis om die verbande aan te toon tussen Cloete se gedigte en die kompleksiteit van hierdie uiteenlopende en amorf stroming in die literatuur (vergelyk maar die verskillende aksente wat geplaas word deur die

klassieke beskrywers van die postmodernisme, soos Lyotard, 1984; Bertens en D'Haen, 1988; McHale, 1987; Hassan, 1987; maar veral die filosofiese ondergrond van die postmodernistiese denke oor intertekstualiteit soos blyk uit die oorspronklike uiteensettings van Derrida, 1976, en Kristeva, 1980, 1984). Cloete is wel duidelik 'n postmodernis daarin dat hy tekstueel selfbewuste en selfondermynende gedigte skryf en ook in die diepgaande gesprekke met ander tekste wat 'n bepaalde vorm van intertekstualiteit is, maar inhoudelik is sommige gedigte gemoeid met tematiese vraagstukke wat nie noodwendig postmodernisties is nie (vergelyk Du Plooy, 2008, a en b, vir 'n uitvoerige illustrasie van intertekstuele aspekte in bepaalde gedigte van Cloete; vergelyk ook Foster en Viljoen, 1997, oor die postmodernisme in die Afrikaanse poësie).

14. Die titel van my artikel is aan hierdie gedig ontleen. Ter wille van tipografiese oorweginge is 'n hoofletter in die artikeltitel gebruik.
15. In 'n lesingreeks oor T.S. Eliot en die gesprek met Dante en Virgilius in Eliot se poësie ("T.S. Eliot and Dante: Studies in die Edenic Imagination", Noordwes-Universiteit, Potchefstroom, 30 Augustus tot 13 September 2011) maak Jewel Spears Brooker meermale die stelling dat indien 'n ernstige digter se werk begryp wil word, sy biblioteek bestudeer moet word. Indien die ondersoeker weet watter boeke die digter gelees het, sal sy werk verstaanbaar word en sal nuwe dimensies van sy werk na vore kom. Bykomend tot die inhoud van die digter se biblioteek is daar die kommentaar en aantekeninge van die digter in die boeke in sy besit wat sleutels kan bied om sy poësie te verstaan. Ek kon vir hierdie studie gebruik maak van Cloete se kopieë van *J.H. Leopold: Verzameld werk I* en *J.H. Leopold: Verzameld werk II* uit 1951 en 1952. Die aantekeninge in hierdie bundels toon uiteensleglik hoe deeglik Cloete Leopold gelees het. Ek kan nie die versoeking weerstaan om die verband tussen die aantekeninge by hierdie gedig, "ER komt mij in den zin onder dit woelen" en die essay oor die dromende denke te noem nie, maar dit is maar een brokkie inligting en die inligting van en in Cloete se boekery sal waarskynlik 'n selfstandige studie regverdig.
16. 'n Mens kan hier ook nie anders as om herinner te word aan die karakter Karolina Ferreira in Lettie Viljoen (Ingrid Winterbach) (1993) se gelyknamige roman nie. Karolina lê smiddags op haar bed in 'n staat van dromende wakkerwees waartydens 'n rypingsproses van selfkennis en -insig voltrek word. Dit is nie 'n intellektuele proses nie, maar 'n dromende psigiese gewaarwees van self en denke.
17. Die titel van Cloete se gedig verwys duidelik na die gedig "Correspondances" van Charles Baudelaire. Hierdie gedig word beskou as 'n sleutelvers in die ontwikkeling van die simbolisme, spesifiek in die siening dat alle fisiese dinge simbole is van 'n spirituele of metafisiese werklikheid en dat daar altyd verbande tussen verskillende dinge in die werklikheid bestaan; daar is dus altyd korrespondensies te vinde tussen selfs uiteenlopende dinge. Daarom kan waarneming deur een sinuig ook in terme van 'n ander sinuig gemanifesteer of verwoord word, vandaar die sterk klem op sinestesie as 'n poëtiese werkwyse (Parmée, 1964: 202, 317). Hierdie aspekte van die simbolisme manifesteer dan ook in beide Cloete en Leopold se verse, maar die verskynsel kan nie binne die skopus van hierdie artikel nader toegelig word nie.
18. Vergelyk vir 'n uiteensetting van die konsep prosopagnosia: <http://www.merriam-webster.com/medical/prosopagnosia> en <http://prosopagnosiaresearch.org/index/information>.
19. Die gedig "Duizend en een nacht" is deel van Leopold se Oosterse gedigvertalings (opgeneem in *Oostersch II*). Cloete se gesprek met die gedig kom dus te staan in 'n reeks van intertekstuele bewerkinge

en verwysings. Leopold was 'n taamlik willekeurige vertaler wat vrylik gekies het wat hy wou vertaal, en soms het hy ook net fragmente geselekteer vir vertaling, hoofsaaklik na aanleiding van temas of motiewe wat hom geboei het. Leopold het meestal nie die name van die outeurs van die brontekste aangedui nie en het so vry vertaal dat die gedigte deur literatore as sy eie werk beskou word. Hy het ook dikwels van bestaande vertalings in tussentale soos Engels, Frans of Duits gebruik gemaak. Leopold se vertalings is dan ook dikwels selfs mooier en beter gedigte as die oorspronklikes, maar vanselfsprekend is daar ook noukeurige en presiese vertalings (Hulsker, 1935: 69-72). Die kwessie van bronne en vertaling val buite die skopus van hierdie betoog, maar dit is wel interessant dat hierdie gedig kom uit die laaste bundel wat tydens Leopold se lewe gepubliseer is, naamlik *Oostersch* (1924), waarin vertalings van Persiese en Arabiese digters opgeneem is.

20. Daar is ook ander direkte aanhalings wat aandag verdien, maar ek gee nie hier daaraan aandag nie.
21. Vir 'n uitvoerige bespreking van ikonisiteit in hierdie gedigte, vergelyk Du Plooy (2008a) en Du Plooy (2008b).

Nederlandse herskrywings van Martinus Nijhoff se ikoniese gedig “Impasse”

Ronel Foster

Dutch rewritings of Martinus Nijhoff’s iconic poem, “Impasse”

In the previous issue of Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans I discussed three Afrikaans rewritings of Martinus Nijhoff’s well-known poem “Impasse”. The original poem was first published in 1935 and then repeatedly revised by the author. In this article I discuss five Dutch rewritings: those of Chrétien Breukers (2005/2007/2010), Ronald Ohlsen (2007/2009), Alfred Schaffer (2008), K. Michel (2009) and Areth (Thera Heemskerk) (2008). The aim of this article is to investigate the nature of the impasse in the respective rewritings and to determine to which extent they concur with or differ from the thematics of the Nijhoff source text(s). A further aim is to establish whether or not the poems are polemical. The following questions are discussed: To what can the iconic status of the Nijhoff variants and their influence over many decades be attributed? How does each of the poets appropriate and individualise the original material? What are the background histories of the particular rewritings and in what respect(s) do they differ? Did the poets offer any poetical comments in interviews or articles on the Nijhoff source text(s) and the rewritings? Simon Dentith’s Parody (2000) is utilised as a theoretical framework.

1. Inleiding

In ’n vorige artikel in *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* het ek ondersoek ingestel na drie Afrikaanse herskrywings van Martinus Nijhoff se bekende gedig “Impasse”, wat in 1935 in die letterkundige jaarboek *Kristal* verskyn het en ’n jaar later in gewysigde vorm en sonder titel as agtste sonnet opgeneem is in die siklus “Voor dag en dauw” (*De Gids*, 1936). Vanaf 1946 verskyn die *Kristal*-sonnet (met enkele wysigings) in die vyfde druk van *Nieuwe gedichten*, en wel in die plek van die gedig “De schrijver”. Die variante is al grondig bespreek, in die besonder deur Wiljan van den Akker (1985, 1987, 1989, 1994).¹ Verder is “Impasse” al meermale vertaal,² ook in Afrikaans (deur Hennie van Coller, 2012: 137). Die herskrywings wat ek kon vind, is aan Afrikaanse kant dié van T.T. Cloete (1982), Merwe Scholtz (1986) en Daniel Hugo (2002); en aan Nederlandstalige kant dié van Ad Zuiderent (1988), Charles Ducal (1994), Chrétien Breukers (2005/2007/2010), Koenraad Goudeseune (2005), Ronald Ohlsen (2007/2009), Alfred Schaffer (2008), Leonard Nolens (2008), Areth (Thera Heemskerk) (2008) en K. Michel (2009).³

In hierdie artikel word vyf Nederlandse herskrywings bespreek,⁴ met gebruikmaking van Simon Dentith se *Parody* (2000), waarin parodie as ’n omvangryke en inklusiewe begrip gehanteer word. Vir Dentith spruit parodie voort uit die onvermydelike maneuvres in alledaagse taalgebruik; van woord en wederwoord.

Dit het te doen met die onophoudelike geveg oor betekenisse en waardes waaruit enige sosiale orde bestaan: “Parody includes any cultural practice which provides a relatively polemical allusive imitation of another cultural production or practice.” (Dentith, 2000: 9). Hierdie definisie brei Dentith (2000: 17-18) uit wanneer hy sê dat die polemiese aard van die parodie nie noodwendig betrekking hoef te hê op die voorafgaande teks self nie, maar op die wêreld as sodanig (of op aspekte van die wêreld). Parodiëring kan ook met wisselende mate van spot en humor geskied (Dentith 2000: 37 en 193). Vrae wat hom interesseer, is die volgende (Dentith, 2000: 188): Watter kulturele werk word deur die parodie of parodieë geaffekteer? (En, wil ek byvoeg: op welke wyse?) In wie se belang of namens wie vind die parodiëring plaas? Met watter mate van geestigheid, vernuf en energie geskied dit? Hierdie vrae sal ook telkens in my artikel aan bod kom.

Die doelstelling met hierdie artikel is om na te gaan wat die impasse in die onderskeie Nederlandse herskrywings behels en om te probeer vasstel in watter mate hulle aansluit by of afwyk van die tematiek van die Nijhoff-brontekste. 'n Verdere doelstelling is om te ondersoek of die tekste 'n polemiese inslag vertoon, al dan nie.

2. Nijhoff se variante

Die ikoniese waarde van Nijhoff se “Impasse” is onder meer toe te skryf aan sy eie herskrywing van die gedig, waarby hy met geringe wysigings die teks in 1936 'n heel ander rigting laat inslaan het. Aan die 1935-variant het Nijhoff ook enkele veranderinge aangebring toe hy dit in 1946 in sy *Nieuwe gedichten* opgeneem het. Vir die doel van hierdie artikel word sowel die “ik weet het niet”-variant (1935 en 1946) as die “een nieuw bruiloftslied”-variant (1936) as bron- of hipotekste gehanteer, en die herskrywings deur ander digters as gerekonstrueerde of hipertekste (die terme *hipo-* en *hipertekste* is afkomstig van Genette, 1997: 5). Die 1946-variant lui soos volg (Nijhoff, 2001: 228):

Impasse – M. Nijhoff (1946, gebaseer op die variant van 1935)

Wij stonden in de keuken, zij en ik.
Ik dacht al dagen lang: vraag het vandaag.
Maar omdat ik mij schaamde voor mijn vraag
wachtte ik het onbewaakte ogenblik.

Maar nu, haar bezig ziend in haar bedrijf,
en de kans hebbend die ik hebben wou
dat zij onvoorbereid antwoorden zou,
vroeg ik: waarover wil je dat ik schrijf?

Juist vangt de fluitketel te fluiten aan,
haar hullend in een wolk die opwaarts schiet
naar de glycine door het tuimelraam.

Dan antwoordt zij, terwijl zij langzaamaan
druppelend water op de koffie giet
en zich de geur verbreedt: ik weet het niet.

Die weergawe in “Voor dag en dauw” lui soos volg (Nijhoff, 2001: 274):

VIII – M. Nijhoff (1936)

Wij stonden in de keuken, zij en ik.
Ik dacht al dagen lang: vraag het vandaag.
Maar omdat ik mij schaamde voor mijn vraag
wachtte ik het onbewaakte ogenblik.

Maar nu, haar bezig ziend in haar bedrijf,
en de kans hebbend die ik hebben wou
dat zij onvoorbereid antwoorden zou,
vroeg ik: waarover wil je dat ik schrijf.

Juist vangt de fluitketel te fluiten aan.
Weer is dit leven vreemd als in een trein
te ontwaken en in een ander land te zijn.

En zij antwoordt, terwijl zij langzaam-aan
het drup'lend water op de koffie giet
en de damp geur wordt: een nieuw bruiloftslied.

3. Nederlandse herskrywings

Op twee uitsonderings na, naamlik die gedigte van Ad Zuiderent (1988) en Charles Ducal (1994), het die Nederlandstalige⁵ herskrywings ná die Afrikaanse weergawes verskyn. Van die nege Nederlandse hipertekste waarvan ek kennis dra, bespreek ek dié van Breukers, Schaffer, Ohlsen, Michel en Areth. My tekskeuse berus op variasie rakende inhoud, vorm en tematiek. Ander oorweginge het ook die seleksie beïnvloed, soos byvoorbeeld die gekanoniseerdheid (al dan nie) van die digters in die Nederlandstalige literêre sisteem; die bekendheid van die Nederlandse digters in die Afrikaanse sisteem; en die aard van die bron (selfstandige digbundel, versamelbundel

of webblad). Hierdie aspekte kom in die teksbesprekings aan bod, terwyl Dentith (2000: 188) se ondersoeksvrae deurgaans ingespan word.

3.1 *Chrétien Breukers se “Impasse”*

Die digter Chrétien Breukers (gebore in 1965) is ’n uitgewer, antologiseerder, polemis en hoofredakteur van die webblad *De Contrabas* (http://nl.wikipedia.org/wiki/Chr%C3%A9tien_Breukers). Sy gedig dateer uit 2005 en verskyn in 2007 op die webblad http://www.epibreren.com/rs/rs_frame.html?breukers.html. In 2010 is die gedig onderaan ’n redaksionele artikel deur Louis Esterhuizen op die *Versindaba*-webblad geplaas.⁶ Hierop het Daniel Hugo gereageer deur sowel die twee Nijhoff-variante as die drie Afrikaanse herskrywings aan Esterhuizen te besorg vir plasing op die webblad (sien Esterhuizen, 2010). Volgens Gruwez (2010) verskyn die gedig ook in Breukers se bundel *Het is niet anders* (2010):⁷

Impasse – Chrétien Breukers

We stonden in de keuken. Ik dacht:
‘Straks pak ik haar;’ maar pakken deed ik
niet. Mijn handgebaar verplaatste slechts
ijle waterdamp. Ik praatte oude

dichters na. Ik brabbelde wat over mijn
geschrijf, dat uit de dichte la. En zij,
zij speelde dat ze luisterde en keek
hoe wijzers op de klok verschoven

tot het voorgeschreven uur. Er moest,
er zou echt iets gebeuren. Maar mijn armen
hingen naar beneden. Mijn benen stonden stil.

Het werd avond. Het werd nacht. Het was
de tijd voor geesten en veredelde vermetelen.
Zwijgend stonden we. We waren al gestold.

Epibreren.com (2007), Versindaba.co.za (2010) en *Het is niet anders* (2010)

Die titel, die eerste reël en die sonnetvorm van Breukers se herskrywing skep die indruk dat dit die hipoteks getrou gaan navolg, maar hierdie verwagting word spoedig ondermyn. Daar is geen brandende vraag wat dae lank pla nie, maar die begeerte of voorname van die spreker blyk reeds in die tweede reël: “Straks pak ik haar;” – ’n

verrassende, selfs geestige (vergelyk Dentith, 2000: 188) wysiging van die hipoteks. Om een of ander rede vind die omhelsing egter nie plaas nie. Die spreker se handgebaar is nie 'n liefderike toenadering nie, maar 'n wegwaaier van die yl waterdamp van 'n geïmpliseerde ketel. Sou dit ook beskou kon word as 'n afwys van die verheerlikende voorstelling van die vrou in Nijhoff se eerste variant, en selfs van die modernistiese inslag daarvan?

Die vertragingseffek van die brontekste word nie bewerkstellig deur 'n getob oor die onbewaakte oomblik nie, maar word gevul met 'n gepraterij oor die poësie. Al wat die onbeholpe spreker kan doen, is om ou digters na te praat – 'n erkenning met metapoëtiese implikasies: Hy is die leerlingdigter wat die grootmeesters napraat, aanhaal en naskryf. Oor sy eie skryfwerk, wat weggesteek is in 'n laai, kan hy maar net onsamehangend brabbel. In plaas van 'n liefdesbetoning, dien die poësie dus vir hom as 'n ontvlugtingsmeganisme. Dit is vir hom skynbaar makliker om in die wêreld van die poësie (en die verbeelding) te leef as in die werklikheid. Die sublimasiepotensiaal van die poësie word egter geïroniseer deur die vrou se belangeloosheid, wat veral blyk uit haar swygsaamheid. Sy is kennelik nie geïnteresseerd in die spreker se onverstaanbare wartaal nie en maak asof sy luister, terwyl sy na die klok kyk. Is die vrou gretig om “gepak” te word, of staan die man se attenties haar glad nie aan nie?

Die oorgang tot die sekstet geskied deur middel van 'n enjambement: Daar word gewag op die voorgeskrewe uur, wat herinner aan die slot van Nijhoff (1963: 223) se *Awater*. Soos wat die tradisionele sonnet en die situasie vereis, moet daar nou 'n wending plaasvind (die volta): “Er moest, /er zou echt iets gebeuren.” Die ek-spreker se arms hang egter slap en sy bene is onbeweeglik; hy is duidelik moedeloos, lamgelê en onmagtig om op te tree. Anders as die fyn en gedetailleerde momentopname van die huislike toneel in die brontekste word die tyd hier uitgereken verby die moontlikheid van vervulling, tot die tyd van “geesten en veredelde vermetelen”. Dit is asof die ek-spreker hom skaar by ander aspirantskrywers wat die vermetelheid het om die groot geeste na te skryf; maar dis 'n ambisie wat nie werklikheid word nie, en wat boonop by die beginnerdigters bly spook.

Die doelstelling met my artikel is om na te gaan wat die impasse in die onderskeie hipertekste behels en om te probeer vasstel in watter mate hulle aansluit by of afwyk van die tematiek van die Nijhoff-hipoteks(te). Waar 'n vraag oor die poësie sentraal gestaan het in Nijhoff se “Impasse”, met onderliggend 'n verhoudingsproblematiek, staan die onbeholpenheid van die spreker op verskillende vlakke sentraal in Breukers se gedig: sy onbeholpenheid om fisieke toenadering te soek; om oor sy skryfwerk te praat; en om sy digterlike vaderfigure te oorwin. Hy is, soos wat Gruwez (2010) dit stel, iemand wat oor sy vryersvoete struikel; en (wil ek byvoeg) al staan hy doodstil, struikel hy ook oor sy digtersvoete. Aan die einde heers daar alleen maar kommunikatiewe onvermoë: “We waren al gestold.” Miskien is die implikasie dat nie slegs die poësie die digter kan lam lê nie, maar ook 'n verhouding; of spesifiek die geliefde – en by uitbreiding: ook die leser. Digter en leser het mekaar juis nodig – soos wat Hutcheon (2000: 108) dit stel:

“Parody [...] becomes an ultimate act of co-opting, a making sense of the unintelligible by the imposition of the code of parody.” Omdat die twee personasies in Breukers se gedig nie dieselfde kode(s) deel nie, kan daar niks gebeur nie, sodat die situasie ten slotte heel tragies is.

3.2 Alfred Schaffer se “Impasse”

Alfred Schaffer (gebore 1973) is ’n bekroonde digter; hiernaas is hy ook rubrieksrywer, uitgewer en akademikus (<http://www.kb.nl/dichters/schaffer/schaffer-bio.html> en <http://www.debezigebij.nl/web/-Auteur/Alfred-Schaffer-1.htm>). Schaffer is goed bekend in die Afrikaanse kultuursisteem. Tussen 1996 en 2005 het hy in Kaapstad gestudeer en gedoseer. Ná ’n tydperk as uitgewer in Nederland het hy in 2011 teruggekeer en ’n doseerpos aan die Universiteit Stellenbosch aanvaar.

Schaffer se komplekse herskrywing⁸ is geen nougesette nabootsing van die hipoteks nie:

Impasse – Alfred Schaffer

Vertier in wissewasjes zoeken, zo blijft een mens overeind.
Toonladders oefenen. Eindeloos van iemand houden. Maar,
wat een afknapper is de mens, dweepziek, een slaaf van zijn
agenda, en zint hem iets niet, dan verbreekt hij de verbinding.

Je ruikt hoe ik bederf, ook al ben ik er niet, je ligt, zo stel ik
me voor, verrukt te staren naar een monitor, naar de eerste
bewijzen van leven op Mars, daar beweegt iets onschuldigs,
iets wat kans van slagen heeft, en zonder je blik af te wenden

grijp je mijn hand – die er niet is, druk doende dit alles alvast
neer te krabbelen, ergens waar ik pelgrimstochten onderneem
naar hooggelegen gebouwen, ver voor Christus opgeleverd.

Mijn sleepdraad is geknapt, ik krijg me niet aan land gehesen.
Als straks het stadsgeluid bezinkt, zou ik met deze nachtkijker
meer moeten zien. Voor alle zekerheid. Maar meer is er niet.

Kooi (2008)

By Dentith (2000: 188) se eerste ondersoeksvraag, naamlik watter kulturele werk deur die parodie of parodieë geaffekteer word, het ek in die inleiding bygevoeg: En op welke wyse? Schaffer se rymlose sonnet vertoon geen ooglopende verbande met die Nijhoff-

hipoteks nie; dit bevat ook geen dwingende vraag nie. Tog handel dit duidelik oor twee personasies, wat egter nie 'n spesifieke ruimte deel nie, maar juis ver verwyder van mekaar is. Schiferli (2010: 20-21) beskou “Impasse” as een van die treffendste gedigte in *Kooi*; as 'n illustrasie van Schaffer se wêreldbeeld:

Het beeld dat van de mensheid wordt gegeven getuigt van misantropie. Selfs de liefde kan er niet tegenop – je kunt overeind blijven door eindeloos van iemand te houden, maar zoals het hier geformuleerd staat, klink het eerder als een straf.

Hierdie mening is myns insiens te oordrewe, aangesien die vers ook blyke toon van pogings om deur middel van die poësie tot sin en betekenis te kom.

Volgens die gedig bly die mens staande deur afleiding of afwisseling (“vertier”) te soek in allerlei beuselagtighede (“wissewasjes”), soos om toonlere te oefen.⁹ Hierdie voorbeeld funksioneer sterk ironies, want dit is juis deur eenvoudige en gereelde vingeroefeninge wat vakmanskap bereik kan word, in dié geval in die bemeestering van 'n musiekinstrument. Terselfdertyd kan ook gesê word dat iemand wat slegs toonlere speel in plaas van musiekstukke, nie tot musikale wasdom kan kom nie en dus nie meesterskap kan bereik nie. Die tweede voorbeeld, om iemand onophoudelik en grensloos lief te hê, is eweneens ironies – die toewyding aan 'n geliefde kan tog nie as iets gerings en oorbodigs afgemaak word nie; dit verg juis selfopoffering en selfverloëning. Ten spyte van die intrinsieke en vormende waarde van die beoefening van 'n kunsvorm of die oorgawe aan 'n geliefde, word die verbintenis soms verbreek as dit die mens nie meer aanstaan nie. Die rede hiervoor is drieledig. Die mens is eerstens 'n “afknapper”,¹⁰ iemand wat 'n taak of 'n verhouding sito-sito kan verbreek as hy nie meer sin en betekenis daarin vind nie. Tweedens is die mens dweepsiek, vol “overspannen denkbeelden” (Van Dale), met die implikasie dat hy van die een na die ander denkvoorstelling spring – fanaties en obsessief oor die nuwe moontlikheid (byvoorbeeld 'n nuwe geliefde wat hy nogmaals “eindeloos” gaan liefhê – 'n ironisering van die liefdesretorika). Derdens is die mens 'n slaaf van sy agenda, iemand wat so gebonde is aan sy dagboek en beplanning dat dit hom in die weg staan om op lang termyn 'n sinvolle verhouding met 'n kunsvorm of met mense te handhaaf. Dit wat die mens staande of orent hou, blyk dus juis die maklik vervangbare te wees.

Met die twee Nijhoff-tekste in gedagte sou verskillende afleidings gemaak kon word. In die Nijhoff-hipoteks is die spreker-digter so absoluut toegewyd aan sy digterlike taak dat 'n ontwrigting van sy digterskap (deur byvoorbeeld 'n sogenaamde skrywersblok) hom geheel van stryk bring. Kennelik is hy iemand vir wie sy skrywerskap 'n roeping is, en nie 'n tydverdryf wat deur 'n ander stokperdjie vervang kan word nie. Wat die “Voor dag en dauw”-variant betref, sou geredeneer kon word dat Nijhoff so entoesiasties op Johan Huizinga se *In de schaduw van morgen* (1935)¹¹ gereageer het dat hy verlei is daardeur en dat hy sodoende die “verbinding” met die eerste gedig verbreek het, ter wille van 'n nuwe versie (variant).

Die tweede strofe van Schaffer se gedig gaan van die veronderstelling uit dat die aangesprokene bewus is van die agteruitgang by die ek-spreker. Dit word in grafiese terme voorgestel as “Je ruikt hoe ik bederf” – selfs al is hy nie teenwoordig nie. Dit is asof sy kortsigtigheid, obsessie en sy slaafse onderdanigheid hom so aftakel dat dit tot liggaamlike en geestelike degenerasie lei. Hy leef in die wêreld van die verbeelding, waarin hy hom voorstel hoe sy geliefde in ekstase na ’n monitor kyk, na die eerste “bewijzen van leven op Mars”. Soos wat die digter tydens sy voorlesing van die gedig op die Versindaba van 2011 te kenne gegee het, het hy in 2008 die voorreg gehad om in ’n skrywershuis in Athene aan sy bundel *Kooi* te kon werk. Die gedig het betrekking op die gegewe dat sy eggenote in daardie tyd vir ’n swangerskapsonar moes gaan – ’n vreugdevolle gebeurtenis wat hy slegs afstandelik kon ervaar, omdat hy met skryfverlof was.

Die moontlikheid van ’n nuwe lewe is vir die ek-spreker so ’n ondenkbare en onvoorstelbare situasie soos bewyse van lewe op Mars – iets wat totaal onbekend en wêreldvreemd is. Die hiperboliese metafoor kontrasteer sterk met die geringe polsing van ’n onskuldige nuwe lewe wat mettertyd tot verwesenliking en wasdom sal kom. Uit hierdie metafoor kan afgelei word dat die spreker-digter so opgaan in sy skrywerskap dat hy dit wat in die lewe gebeur, altyd vertaal tot iets anders: ’n woordwêreld, waardeur die problematiek van referensialiteit en representasie aan bod kom, wat veral in teoretisering oor die postmodernisme aandag gekry het (soos by Hutcheon, 1988: 142 en verder). Sonder dat die vrou haar blik loslaat van die beeld op die monitor, gryp sy na haar geliefde se hand. Dit is egter nie daar nie: Dit is ywerig besig om alles reeds haastig neer te skryf en op te teken, asof die spreker dit eerstehands ervaar. Die hand word beskryf asof dit verwyderd is van die ek-spreker (byna ’n geval van sinekdogee). Hy is nie net ruimtelik verwyderd van sy vrou nie, maar ook ten opsigte van sy missie en tydsperspektief, aangesien hy pelgrimsreise onderneem na “hooggelegen gebouwen, ver voor Christus opgeleverd” (soos die Parthenon op die Akropolis). Terwyl sy geliefde in ’n mediese lokaal lê met gesofistikeerde apparate, reis die digter-spreker die verlede in asof hy op ’n tog na ’n bedevaartsplek is: ’n heilige plek om te gaan aanbid; ’n plek waaraan waardevolle herinneringe verbind is – miskien die grondslae van die Westerse beskawing en kultuur? Of die pelgrimstog van die poësie? Dat die geboue voltooi (“opgeleverd”) is lank voor die koms van Christus, jukstaponeer die Griekse en Christelike godedom as voorbeelde van vervanging en afwisseling (“vertier”). Teenoor die archaïese is daar die moontlikheid van nuwe lewe. Sou dit hier gaan om selftwyfel, om gevoelens van onbeholpenheid ten opsigte van sy komende vaderskap, om ’n vrees vir permanente toewyding, en selfs ’n vrees vir die effek van die “geweld” van skryf? Soos wat die digter dit stel (Schaffer, 2010): “*Kooi* is gefinaliseer voordat ek deur ’n geestelik moeilike tyd gegaan het. Miskien was die poësie wel die oorsaak van die ellende – skryf is mos ’n vorm van geestelike geweld.”

Die gevoel van rigtingloosheid en reddeloosheid is so groot dat dit wil voorkom

asof die spreker op 'n skip is waarvan die sleepdraad (sleeptou of sleepkabel) gebreek is sodat dit nie kan vasmeer nie (“geknapt” roep semanties en klankmatig die “afknapper” van strofe 1 in die herinnering). Hy kan dus nie aan land gaan nie. As die stadsgeluide stiller word, sou hy met 'n “nachtskijker” in staat kon wees om meer en beter te kan sien – volgens Van Dale 'n toestel wat snags op skepe gebruik word en volgens die WAT 'n optiese apparaat wat veral in die weermag gebruik word om beter in die nag te kan waarneem. Die implikasie is dat die spreker in die stil nagtelike ure, wanneer die skip weggedryf het die see in, beter sou kon konsentreer en met een of ander hulpmiddel skerper sou kon sien en tot insig sou kon kom. So 'n nagkyker is noodsaaklik ten einde veilig te kan reis en risiko's af te weer (“Voor alle zekerheid”).

Sou “deze nachtkijker” die visie of perspektief wees wat verskaf word deur die verbeelding, drome of die poësie, spesifiek die poësie van die vaderfigure soos Nijhoff? Teenoor die gevare, onsekerheid, afwesigheid, ontgogeling, mislukking en desillusie wat 'n geweldige impak op sowel inter- as intrapersoonlike verhoudingsaspekte het, is daar wel die nagkyker van die poësie. Want meer is daar nie tot die spreker se beskikking nie. Die ironie is egter daarin geleë dat die poësie sowel reddende as vernietigende potensiaal het.

Vir Dentith (2000: 17-18) is die parodie 'n relatief polemiese, verwysende nabootsing, met wisselende grade van humor; die teiken van kritiek hoef nie die geparodieerde teks self te wees nie, maar dit kan ook die wêreld “daar buite” wees. Omdat Schaffer se hiperteks so ooglopend verskil van die hipotekste, en die nabootsings- of herhalingselement sterk figureer in omskrywings van die parodie, kan daar tereg gevra word of dit inderdaad 'n parodie is. Die titel, “Impasse”, verskaf wel 'n wenk in die rigting van Nijhoff se klassieke gedig, sowel as die ekwivalensies tussen die kreatiwiteits- en verhoudingsprobleme van die gedigte. Hutcheon (2000: 32) se omskrywing kan hier nuttig wees:

Parody, then, in its ironic ‘trans-contextualization’ and inversion, is repetition with difference. A critical distance is implied between the backgrounded text being parodied and the new incorporating work, a distance usually signaled by irony. But this irony can be playful as well as belittling; it can be critically constructive as well as destructive. The pleasure of parody’s irony comes not from humor in particular but from the degree of engagement of the reader in the intertextual ‘bouncing’ [...] between complicity and distance.

Deur die ironiese transkontekstualisering (vergelyk ook Hutcheon, 2000: 101) en omkering; die kritiese afstand; en veral die leser se betrokkenheid by die intertekstuele spel, kan Schaffer se gedig wel as parodie beskou word, of dan op sy minste 'n herskrywing met 'n subtile intertekstuele resonansie.

Die volgende twee “Impasse”-herschrywings verskyn in bundels wat juis herskrywing ten doel gehad het: naamlik *Meesterwerk* en *Nu u!*

3.3 Ronald Ohlsen se “In Groningen”

Ronald Ohlsen (gebore in 1968) is ’n digter, romanskrywer, dramaturg, aanbieder van skryfkursusse en dosent in tweedetaalverwerwing (<http://www.uitgeverijpassage.nl/content/view/97/55/> en http://nl.wikipedia.org/wiki/Ronald_Ohlsen). Sy gedig verskyn in die antologie *Meesterwerk*, met Daniël Dee as samesteller:¹²

In Groningen – Ronald Ohlsen

Ik liet mijn mond hier vullen met gelach.
Voor niks bijna. Het was me weer gegeven.
De nacht bleef stralen als een zomerdag.
Ik ben er tot de ochtend bij gebleven.

Op weg naar huis wist ik niet wat ik zag.
Van alles kwam ik tegen uit dit leven;
die hele film werd afgedraaid. Het mag
een wonder heten dat nu staat geschreven

hoe deze dichter even later thuis
de ketel op het vuur gezet heeft, vragend
wat hem te doen stond bij het gasfornuis

en hoe toen antwoord kwam van een uitdagend
geklede engel, sprekend in de ruis
van water, bijna kokend, vleugeldragend.

Lente in Sydney (2007) en Meesterwerk (2009)

Volgens die agterplat van *Meesterwerk* is ’n groot verskeidenheid digters wat na 1964 gebore is, gevra om ’n poëtiese antwoord te formuleer op hul gunstelinggedig van ’n “grootmeester”. Die jong digters kon self hul meesters kies. Die poëtiese antwoorde neem die vorm aan van “pastiches, weerwoorden, letterlijke antwoorde en nog veel meer vormen” (Dee, 2009: 5).

Wat opval van die peritekstuele gegewens van die bundel (die omslag en kort inleiding), is die verheerlikende aanbidding. Volgens die agterplat van *Meesterwerk* gaan dit goed met die Nederlandstalige poësie. Daar word verwys na inspirasiebronne: die aanraking deur die muse; digters as muses; die ouer digters as barde en “grootmeesters”; die “grote namen” wat staan naas die “aanstormende talenten met hun mooiste gedichten”. Die resultaat van die antwoordgedigte is “zonder twijfel verrassend”; die bloemlesing bied ’n “fantastiese leeservaring” wat “onmisbaar” vir die poësieliefhebber

is. “Lees de gedichten in deze bloemlezing en laat u overrompelen”, lui die slotsin van die inleiding. Op die agterplat staan daar verder:

De jonge generatie dichters timmert behoorlijk aan de weg. Nooit eerder was er zo'n grote verscheidenheid aan dichters in ons taalgebied. Het gaat dan ook goed met de Nederlandstalige poëzie. Maar waar halen die jonge dichters hun inspiratie vandaan? Bij welke oude barden hebben zij de kunste afgekeken?

Ronald Ohlsen se keuse het geval op die eerste variant van Nijhoff. Ohlsen vertel hoe hy Nijhoff in die jare tagtig ontdek het via “Het souper”: “Toen ik dat las, wist ik dat ik digter wilde worden. Met Nijhoff is de ellende begonnen. Uit wraak lees ik nu zijn bloemlezing stuk.” (www.woestenledig.com). Hy meen dat dit belangrik is dat digters ander digters moet lees. Nie af en toe nie, maar struktureel, asof dit vakliteratuur is.

Die gebeure in die oktaaf van die gedig is nie in 'n beperkte ruimte gesitueer nie, maar in Groningen – die stad waar die digter gebore is, as dosent werk en as eerste stadsdigter opgetree het (2005–2006); maar ook die stad van Rutger Kopland, wat 'n gelyknamige gedig geskryf het.¹³

Na 'n nag van verrukking wat soos 'n somerdag straal, gaan die spreker besonder opgetoë na sy huis. Klaarblyklik het iets hom te beurt geval waarop hy nie gereken het nie. Geen beskrywings van die stad word gegee nie, maar dit is asof die lewe in 'n film voor die vreugdevolle spreker afspeel. Hoewel hy al baie dinge beleef het, kan dit wat dan tuis gebeur, as 'n wonder beskou word wat hier in woorde geskryf staan. Met hierdie metapoëtiese moment in die gedig vind 'n wending na die sekstet plaas. Toe die spreker-digter (“deze digter”) kort daarna voor die gasstoof staan en self sy koffie maak, wonder hy wat hy moet doen. Hy rig dus die vraag tot homself, nie sy geliefde nie. Wat die vraag is waaroor die spreker nadink, is nie vir die leser duidelik nie – ook nie die antwoord van die “uitdagend/geklede engel, sprekend/in de ruis van water, bijna kokend, vleugeldragend” nie. Met hierdie surrealistiese toneel word daar nie net aangesluit by die wolkgegewe van die tweede laaste strofe van die 1935-hipoteks nie, maar word dit selfs gesatiriseer. Waarskynlik doem die geliefde in sy geestesoog of in 'n visioen voor hom op soos wat hy haar in hartstogtelike oomblikke in 'n nag van passie ervaar het – in 'n filmiese terugflits, dus. Die geliefde word egter nie slegs in haar verhevenheid voorgestel nie, maar ook in haar seksuele aanloklikheid: 'n eietydse muse met 'n erotiese allure.

Binne die literêre, kulturele en akademiese kontekste van 'n ander eeu word Nijhoff se gedig herinterpreteer en herkodeer deur 'n onderbeklemtoning van die poëtikale problematiek en 'n vooropstelling van die liefdesvervoering as voorwaarde of aanleidende faktor tot die skryfhandeling. Dit is nie asof die skrywer wroeg oor sy skrywerskap nie, maar dit is asof die gedig byna outomaties ontstaan het (“dat nu staat geschreven/hoe deze digter”). Dus: geen skrywersblok, maar 'n gevoel van

ekstase wat spontaan neerslag vind in taal. Ohlsen se gedig verskil dus van die tekste van Breukers en Schaffer, wat die skadelike potensiaal van die poësie demonstreer. Deur die titel lewer dit ook 'n kopknik in die rigting van Kopland, 'n ander digterlike vaderfiguur.

3.4 K. Michel se “Onder het tuimelraam”

Die bekroonde digter K. Michel (Michael Maria Kuijpers; gebore in 1958), een van die Maximalen¹⁴ en redakteur van *Raster*, se herskrywing het in die versamelbundel *Nu u!* (Tazelaar *et al.*, 2009) verskyn (<http://www.kb.nl/dichters/michel/michel-01.html/> en [http://nl.wikipedia.org/wiki/K. Michel](http://nl.wikipedia.org/wiki/K._Michel)). Volgens die agterplat is die bundel “het eigenninnig en poëtisch antwoord” van die Literair Productiehuis Wintertuin, wat “een reeks grote gedichten van toen aan grote dichters van nu” gegee het met die vraag: “Als u dit gedicht nu zou schrijven, hoe zou het dan klinken?” Om die gevaar te besweer dat die poësiekanon 'n “mausoleum” word vir hoogtepunte van die verlede, het sestien toonaangewende digters hul eie weergawes van 'n klassieke gedig geskep. Volgens Poldervaart (2010: 23) kon sommige digters self 'n gedig vir die bundel kies, terwyl ander minder keusevryheid gehad het. K. Michel se keuse het op Nijhoff geval:

Onder het tuimelraam – K. Michel

tussen
twee keukens
tussen
twee sonnetten

tussen
daar en hier
hem en haar

klemt
al dagenlang vandaag
een vraag

maar tussen
stoom en blauwe regen
niet en lied
fluit de fluitketel

Nu u! (2009)

Net soos Daniel Hugo (en anders as die ander herskrywers), betrek Michel albei versies van die Nijhoff-gedig in sy kriptiese weergawe. Dit is veral die verskille tussen die twee variante waarop Michel die filosofiese soeklig laat val: nie net wat betref die twee verskillende slotstrofes nie. Albei hipotekste is in *Nu u!* afgedruk (bladsy 52 en 54) en in die verantwoording (bladsy 100) verskyn volledige besonderhede oor die variante. Hoewel hier ook 'n byeenbring van elemente uit die hipotekste is soos by Hugo, wat aan die etimologie van die woord *pastiche* herinner,¹⁵ kan dit in die lig van Genette (1997: 26) se omskrywing nie as sodanig beskou word nie. Volgens hom is die pastiche imiterend eerder as transformerend – terwyl Michel se gedig volgens my wel transformerend is. Michel se herskrywing word vergesel van 'n kort opmerking, waarin hy onder meer sê: “Aangesien Nijhoff de vrijheid heeft genomen om met dit gedicht te stoeien leek het mij niet geheel ongepast om er nog een ‘overschrijving’ aan te wijden.” Die woordkeuse “overschrijving” roep 'n veel gebruikte metafoor vir intertekstualiteit op, naamlik die palimpses (vergelyk Genette, 1997).

Vir die ongeïdentifiseerde spreker in Michel se gedig gaan dit nie om een oorspronklike Nijhoff-sonnet met twee verskillende slotstrofes, wat tot twee verskillende interpretasies kan lei nie, maar om twee heel afsonderlike, volwaardige sonnette. By 'n werkwinkel vir onderwysers verwys Michel (Poldervaart, 2010) ook nie na “variante” nie, maar na verskillende gedigte. In die inset van sy gedig is bowendien sprake van “twee keukens”. Met inagneming van die fluit van die fluitketel wat die vertelling onderbreek, sou geredeneer kon word dat ook die spreker se eie kombuis as geïmpliseerde ruimte ter sprake kom (dit wil sê as derde kombuis), waar hy “vandaag” onder die tuimelraam nadink oor die Nijhoff-variante. Met elke herlees, herevaluering en herskryf van die hipoteks vind daar 'n vermenigvuldiging van die handelings- en konfrontasieruimtes plaas – wat nie net op die fisiese ruimte van kombuis of slaapkamer (soos in Merwe Scholtz se herskrywing) betrekking het nie, maar ook op die verskillende kulturele, poëtikale en psigiese ruimtes.

Die titel van die gedig is van groot belang: “Onder het tuimelraam” – 'n valvenster, dit wil sê 'n venster waarvan die raam om 'n horisontale as kan draai of oop kan gaan, teenoor 'n skuifvenster of 'n swaaivenster (HAT en VAW). Ten opsigte van die “tuimelraam” in die hipoteks skryf Woltjes (2001) dat 'n “raam” (venster) dikwels by Nijhoff die aardse en die hemelse wêreld verbind. Die woordkeuse “tuimelraam” het vir haar 'n sterk simboliese waarde, omdat “beide werelden aan weerszijden van het raam verwisselbaar zijn en in die zin dus gelijk”. Vir Van den Akker (1989: 127) beklemtoon die “tuimelraam” die “scharnierfunctie tussen vraag en antwoord, terwijl ook de betekenis van ‘tuimelen’, ‘in elkaar vallen’ mee kan spelen”. Na analogie hiervan sou 'n mens kon sê dat Michel se gedig as 'n skarnier dien waarmee die leser bewus gemaak word van die tuimeling van moontlikhede.

Die jukstaponering van elemente uit die Nijhoff-variante word in die slot van Michel se gedig opgevolg deur een van die konstantes in die variante: die fluitketel wat op 'n kritieke oomblik fluit en tot die gewone huishoudelike handeling van koffiemaak

lei. Waar die fluitketel by Nijhoff aan die begin van die sekstet genoem word, word Michel se herskrywing afgesluit daarmee, sonder enige verwysing na die geur wat verbrei (Nijhoff se eerste variant) of die damp wat geur word (tweede variant). Die dramatiese oop slotte van die Nijhoff-variante word hier ietwat gebanaliseer. Wat presies die vraag is wat die spreker in Michel se gedig so pla, is onduidelik. Sy aandag word egter afgelei en in beslag geneem deur die onmiddellikhede – selfs die banaliteite – van die alledaagse lewe.

Michel se gestroopte herskrywing kan beswaarlik sonder die Nijhoff-hipoteks(te) bestaan, waardeur 'n ruim intertekstualiteitsopvatting bevestig word en die modernistiese klem op die outonomie en selfgenoegsaamheid van die literêre teks ondermyn word. Dit is 'n geëkstraheerde aanbieding van die oorspronklike tekste waardeur die problematiek van skryf en interpreteer aan die orde gestel word, veral as die ikoniese status van die Nijhoff-variante en die uitgebreide literêr-akademiese diskoers daaroor in ag geneem word.

Word Hutcheon (2000: 32) se definisie van die parodie betrek, is daar skynbaar nie so 'n groot kritiese afstand tussen Nijhoff se bronteks(te) en Michel se geminimaliseerde herhaling nie. Sou die vers moontlik 'n parodiëring bied van Nijhoff se “obsessiewe” herskrywingsdrang, asook van die toegewyde bestudeerders se gedetailleerde variantestudies? Dit wil egter vir my voorkom of die problematiek verbonde aan die binariteitsdenke wat die gedig demonstreer, wel gekritiseer word, spesifiek wat die Westerse metafisika en die modernistiese estetika betref. Deur die prosedure van oorskrywing (vergelyk Michel se woordkeuse “overschrijving” in *Nu u!*), weglating en haplografering word die leser egter wel toegelaat om deur die tuimelraam van die poësie na die komplekse prosesse van representasie en signifikasie (vergelyk Hutcheon, 1988: 142) te kyk. So gesien, herinner dit ook aan Phiddian (1995: 13-19, 83, 91-96) se gebruikmaking van die derridiaanse metafoor van “writing under erasure”, wat die onmoontlikheid daarvan suggereer om oor die weg te kom sonder daardie woorde wat juis as ontoereikend beskou word. Phiddian gebruik hierdie metafoor vir die verskillende wyses waarop 'n parodie die leser kan uitnooi om die hipotekstuele materiaal te ondersoek, te evalueer en te herkontekstualiseer (Dentith, 2000: 16).

3.5 *Areth se “Zij en ik”*

Die gedigte wat in hierdie artikel onder die loep geneem is, het in min of meer chronologiese volgorde aan bod gekom ten einde 'n narratief van die herskrywingsproses(se) te probeer konstrueer. Die digters is feitlik almal bekende, gekanoniseerde skrywers. Dat Nijhoff se gekanoniseerde gedig nie slegs 'n uitwerking het op rolspelers in die sentrum van die literêre sisteem nie, maar ook op minder bekende digters, blyk uit die herskrywing van ene Areth – Thera Heemskerk volgens die e-posadres onder die gedig (die skrywersnaam “Areth” is afgelei van “Thera”). Na my wete is dit die enigste herskrywing deur 'n vrou. Hierdie gedig het in die “hartenkreten”-afdeling van *gedichten.nl* verskyn met

'n foto daarby (<http://www.gedichten.nl/nedermap/hartenkreten/hartenkreet/139067.html?zoekresultaat=ja>). Die datum onderaan die gedig het betrekking op die datum toe dit op die webblad geplaas is:

Zij en ik – Areth

Wij stonden aan het aanrecht, zij en ik
Ik dacht al dagenlang: zeg het vandaag
Maar omdat ik bang was voor haar vraag
Wachtte ik het allerlaatste oogenblik.

Maar toen ik in haar ogen las: is het te laat?
Zocht ik naar woorden die ik tijdig vinden wou
Voordat ze plotseling het antwoord weten zou
Vroeg ik: waarover wil je dat ik praat?

Luid vangt de telefoon te rinkelen aan
Haar hullend in een gloed die opwaarts schiet
Waarna een stilte die een afscheid biedt.

Dan zegt zij zacht, mijn armen om haar heen
Terwijl haar tranen druppen in mijn schoot
En zich de angst ontlaadt: papa is dood.

(pastiche op 'Impasse' van M. Nijhoff)
13-06-2008



Areth se herskrywing volg die hipoteks wat vorm betref redelik getrou na. Enkele woordvervangings in die inset stuur egter die gedig in 'n heel ander rigting: Die ekspreker (waarskynlik die moeder of ouma van die kind) is nie bekommerd oor haar eie vraag nie, maar oor die vraag van die kind. Haar soeke na geskikte woorde hang nie saam met haar eie problematiek nie, maar met dié van die kind, wie se pa blykbaar ongesteld is. Uiteindelik vra sy dan wel 'n vraag: “waarover wil je dat ik praat?” Sy wil dus kommunikasie tussen haar en die kind bewerkstellig. Die telefoon se gerinkel bied nie aan die kind die geleentheid om te antwoord nie. Die stilte daarna het waarskynlik betrekking op die oordra van die sterwensboodskap oor die telefoon. Dit is die bedroefde kind wat self die afleiding maak en aankondig “papa is dood”.

Nijhoff se metapoëtiese gedig “Impasse” is hier toegeëien vir 'n hoogs persoonlike doel en na 'n private ruimte getransponeer. Waar dit in die meeste van die herskrywings om verhoudings tussen geliefdes gaan, gaan dit hier om die afsterwe van 'n geliefde, sorgsame en toegewyde vader – soos uit die foto blyk. Areth se gedig het geen literêre pretensie nie, maar is “vertaal” na die persoonlike domein van 'n onbekende individu. Waar die verhoudingsimpasse in die eerste Nijhoff-variant ietwat versluierd is, geniet persoonlike gegewens hier voorrang. Die intimiteit van die gebeurtenis verkry openbare blootstelling deurdat die gedig en die foto op die internet verskyn. Dat die voetskrif dit as 'n pastiche tipeer, stem ooreen met Dentith (2000: 194) se definisie, naamlik dat dit nabootsing sonder kritiese afstand is, dit wil sê “blank parody”. Die vertroude inhoud en vorm van die Nijhoff-gedig verskaf waarskynlik vertroosting en koestering aan die digter en haar familieleden en moontlik ook aan lesers van die webblad wat bekend is met die hipoteks.

4. Slot

Nijhoff se ikoniese gedig is al meer as 75 jaar lank in die literêre blikveld. 'n Wye verskeidenheid rolspelers in die Afrikaanse, Nederlandse en Vlaamse literêre sisteme reageer daarop: literatore; vertalers; gekanoniseerde én minder bekende digters. Twaalf herskrywings van “Impasse” is in my ondersoek gevind: drie in Afrikaans en nege in Nederlands (vyf van die nege Nederlandse herskrywings is in hierdie artikel bespreek). Op twee uitsonderings na, naamlik die gedigte van Ad Zuiderent (1988) en Charles Ducal (1994), het die Nederlandstalige herskrywings ná die Afrikaanse weergawes verskyn. Dit is onseker in welke mate die Nederlandse/Vlaamse outeurs rekening gehou het met mekaar se herskrywings (wat wel so is ten opsigte van die drie Afrikaanse herskrywings). Die Nederlandstalige gedigte is oorwegend ernstig van aard (teenoor die gedigte van T.T. Cloete en Merwe Scholtz wat geestige en speelse elemente bevat). Twee van die gedigte is in versamelbundels opgeneem wat herskrywings ten doel gehad het, naamlik dié van Ronald Ohlsen (in *Meesterwerk*) en dié van K. Michel (in *Nu u!*).

Die doelstelling met hierdie artikel was nie om die transformerende herskrywings

volgens 'n vaste definisie en 'n parodiëringskaal te orden nie (byvoorbeeld: Watter gedig kan as die skerpste parodie beskou word? Kan Schaffer se gedig hoegenaamd as 'n parodie beskou word, of is dit slegs 'n voorbeeld van intertekstualiteit?), hoewel aspekte hiervan wel ter sprake gekom het. Die doelstelling was wel om na te gaan wat die impasse in die onderskeie transformerende tekste behels en om te probeer vasstel in watter mate die herskrywings aansluit by of afwyk van die tematiek van die Nijhoff-bronteks(te). Daarby is ondersoek ingestel na die kritiese of polemiese inslag van die gedigte.

Die herskrywings staan meestal nie in 'n sterk of aggressiewe polemiese verhouding met die Nijhoff-tekste nie, maar met eietydse vraagstukke. Michel se gedig (asook dié van T.T Cloete) lewer egter wel kritiek op die modernistiese estetika wat onderliggend aan die Nijhoff-variante is (dus: poësie as kritiek – Dentith, 2000: 33). Michel se skynbaar eenvoudige herskrywing bied aan die leser verskeie moontlikhede om die Iseriaanse leë plekke te vul en binêre opposisiestellings (soos in die gedig) te bevraagteken. Sy minimalistiese herskrywing is tegelykertyd 'n huldiging én 'n ironisering van die Nijhoff-brontekste en Nijhoff se herskrywingsdrang. Ook demonstreer en ontmasker dit op kritiese en polemiese wyse deur middel van nabootsing en kontrastering iets van die binariteitsdenke van die Westerse metafisika, asook die modernistiese estetika. Die polemiese aspek van Breukers se gedig is geleë in die tema van die skade, selfs geweld, wat die poësie aan 'n verhouding kan berokken, teenoor die tradisioneel aanvaarde sublimasiepotensiaal van die poësie (soos by Nijhoff). Hierdie tematiek kom ook in Schaffer se gedig na vore. In laasgenoemde hiperteks is daar wel die moontlikheid van pogings om afstande te oorbrug, breuke te herstel en risiko's te vermy – sodat die gedig in 'n polemiese verhouding tot dié van Breukers staan, en op beide slotte van die Nijhoff-variante inspeel.

Net soos wat Nijhoff se “ik weet het niet”-variant skynbaar oor 'n kreatiewe impasse handel, en onderliggend oor 'n verhoudingsproblematiek, handel die meeste van die bespreekte gedigte in wisselende mate oor 'n kombinasie van kreatiewe en relasieprobleme. Die herskrywings bevat almal in mindere of meerdere mate 'n element van metafiksie (vergelyk Rose, 1979: 59 en verder). Die vrou in die gedigte funksioneer nie net as geliefde nie, maar ook as leser en muse. In drie van die geselekteerde gevalle is die vrou nie aanwesig in dieselfde fisiese ruimte as die spreker-digter nie: In Ohlsen se gedig is die vrou iewers in Groningen; in Schaffer se gedig bevind sy haar in 'n mediese lokaal (terwyl die spreker-digter hom blykbaar in Griekeland bevind); en in Michel se gedig is sy afwesig (die “haar” in strofe 2 het betrekking op die vrou in die hipotekste). In Ohlsen se herskrywing word die liefdesgeluk vooropgestel, met 'n eietydse muse in die vorm van 'n “uitdagend/geklede engel”, wie se (verswêë) antwoord die digter aanspoor tot die skryf van 'n gedig oor sy ervaringe in Groningen. Die problematiek van skryf word hier skynbaar ondergeskik gestel aan die liefdeservaring, waardeur Barthes (1975: 14) se *jouissance*-konsep as teoretiese teenhanger na vore tree. Ohlsen se gedigtitel situeer die byna surrealistiese gebeure in sowel 'n stedelike as 'n metapoëtiese ruimte, sodat Kopland naas Nijhoff as literêre vaderfiguur dien.

In Breukers en Schaffer se gedigte is daar geen vraag wat gevra of beantwoord (moet) word nie. Deur hul swygsaamheid verskil die vroue in hierdie twee gedigte van die ander vroue in die Nijhoff-variante en in die meeste van die ander herskrywings (veral in die gedig van Cloete, waarin daar 'n besonder spraaksame vrou teenwoordig is). Die twee gedigte demonstreer die negatiewe effek van digterskap op 'n verhouding: Waar beide die digter en sy geliefde in Breukers se gedig geïmmobiliseer word omdat hulle nie bepaalde kodes deel nie, is daar in Schaffer se gedig wel die moontlikheid van uitreiking en versoening. Inhoudelik wyk Schaffer se ingewikkelde hiperteks waarskynlik die sterkste af van die hipotekste en representeer dit bepaalde eksistensialistiese kwessies in 'n geglobaliseerde en tegnies gesofistikeerde wêreld.

Teenoor die ander gedigte dien Areth se intieme herskrywing 'n terapeutiese doel en lewer dit bewys van die trefkrag en draagwydte van Nijhoff se teks. Met die uitsondering van haar pastiche vertoon al die hipertekste wat ek bespreek het, 'n ironiese transkontekstualisasie en 'n kritiese afstand ten opsigte van die hipotekste (Hutcheon, 2000: 32 en 101), asook ten opsigte van die wêreld "daar buite" (Dentith, 2000: 17-18).

Dentith se inklusiewe benadering het nuttig geblyk by hierdie ondersoek. Sy ondersoeksvrae kan die navorser help om korpusse herskrywings soos die Nijhoff-herskrywings te bestudeer (Dentith, 2000: 188). Hierdie vrae, wat ek in my artikel probeer beantwoord het, is: Watter kulturele werk word deur die parodie of parodië geaffekteer (en op watter wyse)? In wie se belang of namens wie vind die parodiëring plaas? Met watter mate van geestigheid, vernuf en energie geskied dit? Hierdie vrae kan slegs beantwoord word deur die spesifieke uitinge in hul kontekste te bestudeer.

Universiteit van Stellenbosch

Bronnelys

- Areth (Thera Heemskerk).** 2008. "Impasse". <http://www.gedichten.nl/nedermap/hartenkreten/hartenkreet/139067.html?=-zoekresultaat=ja> (geraadpleeg op 1 Julie 2011).
- Barthes, Roland.** 1975 [1973]. *The Pleasure of the Text* (vert. Richard Miller). New York: Hill & Wang.
- Bibliografie van de Literaire Tijdschriften in Vlaanderen en Nederland.** <http://bltvn.kb.nl> (geraadpleeg op 24 April 2012).
- Breukers, Chrétien.** 2007 [2005]. Impasse. http://www.epibreren.com/rs/rs_frame.html?breukers.html. 13 Nov (geraadpleeg op 8 Julie 2011).
- Cloete, T.T.** 1982. *Jukstaposisie*. Kaapstad: Tafelberg.
- De Bezige Bij.** <http://www.debezigebij.nl/web/Auteur/Alfred-Schaffer-1.html> (geraadpleeg op 8 Julie 2011).
- Dee, Daniël** (red.). 2009. *Meesterwerk*. Groningen: Passage.
- Dentith, Simon.** 2000. *Parody*. Londen en New York: Routledge.

- Ducal, Charles.** 1994. *Moedertaal*. Antwerpen en Amsterdam: Atlas.
- Evans, Ivor H.** 1988 [1870]. *Brewer's Dictionary of Phrase and Fable*. Londen: Cassell.
- Genette, Gérard.** 1997 [1982]. *Palimpsests: Literature in the Second Degree*. Verts. Channa Newman en Claude Doubinsky. Nebraska: University of Nebraska Press.
- Goudeseune, Koenraad.** 2005. *Zen uit eigen werk*. Amsterdam en Antwerpen: Atlas.
- Gruwez, Luuk.** 2010. Chrétien Breukers. Het is niet anders. *De Standaard*, 11 Junie. <http://www.standaard.be/artikel/detail.aspx?artikelid=M52R7874> (geraadpleeg op 8 Julie 2011).
- Handwoordeboek van die Afrikaanse taal (HAT).** 1994 [1965]. Johannesburg: Perskor.
- Hugo, Daniel.** 2002. *Die twaalfde letter*. Pretoria: Protea Bockhuis.
- Huizinga, Johan.** 1935. *In de schaduwen van morgen: Een diagnose van het geestelijk lijden van onze tijd. Verzamelde werken VII*. Haarlem: Tjeenk Willink. http://www.dbnl.org/tekst/huiz003gesc03_01/huiz003gesc03_01_0021.php (geraadpleeg op 20 April 2012).
- Hutcheon, Linda.** 1988. *A Poetics of Postmodernism: History, Theory, Fiction*. Londen: Routledge.
- Hutcheon, Linda.** 2000 [1985]. *A Theory of Parody: The Teachings of Twentieth-Century Art Forms*. Urbana en Chicago: University of Illinois Press.
- Koninklijke Bibliotheek.** <http://www.kb.nl/dichters/schaffer/schaffer-bio.html> (geraadpleeg op 8 Julie 2011).
- Michel, K.** 2009. Onder het tuimelraam. In: Tazelaar, Frank, Willem Claassen, Monique Warnier *et al.* 2009. *Nu u!* Nijmegen: Literair Productiehuis Wintertuin.
- Naudé, Charl-Pierre.** Alfred Schaffer as voorbeeld van die hermetiese poësie. <http://versindaba.co.za/2009/11/17/alfred-schaffer-vertalings> (geraadpleeg op 1 Mei 2012).
- Naudé, Charl-Pierre.** 2012. E-posbrief aan Ronel Foster, Julie.
- Nijhoff, Martinus.** 1963 [1953]. *Verzamelde gedichten*. Tekstverzorging Gerrit Kamphuis. Den Haag: Bert Bakker en Daamen N.V.
- Nijhoff, Martinus.** 1982 [1935]. Over eigen werk. *Verzamelde werk, deel 2, Kritisch, verhalend en nagelaten proza*. Amsterdam: Bert Bakker: 1150-1174.
- Nijhoff, Martinus.** 1993. *Gedichten, Deel I Tekst, Deel 2 Commentaar, Deel 3 Apparaat*. Historischkritische uitgave, verzorgd door W.J. van den Akker en G.J. Dorleijn. Assen/Maastricht: Van Gorcum.
- Nijhoff, Martinus.** 2001. *Verzamelde gedichten*. Tekstverzorging W.J. van den Akker en G.J. Dorleijn. Amsterdam: Bert Bakker.
- Nolens, Leonard.** 2008. *Woestijnkunde. Gedichten*. Amsterdam en Antwerpen: Em. Querido.
- Ohlsen, Ronald.** 2007. In Groningen. *Passionate. Tijdschrift voor de Nieuwe Letteren*, 14 (1): 10. Januarie/Februarie. <http://bltvn.kb.nl/browse?lv=4&issue=BLTVN:ISSUE:474638727> (geraadpleeg op 24 April 2012).
- Ohlsen, Ronald.** 2009. In Groningen. In: Dee, Daniel (red.). *Meesterwerk*. Groningen: Passage.
- Phiddian, Robert.** 1995. *Swift's Parody*. Cambridge: Cambridge University Press.

- Poldervaart, Karin.** 2010. Nu u! Als je dit gedicht herschrijft, hoe klinkt het dan? *Verslagen dag van het literatuur onderwijs*. http://www.dagvanhetliteratuuronderwijs.nl/www/filelib/file/DLO_verslagendef2.pdf (geraadpleeg op 27 April 2012).
- Polis, Harold.** 2009. Na ons de canon. In: Tazelaar, Frank, Willem Claassen, Monique Warnier *et al.* 2009. *Nu u!* Nijmegen: Literair Productiehuis Wintertuin.
af van de Afrikabeelden die door Hans Ester naar voren zijn gehaald. De lezing door een actor in het Zuid-Afrikaanse literaire systeem is om evidente redenen anders dan de eurocentrische, op (Zuid-)Afrika gerichte focus van Nederlandse literatuurbeschouwers. In Kannemeyers vertoog wordt bijvoorbeeld niet gerefereerd aan de Europese cultuur – hij spreekt over de “verkliptheid” van de mens, een term waarvoor geen Nederlands woord bestaat – en is er sprake van mythologische en thematische verbanden. Hij brengt *Aan die Kaap geskryf* (1994) in verband met “die sewentiende-eeuse Nederlandse poësie met sy lang uitgesponne aleksandrynse barokverse”, zoals “Vondel se lofsonnet oor Amsterdam” (Kannemeyer, 1998: 243). In tegenstelling tot Dorsman en Ester maakt Kannemeyer wel melding van Afrikaanstalige dichters wier werk als referentiekader wordt ingezet. In *Ons Erfdeel* zijn dat zoals gezegd D.J. Opperman en Peter Blum, in *Die Afrikaanse literatuur* worden onder anderen N.P. van Wyk Louw, Jan F. Celliers en Louis C. Leipoldt genoemd.

Kort na de uitgave van Komrij's *De Afrikaanse poëzie* verwoordde de Nederlandse dichter en uitgeefredacteur Alfred Schaffer een uitgebreide status quaestionis op de Nederlandse poëziesite *Meander*. De digitale bijdrage geeft een “stand van zaken in de Afrikaanse poëzie aan het eind van de 20ste eeuw” (1999). Schaffer stelt “een constant groeiende belangstelling in Nederland voor het Afrikaans en Zuid-Afrika in het algemeen en de Afrikaanstalige literatuur in het bijzonder” vast. Na Breytenbach en Eybers kregen “de gecensureerde werken van schrijvers als André Brink of de Engels schrijvende J.M. Coetzee” een forum aangereikt in Nederland. In de postapartheidsperiode krijgen méér auteurs aandacht. Naast Antjie Krog en Daniel Hugo noemt Schaffer Stockenström “[die] al langer dan vandaag aan een sterk en belangrijk oeuvre” werkt. In zijn particuliere en dus voor discussie vatbare overzicht bespreekt hij ontwikkelingen in de Afrikaanse literatuur na de Dertigers en de Sestigters, met inbegrip van de “kleurlingen [die zich] vanaf de jaren veertig en vijftig beginnen [...] te roeren”. In het rijtje figureren S.V. Petersen, Adam Small, P.J. Philander, Lionel Sheldon, Marius Titus, Peter Snyders en anderen. Wat Stockenström betreft volstaat hij met de stelling dat zij, net als Elisabeth Eybers, Daniel Hugo, Lina Spies en T.T. Cloete, “niet bekend [staat] om [haar] politieke stellingname” (1999). Met deze visie sluit Schaffer wellicht méér aan bij Kannemeyers thematische en intertekstuele lezing van de poëzie en wijkt hij af van de op politiek en maatschappij gefocuste lectuur van Hans Ester. Tot slot van zijn betoog gaat Schaffer nog in op “het literaire bedrijf en de positie van het Afrikaans”.

Naast Stockenström noemt Alfred Schaffer Antjie Krog, Breyten Breytenbach, Daniel Hugo, Johann de Lange, Joan Hambidge en Gert Vlok Nel “de grote namen” voor wie het “geen enkel probleem [is] om bundels uit te blijven geven”. In het scheppende literaire oeuvre van Schaffer komt trouwens een opvallende *mention* van Stockenström voor in de vorm van een paratekstueel element. De dichter heeft voor de afdeling “Bondgenoten” in *Geen hand voor ogen* (2004) een motto ontleend aan Stockenströms gedicht “Dwaas met bril” (“My medemens het sagte kontoere”). Op

die intertekstuele/paratekstuele manier heeft hij de Zuid-Afrikaanse dichter nog méér aanwezig gesteld in de Nederlandse literatuur.

Dorsmans tweetalige bloemlezing *Vir die bysiende leser/Voor de bijziende lezer* heeft alles samen niet zoveel weerklank in de Nederlandse literatuurkritiek gekregen. De recensie van Peter Swanborn in *de Volkskrant* is een enthousiasmerend overzichtsstukje, met vooral aandacht voor de situatie van het Afrikaans en de bemiddelende rol van Komrij en Dorsman voor de bekendmaking van Afrikaanse poëzie in Nederland. Voor de webrubriek “Afrikaans in Europa” van de Universiteit Wenen heeft Luc Renders in september 2007 een bio- en bibliografisch artikel over Stockenström beschikbaar gesteld. Een eerdere versie van deze tekst was al te lezen op Renders’ website *Gramadoelas home*. De teneur van de bijdrage wordt gevat in deze zin: “Terwijl de poëzie van Stockenström enerzijds door de focus op de *condition humaine* een universele inslag heeft, is er anderzijds een erg concrete dimensie in aanwezig.” (Renders, 2007). In tegenstelling tot Dorsman (die het “apolitieke” en “ongodsdienstige” karakter van het dichtwerk benadrukt) karakteriseert Renders de poëzie volstrekt anders. Diens visie staat zelfs diametraal tegenover de zienswijze van de Nederlandse vertaler (Renders, 2007):

Ondanks de universaliteit van de door haar behandelde thematiek is de poëzie van Wilma Stockenström diep in de Zuid-Afrikaanse bodem geworteld. Het landschap en de dierenwereld, het verleden en het heden van Zuid-Afrika zorgen voor een stevige lokale verankering. Bovendien schuwt Stockenström geen directe commentaar op de politieke situatie in Zuid-Afrika. Ze neemt expliciet stelling in tegen de apartheid. Wilma Stockenström is uit en uit [sic] een Afrikaanse dichteres die vanuit haar Zuid-Afrikaanse achtergrond getuigt van een essentieel en universeel menszijn.

Op het moment dat Renders zijn beschouwing online plaatste, was Stockenström al present in het Nederlandse literaire systeem, dankzij festivaloptredens en tijdschriftpublicaties, maar evenzeer door de bemiddeling van critici als Hans Ester en John Kannemeyer én aanzienlijk geholpen door de “essentialistische” bloemlezing van Gerrit Komrij en de vertalingen van Robert Dorsman.

4. Besluit

In zijn enigszins provocerende tekst in *Nederlandse Letterkunde*, waarin “een institutioneel-poëticaal of institutioneel-literairhistorisch kader” enerzijds en een tekstinterpretatief onderzoek anderzijds als “onverenigbaar” zijn voorgesteld, verdedigt Dorleijn (2009: 15) nadrukkelijk de cultuurwetenschappelijke benadering. Zo refereert hij expliciet aan disciplines als cultuurgeschiedenis, cultuursociologie en cognitieve wetenschappen, met hun eigen theoretische fundering en methodologische premissen, die het cultuurwetenschappelijk onderzoek ten goede komen. De vraag naar betekenisgeving van literaire teksten en auteurs “kan heel goed binnen het institutioneel-poëticaal

kader worden gesteld” (Dorleijn, 2009: 16). Vanuit dit perspectief worden onder meer de mechanismen die ten grondslag liggen aan de presentie en de receptie van auteurs en teksten aan een analyse onderworpen. Het literair-institutionele onderzoeksterrein is natuurlijk veel breder dan alleen receptiestudie.⁷ De receptiestudie heeft een breed spectrum zoals in de inleiding is aangestipt. Analyse van statements en visies van recipiënten van literaire teksten is een onderdeel van de institutioneel-poëtische benadering. Recensies en vertalingen van teksten kunnen vanuit hun functionele of strategische opzet worden bestudeerd. Vanuit een vertaalwetenschappelijk perspectief kan nader worden ingegaan op de vertaler als bemiddelaar, zoals in het onderzoek van Ton Naaijens. Dit onderzoeksperspectief is zoals vermeld voor deze verkennende studie niet gebruikt. De werkmethode die is aangewend voor dit artikel heeft vanzelfsprekend ook haar beperkingen (Dorleijn, 2009: 7):

Uiteraard kan de lectuur van een enkele recensie nooit het enig doel zijn van literair-historisch onderzoek. Andere, verderstrekkende onderzoeksvragen dienen daarvoor geformuleerd te worden, bijvoorbeeld met betrekking tot de kritische praktijk en carrière van één recensent (in relatie tot andere recensenten), de praktijk in één orgaan of soort orgaan (dagbladkritiek, tijdschriftkritiek) in een bepaalde periode (in relatie tot andere organen) of de kritische praktijk rond één genre in een bepaalde periode, waarbij welomschreven verwachtingen de vraagstelling moeten sturen.

In de besproken casussen heb ik ingezet op de presentie en de receptie van Sheila Cussons en Wilma Stockenström in de Nederlandse literatuur en niet zozeer of uitsluitend op de tekstinterpretatie van het vertaalde dichtwerk. Ervan uitgaande dat buitenlandse auteurs en teksten “verweven [kunnen] raken in het Nederlandse literaire en poëtische discours” (Andringa, Levie en Sanders, 2006: 200), is het relevant de zienswijze en uitspraken te bestuderen van recipiënten (vertalers, literatuurhistorici, recensenten) in een ander literair systeem. Vanzelfsprekend kunnen de onderzoeksbevindingen in een breder diachroon en gepersonaliseerd kader worden geplaatst. Ik heb de recensies vooral vergelijkend gelezen en ben op zoek gegaan naar enkele receptiepatronen. Ander vertaalwerk van Gerrit Komrij en Robert Dorsman kan in aanvullend onderzoek worden verdisconteerd,⁸ reacties in de Zuid-Afrikaanse, Nederlandse en Vlaamse literaire systemen (Van Zyl, T.T. Cloete en J.C. Kannemeyer respectievelijk Van den Akker, Komrij, Dorsman, Ester, Renders) kunnen vanuit een comparatistisch perspectief worden gelezen. Institutioneel onderzoek houdt in het beste geval rekening met de bredere individuele beschouwerspraktijk en de periodieken en uitgeverijfondsen waarin deze actoren actief waren en zijn.

*Universiteit Gent
Buitengewone Hoogleraar, Universiteit van Stellenbosch*

Bronnelys

- Andringa, Els, Sophie Levie en Mathijs Sanders.** 2006. Het buitenland bekeken. Vijf internationale auteurs door Nederlandse ogen (1900-2000). *Nederlandse Letterkunde*, 11(3): 197-210.
- Anoniem.** 2007. Wilma Stockenström. *LitNet*, September. http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&news_id=23288&cause_id=1270.
- Bousset, Hugo.** 1999. [Editoriaal]. *Dietsche Warande & Belfort*, 144(3): 291-292.
- Breukers, Chrétien.** 2010. Poëzierapport: Clubsandwich. *De Contrabas*, November: 11. http://www.decontrabas.com/de_contrabas/2010/11/clubsandwich.html.
- Cloete, T.T.** 1998. Wilma Stockenström. In: Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Pretoria: J.L. van Schaik. Deel 2: 607-620.
- Cussons, Sheila.** 1985. *Poems. A Selection*. Cape Town: Tafelberg.
- Cussons, Sheila.** 2006. *De schitterende wond*. Vertaling en samenstelling G. Komrij. Amsterdam: Uitgeverij 521 [Sandwich-reeks 14].
- De Geest, Dirk.** 2010. Avant-garde als strategie: het tijdschrift *De Tafelronde*. Het literaire tijdschrift als vertoog. *Nederlandse Letterkunde*, 15(3): 221-240.
- Dorleijn, Gillis J. en Kees van Rees** (red.). 2006. *De productie van literatuur. Het literaire veld in Nederland 1800-2000*. Nijmegen: Vantilt.
- Dorleijn, Gillis J.** 2009. De plaats van tekstanalyse in een institutioneel-poëtische benadering. *Nederlandse Letterkunde*, 14(1): 1-19.
- Dorsman, Robert.** 2000. Nawoord. In: Stockenström, Wilma. *Vir die bysiende leser/Voor de bijziende lezer*. Amsterdam/Antwerpen: Atlas: 152-154. Zie ook: Wilma Stockenström: *Vir die bysiende leser*. *LitNet*: Mei. <http://www.oulitnet.co.za/vholland/stocks.asp>.
- Ester, Hans.** 1989. De mens en zijn rol bij Wilma Stockenström. *De Gids*, 152:160-165. http://www.dbnl.org/tekst/_gid001198901_01/_gid001198901_01_0026.php.
- Francken, Eep en Luc Renders.** 2005. *Skrywers in die strydperk. Krachtlijnen in de Zuid-Afrikaanse letterkunde*. Amsterdam: Bert Bakker.
- Genette, Gérard.** 1987. *Seuils*. Paris: Editions du Seuil.
- Glorie, Ingrid.** 2002. Gerrit Komrij en de Zuid-Afrikane. *LitNet*. <http://www.oulitnet.co.za/glorie/glorie8.asp>.
- Hoorne, Philip.** 2009. De Sandwich-reeks nrs. 17 & 18. *Poëzierapport*. Januari: 8. <http://poezierapport.blogspot.com/2008/01/de-sandwich-reeks-nrs-17-18.html>.
- Kannemeyer, J.C.** 1998. Die mens tussen vergetelheid en glans. Oor die werk van Wilma Stockenström. *Ons Erfdeel*, 41(2): 235-244. http://www.dbnl.org/tekst/_ons003199801_01/_ons003199801_01_0044.php.
- Kannemeyer, J.C.** 2005. *Die Afrikaanse literatuur 1652-2004*. Kaapstad/Pretoria: Human & Rousseau.
- Komrij, Gerrit.** 1979. *De Nederlandse poëzie van de negentiende en twintigste eeuw in duizend en enige gedichten*. Amsterdam: Bert Bakker.
- Komrij, Gerrit.** 1986. *De Nederlandse poëzie van de zeventiende en achttiende eeuw in duizend*

- en enige gedichten*. Amsterdam: Bert Bakker.
- Komrij, Gerrit.** 1994. *De Nederlandse poëzie van de twaalfde tot en met de zestiende eeuw in duizend en enige bladzijden*. Amsterdam: Bert Bakker.
- Komrij, Gerrit.** 1996. *De Nederlandse poëzie van de twaalfde tot en met de twintigste eeuw in 3000 en enige gedichten*. Amsterdam: Bert Bakker.
- Komrij, Gerrit.** 1999. *De Afrikaanse poëzie in 1000 en enige gedichten*. Amsterdam: Bert Bakker.
- Komrij, Gerrit.** 2006. Vooraf. In: Cussons, Sheila. *De schitterende wond*. Amsterdam: Uitgeverij 521 [Sandwich-reeks 14]: 7-10.
- Naaijken, A.B.M.** (red.). 2010a. *Event or Incident/Événement ou Incident. On the Role of Translations in the Dynamics of Cultural Exchange/Du rôle des traductions dans les processus d'échanges culturels*. Bern: Peter Lang.
- Naaijken, A.B.M.** 2010b. Instroom, invloed, impact. Over de rol van vertalingen in culturele uitwisselingsprocessen. In: Fenoulhet, J. en J. Renkema (red.). *Internationale neerlandistiek: een vak in beweging*. Gent: Academia Press: 81-94.
- Renders, Luc.** 2007 [2004]. Wilma Stockenström: Tussen nietigheid en oneindigheid. Afrikaans in Europa. Universit t Wien. <https://aie.ned.univie.ac.at/node/13485>.
- Schaffer, Alfred.** 1999. Lank lewe die poëzie. *Meander Magazine*: November. <http://cerder.meandermagazine.net/artikelen/artikel.php?txt=1015&id>.
- Schaffer, Alfred.** 2004. *Geen hand voor ogen*. Amsterdam: De Bezige Bij.
- Stockenstr m, Wilma.** 1970. *Vir die bysiende leser*. Kaapstad: Reijger-Uitgewers.
- Stockenstr m, Wilma.** 1976. *Van vergetelheid en van glans*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Stockenstr m, Wilma.** 1984. *Monsterverse*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Stockenstr m, Wilma.** 1994. *Aan die Kaap geskryf*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Stockenstr m, Wilma.** 1999. *Gedichten*. Dietsche Warande & Belfort, 144(3): 301-308.
- Stockenstr m, Wilma.** 2000. *Vir die bysiende leser/V r de bijziende lezer*. Vertaling en samstelling R. Dorsman. Amsterdam/Antwerpen: Atlas.
- Swanborn, Peter.** 2001. Ik wantrouw woorden. *de Volkskrant*, Februar: 16. <http://www.volkskrant.nl/vk/nl/2844/Archief/archief/article/detail/600143/2001/02/16/Ik-wantrouw-woorden.dhtml>.
- Terblanche, Erika.** 2009. Sheila Cussons. *LitNet*, Maart. http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&news_id=62516&cause_id=1270.
- Van den Akker, Wilma.** 2006. Twee vrouwe in de sandwich. H l ne Gel ns – *niet beginnen bij het hoofd* en Sheila Cussons – *De schitterende wond*. *Meander Magazine*. <http://meandermagazine.net/print.php?txt=3093&ab=A>.
- Van der Pluijm, Cees.** 2000. Bruna.nl. <http://www.bruna.nl/boeken/de-schitterende-wond-9789049970321>.
- Van Gorp, H., R. Ghesquiere, D. Delabastita en J. Flamend.** (red.). 1991. *Lexicon van literaire termen*. Leuven: Wolters.
- Van Zyl, Wium.** 1998. Sheila Cussons. In: Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Pretoria: J.L. van Schaik. Deel 1: 362-371.

Note

- ★ Met dank aan de peer reviewers voor de waardevolle suggesties en de kritische beoordeling van deze tekst.

- 1. In 1979 verscheen de eerste editie van *De Nederlandse poëzie van de negentiende en twintigste eeuw in duizend en enige gedichten*, in 1986 *De Nederlandse poëzie van de zeventiende en achttiende eeuw in duizend en enige gedichten* en tot slot in 1994 *De Nederlandse poëzie van de twaalfde tot en met de zestiende eeuw in duizend en enige bladzijden*.
- 2. Noch de Engelse vertaling die de auteur zelf van haar gebloemleesde poëzie samenstelde (*Poems. A Selection*, 1985) en de Engelse vertaling van vroege gedichten in *The Penguin Book of South African Verse* (Van Zyl, 1998: 362) noch de verzamelbundel met religieuze poëzie door Amanda Botha (*'n Engel deur my kop*, 1997) dienden als brontekst. Komrij baseerde zich voor zijn bloemlezing op de oorspronkelijke brontaalksten. Botha's tweede anthologie met niet-religieuze poëzie, *Die asem wat ekstase is*, verscheen overigens pas in 2000. De *Versamelde gedigte* van Cussons zijn postuum uitgegeven in 2006. Op dat ogenblik was er nog steeds geen poëzie in Nederlandse vertaling beschikbaar.
- 3. Komrij's scatologische belangstelling resulteerde in *Kakafonie* (2006). Ook de door hem gebruikte term "drekpoëten" kan in dit referentiekader worden geplaatst.
- 4. De term is gemunt door Jérôme Meizoz (in *Postures littéraires. Mises en scène modernes de l'auteur. Essai*, 2007) en heb ik ontleend aan Dorleijn (2009: 13): "Uitgaande van de gedachte van Bourdieu dat actoren in het veld naar 'objectieve' posities streven, stelt Meizoz dat een auteur zo'n positie in het veld kan bereiken, en ook een eenmaal ingenomen positie kan proberen te veranderen, door hierover 'te onderhandelen', via zijn zelfpresentatie [...]."
- 5. De Nederlandse periodieken *Armada. Tijdschrift voor wereldliteratuur* (mei 2004) en *De Gids* (november-december 2008) hebben afleveringen over Zuid-Afrikaanse literatuur samengesteld. In het dossier 'Identiteit in tekst en taal' (red. E. Jansen) van *Armada* zijn in een vertaling van Robert Dorsman en Jan van der Haar 'Nieuwe gedichten' van Stockenström opgenomen. In het themanummer van *De Gids*, getiteld 'Plaatsen van Afrikaner herinnering', is Stockenströms 'Gegroet, julle wat was' gepubliceerd.
- 6. De eerste editie is verschenen onder de titel *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur* (Pretoria/Kaapstad/Johannesburg: Academica, 2 delen: 1978/1983). Later zijn in één band *Die Afrikaanse literatuur 1652-1987* (Kaapstad/Pretoria: Academica, 1988) en *Die Afrikaanse literatuur 1652-2004* (Kaapstad/Pretoria: Human & Rousseau, 2005) uitgegeven.
- 7. Receptieonderzoek is *an sich* een verzamelnaam (Van Gorp, Ghesquiere, Delabastita en Flamend, 1991: 334-336).
- 8. In mijn artikel 'Beloken blikvelden in de Lage Landen. Eenentwintigste-eeuwse receptie van Nederlandse vertalingen van Afrikaanse poëzie (Ingrid Jonker, Antjie Krog en Ronelda S. Kamfer)' heb ik vanuit een diachroon perspectief vergelijkend onderzoek naar de presentie en de receptie van Zuid-Afrikaanse dichters in een ander literair systeem ondernomen (in *Tydskrif vir Letterkunde* 50 (2013) 1, 16-35). Methodologisch en theoretisch sluiten beide bijdragen bij elkaar aan.

“Haar art was befok, haar gap was groovy” Die resepsie van Ronelda Kamfer se *Noudat slapende honde* in Suid-Afrika en die Lae Lande

Nina Botes

“Her art was fucking awesome, her gap was groovy”

The reception of Ronelda Kamfer’s Now that sleeping dogs in South Africa and the Low Lands

Noudat slapende honde [Now that sleeping dogs] (2008) by Ronelda S. Kamfer is the first independent debut poetry collection by a black Afrikaans woman poet to be published by an established publishing house, and also one of only a few Afrikaans debut poetry collections of the past years to be translated into Dutch. Within this context the positive reception of the volume in South Africa and the Low Countries is investigated. The collection is firstly positioned in the Afrikaans poetic tradition within the context of black Afrikaans literature as a minor literature and the female tradition, while the Dutch translation is situated in the context of the translation of debut collections of Afrikaans poetry. Secondly, the different foundations of the positive reception are investigated with consideration to the ways in which Kamfer’s relationship to and expansion of the Afrikaans canon is emphasised and also obscured. It is shown that the positive reception in the Low Counties can be attributed to the minor tone of the collection and its deliberate underplaying of the political and social in favour of aesthetic dimensions.

1. Inleiding

Ronelda S. Kamfer debuteer in 2005 met twee gedigte in *Nuwe stemme 3*, saamgestel deur Antjie Krog en Alfred Schaffer. Daarna volg gedigte in *My ousie is ’n blom* (2005) en *Bunker Hill* (2007) voordat haar solodebuut, *Noudat slapende honde*, in 2008 by Kwela Boeke verskyn.¹ Die bundel word gunstig in Suid-Afrika ontvang en word bekroon met die Eugène Marais-prys van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (saam met Loftus Marais se *Staan in die algemeen nader aan vensters*).

Die bundel kry ook internasionale blootstelling. Agt gedigte uit *Noudat slapende honde* word deur Pierre-Marie Finkelstein in Frans vertaal en verskyn in die tydskrif *Missives* (Junie 2009), en sommige gedigte verskyn ook in die bloemlesing *Afrique du Sud: une traversée littéraire* (2011) onder redaksie van Denise Coussy, Denis Hirson en Joan Metelerkamp. Kamfer vertaal self vyf van haar gedigte uit die bundel in Engels vir *Poetry International Web*. Die bundel word deur Alfred Schaffer in Nederlands vertaal en verskyn as ’n tweetalige Nederlands-Afrikaanse teks onder die titel *Nu de slapende honden* by Uitgeverij Podium in November 2010. Behalwe vir optredes by verskeie feeste in Suid-Afrika, onder meer by Aardklop, die Poetry Africa-fees en die Woordfees, trek Kamfer ook aandag by ’n aantal internasionale geleenthede. Sy neem onder meer

deel aan die Winternachtenfees in Den Haag (2010), die Istanbul Tanpınar Literature Festival (2010) en die Fees voor het Afrikaans in Amsterdam (2011).

Hierdie sukses word opgevolg met 'n tweede bundel, *grond/Santekraam* (2011), wat weer baie positief ontvang word. Kamfer word onder meer die eerste ontvanger van die Klein Karoo Nasionale Kunstefees se Afrikaans Onbeperk-toekenning vir 'n Jong Stem (2012), terwyl die bundel genomineer word vir 'n ATKV Woordveertjie vir poësie (saam met *Onversadig* van T.T. Cloete en *Visums by verstek* van Joan Hambidge). Hierdie bundel word ook deur Alfred Schaffer in Nederlands vertaal en verskyn as *Santenkraam* by Podium in Mei 2012. Kamfer se blootstelling in die Lae Lande word verder uitgebou tydens haar verblyf in die Writer's Residence aan die Spui in Amsterdam in die eerste helfte van 2012. Sy neem deel aan die Globaliseringslezing "De ware kosmopolieten komen uit Afrika" en tree op by die Zuid-Afrikahuis, die Bijlmerparktheater en by De Balie in Amsterdam saam met Christine Otten en Adriaan van Dis as deel van die program van die Stichting Literaire Activiteiten Amsterdam (SLAA). Sy neem ook deel aan die Writers Unlimited-fees (voorheen die Winternachtenfees) in Den Haag en die Felix Poetry Festival in Antwerpen.

Binne die konteks van hierdie sukses word 'n studie van die resepsie van Ronelda Kamfer se werk in Suid-Afrika en die Lae Lande onderneem. Eerstens sal *Noudat slapende honde* in die Afrikaanse poësiekanon geposisioneer word binne die konteks van mineurletterkunde en 'n vroulike tradisie, terwyl die Nederlandse vertaling binne die konteks van die vertaling van Afrikaanse poësiedebute gesitueer word. Tweedens sal aandag geskenk word aan die resepsie van Ronelda Kamfer se poësie in onderskeidelik Suid-Afrika en die Lae Lande. Ten slotte sal die verskillende gronde waarop die gunstige oordele van *Noudat slapende honde* berus, ondersoek word met inagneming van die wyses waarop Kamfer se aansluiting by en uitbreiding van die Afrikaanse kanon beklemtoon word en ook verswyg word. Die resepsie van *grond/Santekraam* word buite rekening gelaat, aangesien die Nederlandse vertaling nog nie verskyn het toe hierdie navorsing gedoen is nie. Tydens die hersiening is enkele relevante uitsprake oor hierdie bundel wel in die artikel opgeneem.

2. Konteks

In vele van die resensies oor Ronelda Kamfer se twee digbundels tot dusver word daar aangetoon hoe Kamfer by die Afrikaanse poësietradisie aansluit. Uit hierdie resensies sou daar afgelei kon word dat Kamfer eerstens en veral by Antjie Krog aansluit en tweedens by die jonger generasie digters soos Loftus Marais, Danie Marais en Andries Bezuidenhout, wie se poësie gekenmerk word deur 'n narratiewe inslag, loslit-Afrikaans en verwysings na popkultuur.

'n Ander tradisie waarbinne Kamfer se poësie gelees kan word en wat tot dusver meestal oor die hoof gesien is, is dié van swart Afrikaanse skrywers. Dit geld nie net

die poëtikale tradisie nie, maar ook die materiële aspekte van die publikasie van *Noudat slapende honde*. Met hierdie bundel word Kamfer immers die eerste swart Afrikaanse vrouedigter wat 'n selfstandige bundel by 'n gevestigde uitgewershuis publiseer en ook die Eugène Marais-prys vir poësie verower. Dié feit word grootliks deur Suid-Afrikaanse resensente verswyg, al kan dit as 'n waterskeidende gebeurtenis in die Afrikaanse poëtiesisteem beskou word. 'n Moontlike rede waarom resensente nie Kamfer eksplisiet as 'n "swart Afrikaanse skrywer" getipeer het nie, is omdat hulle die bundel op literêre meriete wou beoordeel en nie in historiese groeperings wou verval nie. Indien Kamfer se debuutbundel binne die Afrikaanse literêre tradisie beskou word, is sodanige onderskeidings wel akademies verantwoordbaar.

2.1 *Ras en geslag in die Afrikaanse poësiekanon*

Swart Afrikaanse skrywers² het nog altyd 'n marginale posisie in die Afrikaanse literêre kanon beklee. Hein Willemse (2007a: 12) toon aan dat "die gekanoniseerde aanwesigheid van swart Afrikaanse skrywers relatief gering" is weens uitsluiting uit die hegemoniese diskoers. Hierdie skrywers het weens ideologiese faktore soos Afrikanernasionalisme en die sosio-ekonomiese implikasies daarvan nie dieselfde toegang gehad tot literêre instellings – wat literêre kritiek, uitgewershuisse, die onderwys, biblioteke, literêre pryse, die boekhandel en die media insluit (Fokkema en Ibsch, 1992: 131-133) – as hulle blanke eweknieë nie. Gevolglik het niehegemoniese produksiekanale soos *little magazines* en onafhanklike uitgewerye ontstaan, en tussen 1977 en 2002 het meer as 40 swart Afrikaanse skrywers op hierdie wyse gepubliseer (Willemse, 2002).

Op tematiese, stilistiese en ideologiese vlak was swart Afrikaanse letterkunde tydens apartheid byna uitsluitlik opposisioneel, soos Coetzee (2002: 155) uitwys:

Vanaf die verskyning van die poësie van P.J. Philander (sy eerste bundel is in 1955 gepubliseer) was daar die verspreiding van verskeie uitings van verset, wat uiteindelik die diskursiewe praktyk van hegemoniese mag, onderdrukkende mag, sou omskryf. Dit konstrueer dan die swart skrywer as die nie-Afrikaner-Afrikaanstalige, nie-hegemoniese skrywer, wat, deur die fragmentasie van 'n homogene ander, die sentrum (die heerser) se vermoë om te stereotipeer van hom sou ontnem.

Om hierdie niehegemoniese posisie te beskryf, is gebruik gemaak van die term "swart Afrikaanse skrywer" – eerstens om hierdie opposisie te sinjaleer en tweedens ook as teken van solidariteit met ander politieke identiteite (Willemse, 2007b: 205-206). Gevolglik moet die term "swart Afrikaanse skrywer" as 'n "ideologiese keuse" beskou word, eerder as 'n essensialistiese groepering (Smith, Van Gensen en Willemse, 1985: iii). Poësie was die voorkeurmedium vir hierdie skrywers, en 'n aantal breë bemoeienisse kan onderskei word wat veral binne 'n sosiaal-politieke kader funksioneer (Willemse, 1999: 11), waaronder: die perspektief van die gemarginaliseerde en die werkersklas, 'n bewustheid van die politieke rol van die skrywer en 'n toeganklike styl om 'n wye

gehoor te bereik (Viljoen, 2005: 95).

Ná 1994 het die uitsette van swart Afrikaanse skrywers op 'n aantal wyses verander, waarvan die belangrikste die uitbreiding van publikasiegeleenthede is. Opmerklik het die aantal prosawerke toegeneem, met skrywers soos A.H.M. Scholtz, S.P. Benjamin, E.K.M. Dido, Kirby van der Merwe, Karel Benjamin, Clive Smith, Elias P. Nel en Joseph Marble. Sommige van hierdie skrywers distansieer hul van die term “swart Afrikaanse skrywer”. Skrywers soos Kirby van der Merwe en S.P. Benjamin verkies om nie skrywerskap aan enige politieke identiteit te koppel nie, want “[h]ulle wil nie met die etiket van *swart, ontwikkelende of kwota* verbind word nie, of skrywers wat spesiale behandeling moet kry nie. Hulle wil op gelyke voet staan met alle skrywers.” (Van Wyk, in Claassen en Van Wyk, 2005). Ander skrywers soos E.K.M. Dido en wyle A.H.M. Scholtz verkies die term “bruin” of “gekleurd” (Viljoen, 2005: 96). Hierdie kwessie staan in noue verband met die diskoers oor ras in postapartheid-Suid-Afrika. Volgens Erasmus (2001: 21) is die gebruik van die term “swart” om 'n aantal verskillende identiteite en ervarings te omvat veral problematies weens die totaliserende aard daarvan wat nie die spesifisiteite van bruin identiteite in ag neem nie. Aan die ander kant kan geargumenteer word dat indien daar onderskei word tussen etniese identiteite soos “bruin” en “swart”, dit selfs dan totaliserend kan funksioneer (Wicomb, 1998: 98) en sommige rolspelers is dan ook “ten gunste van meer parogiale streeksidentiteite” (Willemse, 2007b: 212).

Volgens Willemse (2007b: 211) “kan die stryd waarvan die begrip ‘swart Afrikaanse skrywers’ getuig, nog nie verby wees nie” omdat die nodige transformasie nog nie plaasgevind het nie. Een voorbeeld hiervan is Afrikaanse boekproduksie. Spesifieke syfers vir poësie is nie bekend nie, maar in die tydperk van 1990 tot 2005 was slegs 2% van Afrikaanse fiksiepublikasies deur swart Afrikaanse skrywers (Venter, 2006: 168). Die postapartheidswerke van hierdie skrywers is tematies ook gemoeid met kwessies aangaande ras, ongekarteerde geskiedenis, sosiale en politieke uitsluiting en kulturele identiteit. Binne hierdie konteks is dit steeds belangrik om die werk van swart Afrikaanse skrywers as 'n aparte diskursiewe formasie te beskou, soos Viljoen (2005: 96) uitwys:

Finally it might also be asked whether a discussion of texts by black Afrikaans writers as a group separate from other Afrikaans writers does not perpetuate outdated racial divisions and raise the possibility of ghettoisation. Separating the work of these writers from that of white Afrikaans writers does, however, enable the researcher to acknowledge and recognise the specificity of the experiences they register in their texts. Not separating their work from the larger body of Afrikaans literature can lead to a perpetuation of existing power imbalances in the Afrikaans literary system through which the work of black Afrikaans writers have often been marginalised in the past.

Hierdie kwessie raak meer kompleks wanneer geslag bygereken word. Soos reeds genoem, is Kamfer die eerste swart Afrikaanse vrouedigter³ wat 'n selfstandige

poësiebundel by 'n gevestigde uitgewershuis publiseer. Die enigste ander swart Afrikaanse vrouedigter wat tot op hede 'n selfstandige bundel gepubliseer het, is Diana Ferrus met *Ons komvandaan* (2006) wat sy self uitgegee het onder die druknaam Diana Ferrus Uitgewery. Swart Afrikaanse vrouedigters soos Valda Jansen, Beverley Jansen, Sydda Essop en Jennifer Joseph publiseer wel in versamelbundels soos *Aankoms uit die skemer* (1988), *Optog* (1990), *Metafore van herlewing* (2002) en *I Qabane Labantu* (1989) en *Nuwe stemme*. Dit is egter slegs Valda Jansen wat gekanoniseer is deur opname in bloemlesings soos *Poskaarte: Beelde van die Afrikaanse poësie sedert 1960* (1997), *De Afrikaanse poëzie in 1000 en enige gedichten* (1999) en *Groot verseboek* (2000), terwyl Ferrus ook by die jongste *Groot verseboek* (2008) ingesluit is.⁴

Die onsigbaarheid van swart Afrikaanse vrouedigters is uiteraard gekoppel aan die marginalisering van swart Afrikaanse skrywers en ook vroueskrywers in die algemeen. Adendorf (2003: 111) se navorsing toon byvoorbeeld dat poësieдебute eers sedert 2000 gelykheid in terme van geslag voorstel; in die periode van 1960 tot 1999 was slegs 27% van digdebute deur vroue. Tog het blanke vroue reeds sedert die dertigerjare met Elisabeth Eybers se *Belydenis in die skemering* (1936) 'n teenwoordigheid in die Afrikaanse kanon, wat teen die sewentigerjare tot 'n sterk tradisie ontwikkel met eksponente soos Antjie Krog, Jeanne Goosen, Wilma Stockenström, Sheila Cussons en Petra Müller (sien Adendorf, 2003: 111). Daarteenoor is swart Afrikaanse vrouedigters (met enkele uitsonderings soos Diana Ferrus, Valda Jansen en Ronelda Kamfer) bykans afwesig in die Afrikaanse literêre kanon.⁵

2.2 Aansluiting by en wegbreek van die tradisie

Binne hierdie konteks is die verskyning van Ronelda Kamfer se *Noudat slapende honde* 'n belangrike gebeurtenis in die Afrikaanse literêre sisteem. Kamfer sluit op 'n aantal wyses by verskillende tradisies aan. Tematies sou haar werk veral binne die konteks van swart Afrikaanse poësie gelees kon word, veral met betrekking tot bruin identiteit in 'n postapartheidskonteks; taal en identiteit; marginalisering; en werkersklasgemeenskappe. Wat betref toon en styl toon sommige van Kamfer se gedigte ook 'n aansluiting by Antjie Krog. Laastens sluit Kamfer ook aan by nuwe stemme in die Afrikaanse poësie ten opsigte van die narratiewe inslag van haar verse en taalgebruik. Hierdie aspekte sal kortliks gekontekstualiseer word voordat daar aandag geskenk word aan die spesifieke elemente waarop resensente gefokus het.

2.2.1 Aansluiting by swart Afrikaanse skrywers en 'n mineurletterkunde

Reeds deur die motto uit Walcott voorin *Noudat slapende honde* word die bundel binne 'n postkoloniale tradisie geposisioneer: "I'm just a red nigger who love the sea,/I had a sound colonial education,/I have Dutch, nigger, and English in me,/and either I'm nobody, or I'm a nation." Die kwessies van 'n koloniale verlede, magswanbalanse en 'n postkoloniale subjektiwiteit vorm die kern van verskeie postkoloniale literêre tradisies,

ook in verskillende literêre tradisies in Afrikaans. In niehegemoniese Afrikaanse letterkunde is verskeie van hierdie uitinge voorts gemoeid met die wyses waarop taal en identiteit verknoop is, en hierdie tema word deur 'n aantal swart Afrikaanse skrywers in 'n postapartheidskonteks voortgesit. Viljoen (2011: 23) toon aan hoe swart Afrikaanse skrywers tussen 2000 en 2009 met Afrikaans omgaan en kontrasteer Kamfer se gebruik van Standaardafrikaans met Peter Snyders en Loit Sôls wat onderskeidelik Kaaps en “Ghoema” gebruik. Kamfer verskil ook in haar tematiese gebruik van Afrikaans (wat sy in “vergewe my maar ek is Afrikaans” vir haar terugeien) van ander skrywers soos Diana Ferrus, wat die voortbestaan van Afrikaans en die versoenende krag van die taal in gedigte soos “Kom ons praat weer Afrikaans” (in *Ons komvandaan*, 2006) beklemtoon. Viljoen (2011: 23) beskryf Kamfer se hantering van taal en identiteit met verwysing na “vergewe my maar ek is Afrikaans”:

The use of the phrase “vergeef my” [...] in the title of the poem, the references to her “childhood fear” and a possible psychological breakdown gives the reader a sense of the moral and psychological courage it requires to take back her Afrikaans identity from the men who have come to personify the system that oppressed her. Underlying her sense of identity is a profound resentment and unease about the way in which she has suddenly become acceptable and is expected to ignore the past.

Kamfer lewer reeds in “Kuns en culture”, wat in *Nuwe stemme 3* (2005: 73) verskyn het, kommentaar op die hedendaagse bekommernis oor die voortbestaan van Afrikaans en formuleer haar gevoel van uitsluiting sonder doekies omdraai: “dis weird hoekom ek skaam is vir 'n taal wat ek praat/dis even nog meer weird dat ek en my vriende/nooit na die ‘kultuur’-events toe genooi word nie/daar is 'n groot panic attack aan die gang oor 'n taal/maar hulle sal nooit ons hulp vra nie”.

As sodanig sluit Kamfer sterk by swart Afrikaanse skrywers aan. Die uitsluiting van bruin gemeenskappe uit die politieke en kulturele arena word byvoorbeeld deur Leonard Koza in “Ag wanneer” (in Willemse, 1990) verwoord: “Ag wanneer gaan ek ook langs die ronde tafel/Sit en bepeins om daaglikse probleme te ontrafel/Ag wanneer gaan ek ook saam wette maak/Na my geestelike skikking en kulturele smaak/Wanneer, wanneer, ag wanneer.” Kamfer se openingsgedig in *Noudat slapende honde*, “Waar ek staan”, tree op 'n manier in gesprek met bostaande gedig. Die “wanneer” van Koza word “nou” by Kamfer; sy is die een wat aan die tafel sit, maar sonder om die situasie te omarm: “Nou sit ek om 'n tafel/met my voorvaders se vyande/Ek knik en groet bedagsaam/maar/êrens diep binne my/weet ek waar ek staan”.

Hierdie tema word ook in ander gedigte in die bundel ondersoek. Hoewel die spreker om die tafel saam met haar “voorvaders se vyande” sit, is daar in “Noudat slapende honde” 'n refleksie oor die wyse waarop sy nou in “die stelsel” aanvaar word en 'n verwoording van haar ongemak: “Noudat ek net mense sien/en my tekort aan kuns en kultuur/my harregat gemaak het/nou's ek goed genoeg/om deel te wees van die stelsel”. In dieselfde gedig lewer Kamfer ook kommentaar op stereotipering

en die prosen van terugskrywing: “Noudat my ouers van my hou/en ek die Happy Hotnot-mentality/ opgebom het/nou’s ek ’n fokken hero”. Gerwel (1983: 20) wys byvoorbeeld op die beeld van die “jolly hotnot” as een van drie stereotipe uitbeeldings van bruin mense wat wyd in die ouer Afrikaanse letterkunde voorkom (sien ook February, 1981; Van der Merwe, 1994). In hierdie gedig van Kamfer word die spreker die een wat hierdie stereotipe ongedaan maak, maar sonder om die rol van “’n fokken hero” te aanvaar.

Gedigte soos “die baas van die plaas”, wat die skreiende ekonomiese uitbuiting van die spreker se ouma op die plaas uitbeeld, skakel op soortgelyke wyse met ander tekste van swart Afrikaanse skrywers:

die baas van die plaas

vir Mammie

ek het ’n ouma
wat net een taal praat
sy vertel my stories van baas Willem
en dr. Metzler

hoe goed baas Willem vir haar was sy kon altyd eerste kies
watter ou klere sy wou hê
sy vertel van myle stap dorp toe
en hoe baas Willem haar voor
in die bakkie laat sit het
baas Willem het gesê haar kinders
hoef nie standerd 10 te maak nie
hulle gaan mos op die plaas werk
en help met die kinders grootmaak

dr. Metzler het gesê
my ouma se kinders confuse hom
hulle’t ’n immorality in hul oë
hy sê my ouma kan dankie sê
die laaste een is doodgebore

daai een se naam
sou Judas gewees het

Die verwysing na taal, die tema van ekonomiese uitbuiting en die verdraaiing van Bybeltekste deur die onderdrukkers skakel byvoorbeeld met André Boezak se “Skelm!” (in Brink, 2000: 882):

My grootjie,
 moes werk, vir 'n lousy ou footjie.
 jou geelhoutvloere moes sy heeldag skrop
 haar lewe lank het jy haar gerob.

Innie koebys het sy afrikaans gebry jy'tit gesteel en wil niks bely
 my' okay my bra, ekke het nog die troos:
 die hele tyd het sy nog Afrikaans gebly.

[...]
 Nou moet os jou trust
 die Bybel maak'it 'n must
 ma' al wat ek wil sê
 ek wil my ouma-goed nou t'rug hê.

Ander sosio-politieke temas wat swart Afrikaanse skryfwerk domineer, vind ook neerslag in *Noudat slapende honde*. In gedigte soos “Klein Cardo” word benedegeweld, tienerswangerskappe en alkoholisme as 'n gegewe in die gemeenskap ervaar:

Die aand voor Cardo se eerste dag op grootskool
 het die Schoolboys klappers innie pad geskiet
 Cardo het by die venster uitgeoer
 die koeël het in sy keel gaan sit
 sy ma hettie gehuil nie
 die politicians het 'n boompie geplant
 en die Kaapse Dokter het hom uitgepluk
 en gegooi waar die res
 vannie Kaap se drome lê –

oppie vlaktes.

Klein Cardo, wat gehou het van “vrottie eier in die pad speel”, is weg, net soos die kinders in Clinton V. du Plessis se “in the house” (op sy beurt 'n antwoord op Hein Willemse se “die stormtroepe is in die strate”) die slagoffers van bendes word: “die bendes is bevry/daar is geen kinders in die strate” (in Kolski Horwitz, 1987). Hierdie gedig van Du Plessis wen ook aan betekenis wanneer dit naas Kamfer se “Klein Cardo” gelees word. In eersgenoemde word daar verwys na rappers as die nuwe profete: “die skrywers is beroemd in die buiteland/die predikers word oordonder deur tupak shakur & puff daddy”. Hierdie reëls verkry ironiese resonansie deur Kamfer se sukses en die feit dat sy in “Klein Cardo” 'n motto uit Tupac Shakur se “Only God can judge me” gebruik: “They say it's the white man I should fear, but it's my own kind doing all the killing here.”

Die ervaring van ruimte in *Noudat slapende honde* skakel voorts met 'n korpus tekste uit die Afrikaanse literêre tradisie. Gedigte soos “Die storie van Klonkies”, “die baas van die plaas” en “ek soek 'n goue sterretjie”, wat op die plaas afspeel, is 'n antwoord op die mitiese ruimte van die plaas soos dit in die lang tradisie van hoofstroomletterkunde in Afrikaans vergestalt word en waarin swart karakters óf afwesig is, óf as stereotipes figureer.⁶ Kamfer sluit aan by die proses van postkoloniale terugskrywing wat die afgelope dekades in Afrikaanse tekste uitgebrei is en waarin die arbeid van die plaasarbeiders en ekonomiese verdrukking aan bod kom. Kamfer se plaasgedigte herinner byvoorbeeld aan P.J. Philander in terme van die belewenis van die plaasruimte en die sosiaal-maatskaplike posisie van arbeiders (vergelyk byvoorbeeld “Jonas” uit *Uurglas*, 1955). Klonkies is 'n slagoffer van die ekonomiese verdrukking van plaasarbeiders: “Klonkies Booysen was nie 'n skelm nie/'n arm, dronkgat, dom veewagter miskien/ maar honger maak mens mal/jaarin, jaaruit/werk van voordag tot nánag/en niks verander nie”. Hierdie gedig herinner in terme van die narratiewe gegewe sterk aan Philander se “Doring in die horing” (uit *Ostrakon*, 1986) waarin “hy die verslawende dopstelsel op die wingerdplase aanval” (Hugo, 2006: 402), en uiteindelik wraak neem: “maar nou in flenniefleuters aangeklam,/kom my boerwynbottel aangeslinger/om in jou voorhuis te ontvlam”. Klonkies se opstand is egter nie uit wraak nie, maar uit desperaatheid. Sy motiewe kontrasteer skerp met die wrokkigheid van die plaaseienaars:

Voordag het Oumies haar broer laat kom
hy't vir Klonkies geslaan, geslaan soos 'n mal vrou
Klonkies het geskreu en gehuil
dat Hannatjie slim is
dat sy die Kaap moet sien
en dat dit nie elke Krismis
kaalgat kan wees nie

Hoewel daar nie in hierdie artikel in detail op hierdie aanknopingspunte ingegaan kan word nie, is daar voorts aantoonbare skakels tussen gedigte soos “Klein Cardo”, “'n gewone blou Maandagoggend”, “Dis vroeg winter in die Kaap dié jaar” en “goeie meisies” en die poësie van Adam Small, Peter Snyders, Patrick Petersen, Vernie Plaatjies, Willem Fransman, André Boezak, Clinton du Plessis en Leonard Koza waarin die Kaapse Vlakte voorop staan. 'n Gedig soos “goeie meisies” kan byvoorbeeld met vrug gelees word naas Willem Fransman jr. se “Oppie Cape Flats” (opgeneem in *Metafore van herlewing*, 2002). In albei gedigte word maatskaplike kwessies soos bende-betrokkenheid, tienerswangerskappe en dwelmgebruik in verband gebring met die ekonomiese uitsigloosheid van die Kaapse Vlakte. In “goeie meisies” word die konsep van “goeie” meisies uiteengesit aan die hand van wat hulle nie doen nie: Hulle sluit nie by bendes aan nie, raak nie swanger op dertien nie en gebruik nie dwelms nie,

maar daar word geen onderskeid getref tussen hierdie sosiale ewwels en die gewone gang van die lewe van werkersklasvroue nie: “hulle werk nie vir Shoprite nie/hulle is nie die cleaners nie/goeie meisies bly nie oppie Cape Flats nie”. In Fransman se “Oppie Cape Flats” (wat intertekstueel skakel met Toon van den Heever se “Op die Hoëveld”) word die daaglikse lewe op die Kaapse Vlakte ook opgeroep: “Oppie Cape Flats waar dit crowded is/en dji skaars die hiemel boe kan sien/Waa ’n mens glattie lekkie asem kan kry/nie oorrie dagga fumes innie lug”. Die spreker dink vanuit sy tronksel terug aan hierdie werklikheid, met die begeerte om sy kind teen so ’n lewe te waarsku: “Dan wish ek soe ek was by my laaitie/om hom te warn tien ’n liewe soes myne!/Dan soek ek in my mind al die tye/op waa ek skiefgetrap het asse laaitie.” In beide “goeie meisies” en Fransman se “Oppie Cape Flats” word die wyses waarop die individu “faal” in verband gebring met die maatskaplike ellende van die gemeenskap. Stilisties herinner verse soos “goeie meisies” en “Pick n Pa” veral aan Small se aanwending van herhaling. ’n Soortgelyke uitbeelding van die Kaapse Vlakte, wat ook stilistiese ooreenkomste met “goeie meisies” toon, is Vernie Plaatjies se “’n wind waai deur die Vlakte” (in *Nuwe stemme* 3) waarin die probleme van die Kaapse Vlakte in die eerste helfte van die gedig deur enumerasie geskets word:

’n wind waai deur die Vlakte
 waai deur die genadeloosheid van bruin landskappe
 waai deur gangs en guns en drugs en crimes
 waai deur wittype en agterstrate
 waai deur dwaalkoeëls en Westside-stories
 waai deur house parties en ghetto-jams
 waai deur hip-hop-rave-en-kwaito-klanke
 en die sadness van kinders op e’s

Anders as in “goeie meisies”, skets Plaatjies ook ’n positiewe beeld van die Kaapse Vlakte met “die warm harte van bruin mense”.

Dit blyk dus dat Kamfer baie nou aansluit by die poësietradisie van swart Afrikaanse skrywers, veral deur die tematiese ontginning van taal en identiteit, sosio-politieke inslag van ’n groot aantal verse en fokus op verskillende gemeenskappe (veral op die Kaapse Vlakte en kleiner plaasgemeenskappe), maar ook op stilistiese vlak.

Noudat slapende honde sou in hierdie opsig – en in navolging van ’n groot aantal swart Afrikaanse skrywers – ook binne die kader van Deleuze en Guattari se konsep van ’n mineurletterkunde soos vervat in *Kafka: Pour une littérature mineure* beskou kon word (sien Pakendorf, 1993; Coetzee, 2002; Viljoen, 2005).⁷ Deleuze en Guattari beskou ’n mineurletterkunde (of “klein letterkunde”) nie in terme van kwantitatiewe terme (soos die aantal sprekers van die taal of die aantal literêre werke wat in die taal verskyn nie), maar binne die konteks van die magsverhoudings van enige gegewe letterkunde waarin die mineurletterkunde ’n revolusionêre potensiaal vooropstel: “We might as well say

that minor no longer designates specific literatures but the revolutionary conditions for every literature within the heart of what is called great (or established) literature.” (Deleuze en Guattari, 1986: 18).

Dit gaan dus nie soseer oor ’n literêre minderheid of aparte groepering nie, maar oor tekste wat vernuwend te werk gaan. ’n Mineurtoon (en ook mineurletterkunde) sluit nie bloot by die tradisie aan nie, maar vernuwe die tradisie deur die vorming van nuwe subjektiwiteite.⁸ Deleuze en Guattari (1986: 16-18) onderskei drie kenmerke van letterkunde wat op hierdie wyse funksioneer. Eerstens is daar ’n deterritorialisering van die majeurtaal, waarin die taal gedestabiliseer word soos deur Kafka se gebruik van Praagse Duits, of die Afro-Amerikaanse gebruik van Engels. Tweedens is ’n mineurletterkunde polities ingestel in die sin dat die maatskappy nie bloot as agtergrond vir die individuele problematiek funksioneer nie, maar dat die individuele nie van die sosiale konteks waarin dit sy beslag gekry het, geskei kan word nie. Derdens het mineurletterkunde kollektiewe waarde omdat die hiërgargie van individuele “meesters” en “volgelingen” nie in ’n mineurletterkunde bestaan nie; die “kunstenaar” is deel van die “volk” en die “volk” is deel van die “kunstenaar”. Die strydpoësie van swart Afrikaanse skrywers, met die destabilisering van Afrikaans (onder meer deur die gebruik van Kaaps en die ontginning van Afrikaans as ’n medium wat opposisioneel teenoor die heersende orde funksioneer), asook die politieke ingesteldheid en kollektiewe fokus, kan gevolglik as mineurletterkunde beskou word (Pakendorf, 1993; Coetzee, 2002; Viljoen; 2005).⁹

Noudat slapende honde sluit in hierdie opsig sterk by die swart Afrikaanse literêre tradisie as ’n mineurletterkunde aan. In terme van die polities-maatskaplike gerigtheid van *Noudat slapende honde* is daar enersyds die verse wat op tematiese vlak hierop inspeel, soos “Klein Cardo”, “die storie van Klonkies”, “’n gewone blou Maandagoggend”, “die huisvrou”, “Dis vroeg winter in die Kaap dié jaar”, “Lolla”, “klik van sewe” en “blaas die trompette”, wat almal gemoeid is met sosiale kwessies en ’n verskeidenheid figure uit die gemeenskap gestalte gee. Andersyds is daar ook intens persoonlike verse waarin die spreker haar identiteit en posisie in die sosiale opset ondersoek en waarin die individu haas onseibaar is van die maatskaplike konteks van ’n historiese bewussyn (“Waar ek staan”, “Noudat slapende honde”, “die baas van die plaas”, “dood in die familie” en “laat dit reën), maatskaplike invloede op die familie en individu (“die baas van die plaas”, “dood in die familie” “Pick n Pa”, “To all the boys I loved before”, “stof”, “Daar is sekere dinge”, “wees”, “OD1”, “OD2” en “Pasop vir depressie”) en die konstruksie van ’n sosiale identiteit (“Dame in progress” en “ek soek ’n goue sterretjie”).

In gedigte soos “Noudat slapende honde” word Afrikaans gedestabiliseer deurdat die spreker haar Afrikaanse identiteit teruggeien van die “ooms” of “Boere” wat hulle identiteit deur dekades voorgehou het as *die* Afrikaanse identiteit en teken van Afrikanerskap: “ek praat julle taal/ek eet julle kos/ek bly in julle vaderland/ek drink julle wyn/ek sing julle musiek/en liewe ooms, ek, ja ek, ek vry met julle seuns”. Sy

stel ook in die vooruitsig dat hierdie “ooms” se identiteit verplaas gaan word deur ’n nuwe identiteit wat besig is om te vorm. Hierdie identiteit is hibried, soos sy te kenne gee deur ’n verwysing na die seuntjie “Jabu Terre’Blanche” as verteenwoordiger van die nuwe generasie. Jabu, die afkorting van “Jabulani”, beteken “bly maak” in Zoeloe, terwyl Terre’Blanche (’n bekende Afrikanervan en ook dié van van die regse AWB-leier wyle Eugène Terre’Blanche) “wit aarde” of “wit klei” beteken. Hierdie nuwe identiteit, stel Kamfer deur klein Jabu, is “two-toned so it go wif eweryfing”. Dit sluit ook aan by poësie oor bruin identiteite wat steeds gemarginaliseer word, soos Peter Snyders se “Monochrome riënboognasie” (in *Tekens van die tye*, (2002) waarin die spreker sê “ons wil ’n bietjie kleur/innie wit en swart riënboog sit”.

Ook opvallend binne die konteks van ’n mineurtoon is Kamfer se hantering van taal. Kaaps is al met groot sukses gebruik vir die revolusionêre potensiaal van deterritorialisering, byvoorbeeld in die werk van Adam Small. Small gebruik Kaaps as ’n strategie om “’n gelykstelling van Afrikaans aan Afrikanerskap” ongedaan te maak en verwerp die hiërargiese beskouings van Standaardafrikaans teenoor ander variëteite van Afrikaans (soos Kaaps) (Hendricks, 2012: 100). Daardeer word die deterritorialiserende potensiaal van Kaaps verwesenlik.

Tog is daar in die tagtigerjare kritiek gelewer teen die gebruik van Kaaps. Volgens Rive (1985: 68) kan ’n mens Kaaps beskou as

propounding the acceptance of a brand of Colouredism in the face of strong anti-racism. It is difficult to see it as serving any other purpose. It is easy to counter its claims that it is the language of a special group of people (or a section of it) and thus has a right to a special, ethnic, literary existence.

Rive se uitspraak wentel dus om die bekommernis dat Kaaps as die definiërende taal van bruin Afrikaanssprekendes en merker van ’n homogene bruin identiteit beskou sou kon word wat as aparte dialek funksioneer. In die raamwerk van Deleuze en Guattari sou Kaaps in hierdie geval, wanneer dit nie meer as ’n “definitiewe variant van Afrikaans” (Small, 2012: 12) met revolusionêre potensiaal gebruik word nie maar eerder as ’n merker van die essensie van bruin identiteit, bevestigend eerder as ondermynend funksioneer. In so ’n geval kom reterritorialisering deur taal eerder as deterritorialisering tot stand, wat Colebrook (2008: 118) as volg verduidelik:

A subjugated group [...] speaks as though it were representing, rather than forming, its identity [...] The group becomes subjugated to an image of its own identity; its becoming is no longer open but is seen as the becoming of some specific essence. Writing becomes prescriptive and majoritarian; it is now based upon an identity and demands recognition, rather than the constitution, of that identity.

Willemse (1990: 378) kritiseer dan ook die gebruik van Kaaps wanneer dit gebruik word om stereotipes te bevestig eerder as te ondermyn, veral deur

identical formulaic strategies in exploring “the ‘coloured’ working class”: the poems are populated with working class and proletarian characters – invariably men – who witness or experience an incident or narrate a past happening on which they pass a witty concluding comment. The effect is comic relief no matter how gloomy the described situation.

Kamfer deel blykbaar hierdie bekommernis dat Kaaps dikwels gebruik word vir stereotipering eerder as ondermyning. In ’n onderhoud sê sy: “Kaaps het comic relief vir mense geraak; as iemand ’n joke wil vertel, is dit altyd in Kaaps [...] Dis nie ’n grap nie; dis reality. En ek sal nie daarvan hou dat dit ge-pigeonhole word nie, ingeboks word nie.” (in Wyngaard, 2008: 17). Sy gebruik dan ook verskillende variëteite van Afrikaans om nie ’n identiteit te representeer nie, maar in die proses van vorming: “ek het respect vir die taal wat ek praat/ek like dit net beter as ek dit kan flex/en tune om by my wêreld in te pas” (in “Kuns en culture”), waardeur sy Afrikaans op ’n deterritorialiserende wyse aanwend. Sy gebruik Standaardafrikaans, Engfrikaans, soms Kaaps, en in *grond/Santekraam* brei sy hierdie dialogiese inslag verder uit deur grepe Nederlands, Arabies en streekvariëteite soos Overbergse Afrikaans. In ’n gedig soos “vergewe my maar ek is Afrikaans” gebruik Kamfer Engfrikaans, maar in die wending spreek sy die “ooms” in keurige Standaardafrikaans aan om haar houvas op ’n kultuur wat hulle vir hulself toegeëien het te beklemtoon. Terselfdertyd maak sy ook die stereotipe beeld van bruinmense soos dit wyd in die Afrikaanse letterkunde voorkom, asook die nosie van ’n homogene bruin gemeenskap wat een geolektiese variëteit van Afrikaans gebruik, ongedaan. Heterogeniteit, stereotipes en die optekening van gemeenskapsverhale verwoord Kamfer die duidelikste in “oorvertel 2” in *grond/Santekraam*:

ek huil nie oor Apartheid-kak nie ek huil oor julle klo’goed net hoor
van Distrik 6 ek kon nog die St Helena in my oumoeder se hare ruik
maar bruin mense is net klopse papbekke en gomgatte om bruin
te wees is glad nie so verkakte storie soos daai slamse voorgee nie
en dan is dit nog die anner storie van boesman wees die problem is
wanner jy jou mense se storie ken en daar’s nie ’n slams of boesman
in nie maar jy moet maar ja en amen want al wat jy het is die
oorvertel

Kamfer deterritorialiseer Afrikaans dus op verskillende wyses wat aansluit en wegbreek van die tradisie. Dit word vervleg met ’n polities-maatskaplike fokus en kollektiewe ingesteldheid waardeur ’n mineurtoon tot stand kom.

2.2.2 Aansluiting by ander tradisies

Tweedens sluit Kamfer ook aan by vroulike voorgangers soos veral Antjie Krog wat betref toon en styl. Een van die duidelikste voorbeelde is waarskynlik die verband tussen die slotgedig in *Noudat slapende honde*, “laat dit reën” en Krog se bekende “ek

staan op 'n moerse rots by die see by Paternoster" (in *Gedigte: 1989-1995*), waarin die kort sinne en kragwoorde 'n direktheid daarstel. Die spreker in "laat dit reën" rebelleer teen "elke hond wat my sy pispaal/gemaak het", wat sy direk uitdaag: "laat dit reën/laat elke fokken druppel val en my deurweek/almal van julle/bring julle stront [...]bring alles/al die blaam/al die wysvingers/bring dit/ek fokken wag". 'n Soortgelyke beeld met water as katalisator en simbool van bevryding word gevind in Krog se gedig, waarin die spreker strydvaardig haar bevryding vier: "onverskrokke kyk ek elke donnerse brander/in sy gut voor hy breek". Kamfer se ek-spreker tree as oorwinnaar uit die stryd ("raai wat/ek staan nog steeds"), terwyl die spreker in Krog se gedig ekstasies haar vryheid vier: "ek is/ek is/die here hoor my/'n vry fokken vrou". Krog se invloed op Kamfer blyk ook in *grond/Santekraam*, waar die optekening van die Skipskop-gemeenskap se narratiewe ooreenkomste vertoon met Krog se afdeling "ses narratiewe uit die Richtersveld" in *Kleur kom nooit alleen nie*.

Laastens moet daar ook daarop gewys word dat Kamfer aansluit by 'n aantal jonger digters, veral wat betref die narratiewe inslag van haar poësie, soos Viljoen (2011: 18) uitwys:

Although narrative poetry has always been an integral part of the Afrikaans literary tradition, it gained renewed prominence in the past decade after the publication of strong debut volumes by Danie Marais (2006), Carina Stander (2006), Bernard Odendaal (2007), Ronelda Kamfer (2008) and Loftus Marais (2008), all characterised to some degree by narrative features, anecdotal elements and a 'parlando' style.

Ronelda Kamfer se vroeë gedigte wat in *Nuwe stemme 3* verskyn, word deur die samestellers ook op linguistiese vlak uitgesonder. Krog en Schaffer (2005: 8-9) verwys byvoorbeeld na "die bruin Afrikaanse digters wat op 'n goudmyn van 'n nuwe woordeskat, nuwe agtergronde en nuwe temas sit wat nog nooit tevore in Afrikaans gehoor is nie" en dat "die register op verskeie wyses verbreed word deur die bydraes van Charlton Lee George, Illona Edwards en Ronelda S. Kamfer". Kamfer sluit ook aan by die jonger geslag digters deur haar gebruik van "Engfrikaans [...] wat digters toelaat om op 'n natuurlike manier tussen tale en dialekte [...] te vleg en sodoende die eenvoudige praattaal van die jeug ook die taal van hulle gedigte te maak." (Krog en Schaffer, 2005: 8).

Hierdie kenmerke van onlangse poësie waarbinne Kamfer se werk ook gelees kan word, het ook binne die Afrikaanse poësiekritiek gesprekke oor die opposisies tussen liriese poësie (wat in verband gebring word met hermetiese poësie) en narratiewe (toeganklike) poësie gestimuleer (Viljoen, 2011:18). Adendorff (2009: 355) noem dat *performance poetry* en ander ouditiewe inisiatiewe waarby digters soos Diana Ferrus, Loit Sôls en Toast Coetzer betrokke is, "'n belangrike rol [speel] om die poësie te laat terugkeer na die man en vrou op straat". Ook Odendaal (2006: 108) verwys na die diskoers die afgelope paar jaar waarin toeganklike poësie veroorsaak het "dat die

dominansie van die elitêre estetiese poësieopvatting, wat kenmerke soos kompleksiteit en normdeurbreking vooropstel, ter diskussie gestel [is]”.

3. Die resepsie van *Noudat slapende honde*

Dit is welbekend dat Kamfer se debuutbundel uiters gunstig ontvang is. Van Wyk (2008) wys reeds enkele maande ná die publikasie van *Noudat slapende honde* daarop dat Kamfer op pad is om gekanoniseer te word. Sedertdien is *Noudat slapende honde* bekroon en vertaal en het Kamfer ook ’n tweede bundel gepubliseer wat gunstig ontvang is. T’Sjoen (2013:30) noem dat hierdie ontwikkelings Kamfer “een canonicke status in de vroeg-eenentwintigste-eeuwse Afrikaanse poëzie bezorgd [heeft]”. Hy stel ook voor dat daar aandag geskenk word aan die spesifieke gronde waarop die resepsie in die verskillende literêre sisteme berus:

In dit licht kan revelerend zijn te onderzoeken op welke esthetische, etnische of zelfs linguïstische presupposities de lezersreacties in de Afrikaanse resp. de Nederlandstalige poëziekritiek zijn gefundeerd. [...] De grond waarop de gunstige beoordelingen zijn gebouwd, in de verschillende literaire systemen, is voer voor vergelijkend onderzoek naar poëziekritiek. (T’Sjoen, 2013:30)

Dit is in hierdie lig dat daar ondersoek ingestel word na die Afrikaanse en Nederlandse resepsie van *Noudat slapende honde*.

3.1 Suid-Afrikaanse resepsie van *Noudat slapende honde*

In die Suid-Afrikaanse media verskyn sewe resensies van *Noudat slapende honde*. Die resensies ontlok ’n polemieks tussen twee van die resensente, Charl-Pierre Naudé en Joan Hambidge, omdat Hambidge twee verskillende resensies skryf (een vir *Die Burger* en een vir *Volksblad*, met laasgenoemde wat ook deur *Beeld* oorgeneem word). Naudé spreek hom in ’n artikel in *By* hierteen uit en noem dat die resensering van Kamfer se debuutbundel deur slegs een resensent in die drie Afrikaanse dagblaaie die “geminagte posisie van resensiekunde in die algemeen [...] weerspieël” (Naudé, 2008a). Volgens Naudé het dit verreikende implikasies: “Die nuwe outeur verbeur dus die noodsaaklikheid om veelvuldige menings op haar publikasie in te win, en die publiek verbeur die noodsaaklikheid van enige debat of kontrapunte op die resensent se mening.” Benewens Hambidge se resensies verskyn resensies van Naudé (in *Rapport*), T.T. Cloete (*Tydskrif vir Letterkunde*), Steward van Wyk (*LitNet*) en ook ’n kort leesindruk van Riette Rust in die vrouetydskrif *Sarie*. Naudé skryf ook ’n Engelse resensie vir die Rotterdamgebaseerde *Poetry International Web*. Ek hanteer hierdie resensie as deel van die korpus Suid-Afrikaanse resensies omdat Naudé uiteraard vanuit ’n Suid-Afrikaanse perspektief skryf.

Cloete (2009) en Naudé (2008b en 2008c) konsentreer veral op die stilistiese

elemente, terwyl Van Wyk (2008), Hambidge (2008a en 2008b) en Rust (2010) meer aandag skenk aan die tematiese aspekte van die bundel en die wyses waarop Kamfer by die tradisie aansluit.

Die resesente fokus sonder uitsondering op die narratiewe aard van Kamfer se poësie. Naudé (2008b) verwys byvoorbeeld na “eienskappe wat vir die langer duur belofte inhou: sosiale en karakterinsae, en vertel- en besinningsvermoë”. Cloete (2009: 244) noem hierdie gedigte “miniaturbiografieë”, terwyl Naudé (2008c) Kamfer se insig in karakterbeelding aanprys. Van Wyk (2008) beskou voorts sommige van die gedigte as “vertellings”, terwyl Hambidge verwys na “praatverse”. Dit skakel met Viljoen (2011: 18) se opmerking dat narratiewe poësie die afgelope dekade opnuut prominent geword het met verwysing na digters soos Danie Marais en Loftus Marais (wat albei saam met Kamfer in *Nuwe stemme 3* gedebuteer het). Binne hierdie konteks bring Naudé (2008b) *Noudat slapende honde* in verband met die poësie van ’n nuwe geslag digters wanneer hy sê dat die “seggingskrag wat skitter” iets is “waarvoor jonger digters meer bekend is”.

Resesente noem voorts in hierdie verband dat die stilistiese elemente van *Noudat slapende honde* aansluit by veral Antjie Krog. Naudé (2008b) verwys na Kamfer se “lakoniese, wars, gedrewe liriese digstem” en beskou die verstegniese eienskappe van *Noudat slapende honde* as ’n voortsetting van Krog se “kaalvoetgedigte”: “Die verse is dikwels anekdoties, met frases wat mekaar opvolg met min enjambement of verstegniese ‘fieterjasies’. ’n Vers soos ‘Pasop vir depressie’ en ‘Laat dit reën’ herinner dus aan die vroeë Krog.” Hambidge (2008b) bevestig Naudé se stelling en noem dat veral in die “praatverse, vrye verse, ’n traak-my-nie-agtigheid” is waarmee Kamfer ooreenkomste met ’n jong Antjie Krog vertoon. Cloete suggereer slegs ’n skakel met Krog deur te noem dat Kamfer “ook genoeg [weet] hoe om van triviale en banale dinge gedigte te maak” – ’n aspek van Krog se poësie waarop daar al telkens gewys is (sien Viljoen, 1996: 8). Soos reeds genoem, sou ’n mens ook hier kon insluit die wyses waarop Kamfer aansluit by die dringende toon en beeldspraak van sommige van Krog se gedigte. Vir Van Wyk (2008), aan die ander kant, herinner die stylelemente weer eerder aan die werk van swart Afrikaanse skrywers soos Valda Jansen en Adam Small:

Die minimalisme, bedrieglike eenvoud en strak versbou van sommige gedigte herinner aan Valda Jansen se werk – vgl. haar “Vrye vers” en “toe skoene”. Sy maak voorts effektief gebruik van enumerasie en herhaling wat, soos by Adam Small, as ’n refrein werk wat die aanklag versterk.

Sentraal in die resepsie van *Noudat slapende honde* is die taalaspek op beide verstegniese en tematiese vlak. Naudé (2008c) verwys in hierdie verband na Kamfer se “unadulterated lyrical power – *sotte [sic] voce*, but uncompromising”. Volgens Naudé (2008b) bring Kamfer se taalgebruik ’n vernuwing in die Afrikaanse poësie met “stembuigings, karaktergrepe of streek-, subkulturele en volkse segswyses wat oor ouderdomsgrense sal bekoor en die Afrikaanse digkuns vernuwe”. Hambidge (2008a)

sluit hierby aan: “Dis ’n aangrypende debuut. Praatverse. Vry, loslit, keelgrypend. Ek lees hierdie bundel [...] en dink hoe het Afrikaans nie verander en verruim nie.” Ook Krog en Schaffer (2005: 8) beskou dit as ’n groeipunt in die Afrikaanse letterkunde dat jonger digters

die eenvoudige praataal van die jeug ook die taal van hulle gedigte [...] maak. Dit is ’n Afrikaans waarvan die Engelse woorde nie in kursief verskyn nie, maar ingesluk deel van die brei van Afrikaans vorm wat skrypende ondertone met ironie bedek, soos in die werk van [...] Ronelda Kamfer en Loftus Marais.

Sommige resensente verwys ook na die tematiese verkenning van Afrikaans in *Noudat slapende honde*. Van Wyk (2008) noem met verwysing na “waar ek staan” en “ek soek ’n goue sterretjie” dat Kamfer “terdeë bewus [is] van haar ambivalensie jeens Afrikaans en digterskap”. Hy kontekstualiseer ook die verband tussen Afrikaans en identiteit: “Dis ’n stem wat onthutsend breek deur die stiltes van ras, klas en ja, selfs taal. In ‘Vergewe my maar ek is Afrikaans’ word wêreld van Afrikaans-wees oormekaar geskuif en belig so die veelkantigheid en vorming van nuwe identiteite.” Volgens Naudé (2008b) hoort “hierdie gedig in enige *Groot verseboek*”, terwyl Hambidge (2008b) daarop wys dat dit klaarspeel “met etlike mites oor aan wie Afrikaans nou eintlik behoort”.

Hierdie aspek word in verband gebring met die politieke dimensie van *Noudat slapende honde*. Volgens Hambidge (2008b) is dié temas kenmerkend van ’n postapartheidsgenerasie wat nie die verlede afgeskud kan kry nie:

’n Mens vind lewensinsigte wat jou ontstig. Die desperate poging om in die nou te leef, word gekelder deur die onmoontlike van vergeet. Die nuwe geslag is in elk geval te jonk om te weet, maar te sinies om te aanvaar dat alles reg is.

Van Wyk (2008) bring die politieke dimensie in verband met die sosiale euwels wat in die gedigte na vore kom:

Wat bybly, is die maatskaplike inslag van die verse wat die fokus op die nood op die Vlakte laat val [...] Die politieke onderbou van hierdie sosiale onreg is onmiskenbaar, soos in “Klonkies”, en word juis deur die voortreflike gebruik van ironie en onderbektoneering na die oppervlak gebring.

Cloete (2009: 243) verwys in hierdie verband na “’n wêreld van stukkende drome wat lê ‘oppie vlaktes’ van die Kaap”. Die sosiale milieu wat Kamfer oopskryf, is ook volgens Hambidge (2008a) en Naudé (2008b) ’n belangrike nuwe bydrae tot die Afrikaanse digkuns. Naudé (2008c) maak die punt dat Kamfer nie politieke poësie skryf nie: “In the tone of her reserve lies a sting that should not be underestimated, but this is not ‘political poetry’. It is, rather, political reality experienced in intensely private terms.” Naudé (2008b) beklemtoon ook dat die politiese nie “aangeplak” is nie:

Kamfer bring die steeds onderbeligte kultuurwêreld van die bruin woongebiede tot lewe, tot in die senuwee. Die gedigte bevat indirekte politieke kommentaar wat op eie risiko veronagsaam kan word. Maar nooit aangeplak nie. Meestal kom dit deur 'n baie persoonlike belewenis liries te vertel.

Hambidge (2008b) sluit hierby aan. Sy noem dit “'n besondere sterk debuut: kompromisloos en ontsenuend in die manier waarop die lewenswyse in Blackheath beleef word”. Van Wyk (2008) beskou dan ook die waarde van Kamfer se debuut binne hierdie konteks: “Die impak van Kamfer se debuut kom voort uit 'n miskende wêreld wat sy na die sentrum bring.” Hy noem ook dat hierdie impak nie sonder literêre meriete is nie: “Vertellings van miskenning en verontregting is welbekend in die Afrikaanse literatuur en in ons politieke onderbewuste. Dat Kamfer mens weer opnuut daarmee boei, is toe te skryf aan haar skryftalent.” Rust (2010) noem ook in hierdie verband dat Kamfer se poësie “toeganklik” is ten spyte van die “gewigtige temas soos politiek, dwelmmisbruik, kinders wat verdwyn, armoede en depressie”.

Cloete (2009: 343) beskou die bundel se geslaagdheid binne die konteks van die individu, 'n “nuwe mens wat die self nog nie goed deurgrond het”, en skenk in sy bespreking meer aandag aan die gedigte wat persoonlik ingestel is, soos “klik van sewe”, “Nag”, “Ek wil”, “Tweeling” en “To all the boys I loved before”. Met verwysing na laasgenoemde wys Hambidge (2008b) daarop dat die humor en ironie die pynlike gegewe meer hanteerbaar vir die leser maak. Volgens Van Wyk balanseer hierdie jeugdige verse die sosiale gerigtheid van die ander gedigte.

Ten slotte skenk veral Hambidge (2008b) en Van Wyk aandag aan gender. Van Wyk (2008) sien die hantering van gender in *Noudat slapende honde* as 'n samebindende faktor wat vroue oor rasen klasgrense heen saamsnoer: “'n Mens hoor die stem van jong werkersklasvroue, wit, bruin en Afrikaans, in 'n subtile en wrang aanklag teen die samelewing wat hulle tot statistiek en opskrifte in poniekoerante reduceer – vgl. ‘Lolla’ en ‘goeie meisies’”. Hambidge (2008b) fokus veral op die aspekte van gender binne familieverband met verwysing na die verhouding met die vader (“hoe seer is seer” en “Pick n Pa”) van hierdie “nuwe vrouestem”.

Uiteindelik oordeel al die resensente uiters positief oor die bundel. Volgens Naudé wag 'n “besondere toekoms” op Kamfer, terwyl Hambidge (2008b) die uitgewer loof vir die publikasie van hierdie “helder, suiwer debuut”. Cloete (2009: 344) noem dit 'n “pakkende bundel gedigte”.

3.2 Die resepsie van *Noudat slapende honde* in die *Lae Lande*

'n Groot aantal Afrikaanse skrywers se werke is al in Nederlands vertaal, soos dié van Antjie Krog, Breyten Breytenbach, André Brink, Marlene van Niekerk, Ingrid Winterbach, Karel Schoeman, Etienne van Heerden, Eben Venter, Dan Sleigh, A.H.M. Scholtz, Mark Behr en Jeanne Goosen. Die meeste van hierdie skrywers se internasionale roem berus egter ook op vertalings in ander tale naas Nederlands, soos

Engels, Frans en Duits. Skrywers soos Vernon February en Elisabeth Eybers is ook wyd bekend in Nederland. 'n Aantal Afrikaanse skrywers is internasionaal minder bekend, maar is tog die afgelope paar dekades in Nederlands vertaal, veral sedert die opheffing van die kulturele boikot in 1990.¹⁰

Daar word dus redelik baie werke uit Afrikaans in Nederlands vertaal, soos Van der Ree (1996) en Van den Bergh en Doeleman (2000) se oorsigte ook aantoon. Die opvallende toename in Nederlandse vertalings van Afrikaanse literatuur sedert 1990 getuig dan ook van 'n "literêre intimiteit tussen Afrikaans en Nederlands (en Vlaams)" (Van Coller en Odendaal, 2009: 37). Vertaalde literatuur speel immers 'n belangrike rol in Nederland: In 2000 was 30% van geproduseerde boeke in Nederland vertalings, terwyl die 70% van boeke in die prosakategorie (wat populêre en literêre prosa omvat) in 2002 vertalings was (Heilbron, 2008: 189-190). In 'n studie van die Nederlandse Taalunie word Afrikaans wel uitgesonder as een van die tale waarvoor dit volgens uitgewers moeilik is om 'n vertaler te vind, terwyl uitgewers dikwels afhanklik is van die vertaler om boeke uit hierdie kleiner tale vir vertaling aan te beveel (Humbeek en Smink, 2008: 20).

Ten spyte van die aanbevelings van vertalers wat op hoogte is van ontwikkelings in die Afrikaanse letterkunde is dit ook nie altyd duidelik welke oorwegings 'n rol speel in die keuse van Afrikaanse werke wat in Nederlands vertaal word nie, veral nie waar dit debute en minder gekanoniseerde skrywers betref nie. In hierdie opsig is die wyse waarop *Nu de slapende honden* beslag gekry het veral van belang.

Die publikasie van die vertaling, *Nu de slapende honden*, het 'n besondere trajek gevolg. Antjie Krog en Alfred Schaffer was die redakteurs van *Nuwe stemme 3*, waarin Kamfer met twee gedigte debuteer. Ná die publikasie van *Noudat slapende honde* het Kamfer aan die UWK onder leiding van Krog gestudeer en aan 'n aantal plaaslike feeste deelgeneem. Een van die organiseerders van die Winternachten-feest in Den Haag het 'n paar gedigte van Kamfer wat op *Poetry International Web* verskyn het, raakgesien en haar genooi om in 2010 by die fees op te tree, waar Krog en Schaffer ook aanwesig was (Kamfer, 2012). Barbara den Ouden van Het Nederlands Letterenfonds en Marja Puijs van *De Groene Amsterdammer* was baie beïndruk deur Kamfer, en Puijs plaas een van Kamfer se gedigte (in Afrikaans) by haar verslag van die fees vir *De Groene Amsterdammer*. Den Ouden het voor Kamfer nog terug in die Kaap was reeds fotostate van die bundel vir Joost Nijssen van Podium gestuur, en ná sy gunstige evaluasie het hy vir Nelleke de Jager van Kwela gekontak om die vertaalregte te bekom (Kamfer, 2012). Krog en Schaffer was dus nooit direk betrokke by die besluit om *Noudat slapende honde* in Nederlands te vertaal nie, maar Schaffer was die logiese keuse om as vertaler op te tree. Schaffer se status as digter, akademikus en vertaler en Krog se bekendheid in die Lae Lande is wel gebruik in die bemaking van die bundel. In die bemakingsmateriaal word byvoorbeeld 'n uitspraak van Krog gebruik: "De heldere poëzie van Ronelda behoort tot het beste en meest opwindende wat in de afgelopen jaren in Zuid-Afrika is verschenen."

Daar verskyn sewe resensies e.a. mediatekste oor Ronelda Kamfer se debuut in die Lae Lande. Joop Leibbrand resenseer reeds in 2008 die oorspronklike Afrikaanse bundel vir *Meander* en Hans Ester resenseer die bundel vir *Zuid-Afrika* in 2009. Daarnaas verskyn resensies van *Nu de slapende honden* deur Toef Jaeger (*nrc next*), Erik Lindner (*Groene Amsterdammer*), Thomas Möhlmann (*Poëzietijdschrift*) en Jooris van Hulle (*Poëziekrant*). Carina van der Walt plaas op haar blog op *Tilburgz.nl* twee opiniestukke oor *Nu de slapende honden* en *AVRO* publiseer 'n kort opiniestuk deur Lidewijde Paris op die webblad. Fred de Vries skryf ook 'n belangwekkende artikel vir *Groene Amsterdammer* oor die nuwe generasie Afrikaanse digters en skenk redelik uitgebreid aandag aan Kamfer se poësie.

Opvallend vir al die resensente is Kamfer se taalgebruik. Joop Leibbrand (2008) beskou byvoorbeeld Kamfer se gebruik van Afrikaans binne die konteks rakende die moontlike verdwyning van Afrikaans:

Tot schrik van de Afrikaanse taalpuristen gebruikt ze onbekommerd een groot aantal Engelse woorden in haar gedichten en ze doet dat met zoveel vanzelfsprekendheid, dat je hier de waarschijnlijke toekomst (en redding!) van het Afrikaans voor je ziet: een taal die haar stijfheid aflegt en zich zoepel buigt naar de eisen van een natuurlijke omgangstaal. (Al zullen degenen die hier verlies inzien het vermoedelijk eerder beschouwen als een overwinning van de straat.)

Die kommer in sekere kringe rondom die voortbestaan van Afrikaans en die voortgesette miskenning van bruin Afrikaanse gemeenskappe in hierdie diskoers is natuurlik tematies deur Kamfer aangeroei in haar gedig “Kuns en culture” in *Nuwe stemme 3*: “die geraas gaan nie oor 'n taal nie/dit gaan oor bang mense wat vasklou/soos 'n baba aan 'n bottle/almal moet groot word”.

De Vries (2009) beskryf Kamfer se taalgebruik in *Noudat slapende honde* as “speels, doorspekt met Engels en straattaal, mijlenver verwijderd van het stijve Afrikaans van weleer”. In 'n meer algemene sin sê hy die nuwe generasie Afrikaanse digters “propageren een nieuwe interpretatie van het Afrikaans, niet langer het geblaf van de onderdrukker, maar een heuse creoolse taal”. Volgens Möhlmann (2011) is Kamfer se Afrikaans “organisch doorspekt [...] met Engelse woorden en uitdrukkingen”, 'n aspek waarop Ester (2009) ook wys. Jooris van Hulle (2011) sluit hierby aan wanneer hy verwys na Kamfer se “heel persoonlik gekleurd idioom, waarin Afrikaans en Engels losjesweg met elkaar worden vermengd en aangevuld met neologismen die de spreektaal van de jongeren een totaal eigen karakter geven”. Carina van der Walt (2011) noem dat hierdie een van die swak punte in die Nederlandse vertaling is, en daardeur “gaat de spontane vermenging tussen Afrikaans en Engels verloren in de al te zuivere Nederlandse vertaling”. Volgens Lidewijde Paris (2010) maak Kamfer dit duidelik “dat Afrikaans haar taal is, en niet meer alleen van de blanken, het is haar moedertaal die ze tot in het uiterste beheerst”.

Nederlandse kritici oordeel dus uiters gunstig oor Kamfer se gebruik van die

sprektaal van die jeug. Hierdie “bekende gebrandmerkte Engfrikaans” waarna Krog en Schaffer (2005: 8) verwys, het oorspronklik met die verskyning van Jackie Nagtegaal se *Daar’s vis in die punch* (2002) ’n polemiek in Afrikaanse geledere ontlok. Volledigheidshalwe moet daar ook uitgewys word dat alhoewel ’n paar gedigte in *Noudat slapende honde* in hierdie idioom geskryf is, en nog ’n paar ander gedigte regionale spreektaal gebruik (soos “goeie meisies” wat put uit die Afrikaans van die Kaapse Vlakte), die meeste gedigte in die bundel in Standaardafrikaans is. Hoewel daar byvoorbeeld in “Lolla” ’n mengsel van Afrikaans en Engels gebruik word (met frases soos “haar art was befok/haar gap was groovy”, “ek het altyd gewens ’n snobby art dealer spot haar en maak/haar famous” en “som mense moet famous wees omdat hulle weirdness totally unrehearsed is”), is gedigte soos “Waar ek staan”, “Die storie van Klonties”, “Die baas van die plaas”, “Dis vroeg winter in die Kaap dié jaar”, “hoe seer is seer”, “Tweeling”, “Ek wil”, “dood in die familie” en “en as ek klaar my verhaal vir jou vertel het” in byna suiwer Standaardafrikaans geskryf. Opvallend ook is dat dit meestal die geval is met die meer persoonlike gedigte in die bundel, terwyl die gedigte oor die gemeenskap meermale van verskillende idiome gebruik maak.

Afrikaanse resensente fokus nie eksplisiet op Kamfer se gebruik van Engfrikaans nie, moontlik omdat dit al redelik algemeen in die Afrikaanse letterkunde voorkom, soos Krog en Schaffer (2005: 8) uitwys. Naudé (2008) verwys byvoorbeeld na “die seggingskrag [...] waarvoor jonger digters bekend is” en Hambidge (2008a) beskryf dit as “’n loslittige, gemaklik-praat-Afrikaans”. Naudé (2008b) verwys voorts na die “stembuigings, karaktergrepe of streek-, subkulturele en volkse segswyses wat oor ouderdomsgrense sal bekoor en die Afrikaanse digkuns vernuwe”. In hierdie verband sluit Ester (2009: 97) by Naudé aan wanneer hy uitwys dat Kamfer se taalgebruik meerstemmig en dus ook op ’n sekere vlak inklusief is.

Net soos die Afrikaanse resensies word daar in die Nederlandse resensies heelwat aandag gegee aan die narratiewe aard van Kamfer se poësie, wat veral onder jonger Afrikaanse digters gewild is (Viljoen, 2011: 18). In hierdie verband kontrasteer Leibbrand (2008) die anekdotiese inslag van Kamfer se poësie met die beskouings oor narratiewe poësie in die Nederlandse taalgebied:

De sociaal-realistische poëzie die Kamfer schrijft, leidt bijna automatisch tot gedichten met een sterk anekdotische inslag. In Nederland wordt over dergelijke poëzie meestal nogal schamper gedaan, maar eigenlijk geldt er maar één criterium: of de juiste woorden op de juiste plaats staan.

Ook volgens Van der Walt (2012) is die gedigte “hoofdzakelijk niet lyrisch en tegen de Romantiek in [...] Gebeuren en emoties wringen met elkaar in verhalende gedichten.” Vir Jaeger (2011) is die afwisselende stemminge ’n positiewe aspek van die verhalende inslag: “Niet alles is ironie. Kamfer vertelt over haar wereld, soms op een onschuldige toon, dan weer alsof ze een sprookje vertelt.” Jooris van Hulle (2011) bring die verhale in verband met die maatskaplike ingesteldheid van die verse en noem

dit “[k]leine verhalen in de rand van de grote geschiedenis, maar even nadrukkelijk verhalen die de uitzichtloosheid van het lijden vertolken”. Lindner (2010) beskou die gedigte in *Nu de slapende honden* as “des te aangriepender omdat ze vrij rechttoe, rechtaan anekdotes uit het dagelijks leven vertellen”, met die effek “dat je al lezend steeds beter doorkrijgt dat er geen woord gelogen is van de familie- en buurtverhalen die ze opdist”. Volgens Möhlmann (2011) is dit deur die direkteid van Kamfer se gedigte dat “het klinken alsof ze aan een kleine tafel haar verhalen aan je opdist”. Vir De Vries (2009) is dit “onthutsende gedichten over die delen van de stad die we alleen kennen van gruwelverhalen in de kranten” waarin dwelmgebruik, bloedskanie, bendes en selfmoordpogings aan bod kom. Die gunstige reaksies uit die Lae Lande op die narratiewe aard van Kamfer se poësie stem dus grootliks ooreen met die Afrikaanse resepsie van *Noudat slapende honde*.

In die Nederlandse resensies is daar soos in die Suid-Afrikaanse resepsie ’n fokus op die maatskaplike inslag van *Nu de slapende honden*, maar dit word duideliker in verband gebring met die politieke aspekte van die gedigte. Leibbrand (2008) skenk uitgebreid aandag aan die tematiese aspek van “[d]e maatschappelijke problematiek van Zuid- Afrika [...] in al haar tragiek”. Volgens hom is die impak van hierdie verse groter weens die “verraderlijke eenvoud, omdat de gebeurtenissen zo onderkoeld en commentaarloos worden beschreven, dat op het moment dat je je realiseert wat er eigenlijk staat, de schok des te groter is”. Möhlmann (2011) deel hierdie beskouing:

Door de hele bundel heen zijn het juist de laconieke bewoordingen die indruk maken, omdat ze voorkomen dat de boel te sentimenteel of kunstmatig wordt: ze tonen de kracht van *show don't tell* en verraden daarmee juist Kamfers diepe betrokkenheid met haar ouders, haar buurt, haar landgenoten.

Met verwysing na “Dis vroeg winter in die Kaap dié jaar” se slotreël (“sal ek onthou dat pyn vir almal dieselfde is”) merk Leibbrand op: “Het is een besef dat in de Zuid-Afrikaanse gemeenschap lang afwezig is geweest, maar ook in de huidige situatie nog al eens vergeten dreigt te worden.” Volgens Van Hulle (2011) blyk die nagevolge van apartheid duidelik uit die maatskaplik gerigte gedigte: “De nasleep van de apartheid en hoe die, ondanks alle wettelijke voorzieningen, blijft meespelen in de hoofden van hen die het systeem aanhingen, verkrachtingen, doodslag, uitzichtloze armoede zijn de steeds weer opduikende thema’s in de gedichten van Ronelda S. Kamfer.” Van der Walt (2011) verwys in dié verband spesifiek op die “grillige verhoudingen tussen de Afrikaner en andere bevolkingsgroepen”. Leibbrand (2008) oordeel veral gunstig oor die komplekseite van die sosio-politieke dimensie waaroor Kamfer se maatskaplike verse handel:

Zij geeft op een intelligente manier uiting aan de woede die als een olielaag op (of onder?) de Zuid-Afrikaanse samenleving ligt. En ze weet des te sterker te overtuigen, omdat zij haar geëngageerdheid zo terloops en onnadrukkelijk verwoordt, even eerlijk als laconiek.

Ook Ester (2009: 97) bring Kamfer se maatskaplike fokus eksplisiet in verband met apartheid en ras en wys op die leser se plig om die implikasies te besef: “Kamfer benoemt de ellende en de morele warboel, zonder meteen in de richting van de blanke medeburgers te wijzen. Dat is pure winst, omdat het tot zelfanalyse en eerlijkheid aan de kant van de lezer bedraagt.” In hierdie verband is dit interessant om Ester se beskouing oor die politieke aspekte van *Noudat slapende honde* met dié van ander Nederlandstalige resensente te vergelyk. Leibbrand (2008), Van Hulle (2011), Möhlmann (2011) en Van der Walt (2011) beskou soos hierbo uitgewys die sosio-politieke betrokkenheid van Kamfer se werk as een van die sentrale aspekte van die sukses van die bundel. Ester (2009: 97) deel die beskouing, maar ag die getemperde politieke diskoers in Kamfer se werk as die kenmerk wat *Noudat slapende honde* van ander swart Afrikaanse skrywers se versetpoësie onderskei en dus meer suksesvol maak:

Een belangrijk onderwerp binnen de poëzie van bijvoorbeeld Patrick Petersen is het onrecht dat de gekleurde bevolking van Zuid-Afrika door apartheid is aangedaan. Zulke gedichten, die een sociaal en politiek programma bevatten, verouderen razendsnel en raken zelfs helemaal uit de tijd wanneer de geschiedenis hen heeft ingehaald. Ronelda S. Kamfer is zich in haar gedichten bewust van de schaduwen van het verleden, maar ze gaat met dat verlede op een wijze om die zich niet of hoogst zelden voor politieke propaganda leent.

As sodanig sluit Ester aan by die Suid-Afrikaanse resensente van die bundel wat ook beklemtoon dat die politieke inslag van Kamfer se poësie nie so eksplisiet is nie en deur die stilistiese elemente getemper word. Naudé (2008b) noem byvoorbeeld dat die “indirekte politieke kommentaar” van die gedigte “nooit aangeplak” is nie. In sy resensie vir Poetry International Web stel hy dit effe anders: “In the tone of her reserve lies a sting that should not be underestimated, but this is not ‘political poetry’. It is, rather, political reality experienced in intensely private terms.” Volgens Hambidge (2008a) lewer die bundel “sterk sosiale kommentaar sonder om ooit die digterlike eise te verontagsaam”.

Cloete (2009: 243) noem in verband met die politiese aspekte slegs dat die “‘ek’ van hierdie gedigte [...] ’n ontwortelde mens in ’n nuwe wêreld [is]”. Hambidge (2008b) verwys slegs sydelings na die sosio-politieke implikasies deur te noem dat die nuwe geslag opgesaai sit met ’n verlede wat nie vergeet kan word nie, maar dit ook nie self beleef het nie. Steward van Wyk (2008) vat dit as volg saam: “Vertellings van miskenning en verontregting is welbekend in die Afrikaanse literatuur en in ons politieke onderbewuste. Dat Kamfer mens weer opnuut daarmee boei, is toe te skryf aan haar skryftalent.”

In die Suid-Afrikaanse resepsie van *Noudat slapende honde* waarby Ester (2009) ook aansluit, wil dit dus voorkom asof daar ’n proses plaasvind van wat Anne McClintock (1990: 200) in ’n ander konteks “political disinfection” noem en waardeur die sosio-politieke dimensie van ’n teks óf heeltemal verswyg word, óf byna verskonend

geregverdig of onderspeel word. Wanneer die politieke blik wat Kamfer bied in die Suid-Afrikaanse resepsie van *Noudat slapende honde* ter sprake kom, is resensente versigtig om aan te toon dat die poësie nie “suiwer polities” is nie, maar ook oor literêre meriete beskik. Dit is opvallend dat soveel van die resensente hierop wys, veral as ’n mens in ag neem dat hoogs gekanoniseerde skrywers soos Marlene van Niekerk, Karel Schoeman, Breyten Breytenbach, Antjie Krog, André P. Brink, Adam Small, Elsa Joubert, Etienne van Heerden, Etienne Leroux, Ingrid Winterbach, John Miles en Eben Venter (om maar enkele te noem) se werk tot ’n mindere of meerdere mate wentel rondom identiteitspolitiek, of dit nou gaan om ras, klas, geslag of gender. In ’n konteks soos dié van Suid-Afrika is daar nie ’n duidelike skeidslyn tussen estetiese en sosiaal-maatskaplike gerigtheid nie.

Hierdie politieke suiweringsproses in die Afrikaanse resepsie van *Noudat slapende honde* sou op een vlak waarskynlik gemotiveer kon word aan die hand van die ouer beskouings van sommige van die versetpoësie van swart Afrikaanse skrywers tydens apartheid, wat uitgewer Charles Fryer in ’n omstrede lesing in 1988 as “sonbesie-poësie” bestempel het weens wat hy as ’n “eenselwige [...] skril protestoon” beskou (Fryer, 1988: 10). Kritici soos Hein Willemse (1999: 3) het al omvangryke navorsing gedoen oor die wyses waarop sulke beskouings deur hekwagters die kanon beïnvloed deur “’n aantoonbare wisselwerking tussen kulturele (spesifiek: literêre) waardes en sosiale mag”. Deur te beklemtoon dat Kamfer se sosio-politieke poësie in *Noudat slapende honde* wel oor literêre meriete beskik, word daar volgens hierdie resepsie dus gepoog om Kamfer se poësie te onderskei van die werk van skrywers wat tradisioneel in ’n niehegemoniese posisie teenoor die kanon gestaan het en “nie die estetiese bekommernisse van ’n gesetelde orde kan deel nie” (Willemse, 1985: 229).

Hoewel hierdie benadering van Suid-Afrikaanse resensente gemotiveer kan word aan die hand van poëtikale opvattinge en hulle ook versigtig was om nie te verval in historiese magsonderskeide nie (deur Kamfer se unieke posisie as eerste swart Afrikaanse vroueskrywer wat ’n bundel by ’n gevestigde uitgewershuis publiseer, te verswyg), word Kamfer se aansluiting by die tradisie van swart Afrikaanse skryfwerk as gevolg hiervan ook verswyg.¹¹ Slegs Van Wyk (2008) en Ester (2009) verwys na die assosiasies met swart Afrikaanse skrywers soos Valda Jansen, Adam Small en Patrick Petersen wat Kamfer se poësie oproep, maar geen van die resensente verwys eksplisiet na hierdie tradisie waarbinne Kamfer se poësie gelees kan word nie – terwyl die oorgrote meerderheid Afrikaanse en Nederlandstalige resensente na Kamfer se aansluiting by ’n vroulike tradisie (en spesifiek Antjie Krog) verwys.¹²

Hoewel die Nederlandse resepsie van *Nu de slapende honden* met die uitsondering van Ester (2009) nie aandag skenk aan die tradisie van swart Afrikaanse skryfwerk nie (waarvan daar weinig in Nederlandse vertaling beskikbaar is), word Kamfer skynbaar binne die konteks van bemarkbaarheid as “de jongste gekleurde dichter [...] die in het Afrikaans werd gepubliceerd” beskryf (Uitgeverij Podium, Najaarscatalogus 2010) en in die bemarkingsmateriaal word rasonderskeide twee maal genoem. De

Vries (2009) verwys na Danie Marais wat in sy rol as voormalige poësieredakteur van *LitNet* sorg “dat het werk van de jonge kleurling-dichter Ronelda Kamfer werd gepubliceerd”. Hy jukstaponeer die poësie van Ronelda Kamfer met dié van ander digters van die nuwe generasie:

De meeste Nieuwe [*sic*] Digters groeiden op toen apartheid ten einde liep. Bij hen geen obsessie met schuld over het racisme van hun vaders en de opa's, maar vooral introspectie en een vaak melancholieke blik op het land [...] Voor de kleurlingen ligt het accent net iets anders. Ronelda Kamfer (1981) groeide als tiener op in de ganglands van Eersterivier nabij Kaapstad.

Volgens Paris (2010) skryf Kamfer gedigte vanuit 'n posisie waarin haar solidariteit met die gemeenskap sentraal staan: “Ze ziet en ze weet dat het anders kan, ze kent haar bevoorrechte situatie, maar weet dat ze door haar huidskleur en haar geschiedenis solidair moet zijn met de minder gelukkigen.” Van Hulle (2011) verwys in sy openingsin na “de bruine Afrikaanse dichteres Ronelda S. Kamfer” as “de nieuwe sensatie”, terwyl Leibbrand (2008) eksplisiet die poësie van “deze gekleurde jonge vrouw” binne die konteks van apartheid posisioneer. Binne hierdie konteks beskou Van Hulle (2011) Kamfer dan ook as spreker vir die gemeenskap:

Ronelda S. Kamfer hangt een bij momenten ontluisterend beeld op van de omstandigheden waarin vooral achtergestelde jongeren in de townships het moeten zien waar te maken. Zij spreekt hun taal, zij voelt de polsslag van hun leven, zij zegt wat zij vaak nie (meer) kunnen zeggen. Of wat zij niet zouden zijn of doen mocht ze de kansen krijgen die al te vaak nog het expliciete voorrecht zijn van de upper class. Het gedicht “goeie meisies” [...] is daar een schitterend voorbeeld van: vanuit de negatie wordt getoond wat precies wel verkeerd loopt.

Hierdie beskouing staan in teenstelling met dié van Ester (2009: 97), wat van mening is dat Kamfer (soos E.K.M. Dido) “niet meer het accent hoeft te leggen op de tegen stellingen tussen mensen als vertegenwoordigers van verschillende bevolkingsgroepen”, maar “haar levenservaring als een zelfstandig gegeven weer[geeft]”. In hierdie opsig is dit ook opmerklik dat Afrikaanse resensente baie meer aandag skenk aan die persoonlike sfeer van *Noudat slapende honde* as wat in die Nederlandse resepsie aangetref word, al wys byna al die Afrikaanse resensente ook op die maatskaplike fokus op 'n wye verskeidenheid figure. Van Wyk (2008) noem byvoorbeeld die polifoniese toon van *Noudat slapende honde* met 'n vrouestem wat oor rasgrense strek, maar sê dat dit gebalanseer word deur die persoonlike verse wat in die bundel aan bod kom.

Soos in Van Wyk se resensie word gender as identiteitsaspek in die Nederlandse resensies uitgelig. Leibbrand (2008) sluit byvoorbeeld sy resensie as volg af: “Ogenscheinlijk hard, maar in wezen gevoelig is zij een onconventionele nieuwe vrouwelijke Zuid- Afrikaanse stem om met aandag te blijven volgen”. Net soos in die

geval van die Suid-Afrikaanse resepsie word Kamfer dan ook binne 'n vroulike tradisie gekontekstualiseer, meestal in navolging van Antjie Krog (Van Hulle, 2011; Van der Walt, 2011; Leibbrand, 2008). Hoewel Suid-Afrikaanse resensente soos Naudé en Hambidge veral in terme van stilistiese kenmerke 'n aansluiting by Antjie Krog se ouer poësie vind, beskryf Van der Walt (2012) hierdie verwantskap aan die hand van “een groep dichters die we maatschappelijk geëngageerd kunnen noemen, zoals haar mentor Antjie Krog”. In die bemarkingsmateriaal word Kamfer ook vergelyk met Ingrid Jonker, 'n verband wat volgens T'Sjoen (2013, ter perse) “volkome imaginair maar strategisch wel handig” is. Jonker is naas Krog en Elisabeth Eybers waarskynlik die bekendste Afrikaanse vrouedigter in die Lae Lande. Ester (2009: 97) herken weer in die menslikheid van gedigte soos “Nag” 'n ooreenkomst met Eybers.

Uiteindelik oordeel die Nederlandstalige resensente ook uitsluitlik positief oor die bundel. Ester (2009: 97) spreek die hoop uit dat Kamfer sal voortgaan: “Hopelijk gaat Ronelda S. Kamfer door met schrijven. En hopelijk versterkt ze haar dichterspersoonlijkheid door zich veel waardevolle cultuur toe te eigenen. Om er een nieuwe vorm en een nieuwe inhoud aan te geven.” Möhlmann (2011) wys ten slotte daarop dat Kamfer “in haar soepele taal alles tussen existentiële isolatie en etnische identiteit de revue heeft laten passeren”, terwyl Lindner (2010) die bundel beskryf as “documentair, aangrijpend, confronterend”.

Die positiewe ontvangs van die bundel in die Lae Lande het ook 'n bydrae gelewer tot die “bijna onaantastbare status” (T'Sjoen, 2013, ter perse) van Kamfer se posisie in die Suid-Afrikaanse letterkunde, en daarmee saam ook tot 'n mate 'n groter geneentheid om Kamfer se poësie binne die kader van ras, politiek en 'n mineurtradisie te lees. In 'n resensie van Kamfer se tweede bundel, *grond/Santekraam* (2011), som Odendaal (2011) Kamfer se impak met verwysing na ras, gender en die swart Afrikaanse literêre tradisie as volg op:

Ronelda S. Kamfer se *Noudat slapende honde* van drie jaar gelede het 'n rimpeling van opwinding deur die Afrikaanse poësiewêreld gestuur. Haar fraaiinglose [*sic*], gelade uitbeelding van spesifiek die vroulike beleving van bruinmenswees in Suid-Afrika het die tonge los gehad – en tereg [...] Die “Happy Hotnot-mentality” is onherroeplik deur haar “opgebom” (titelgedig van *Noudat slapende honde*). Terselfdertyd het die bundel uitgegroeï tot veel meer as die uitbeelding van die bruinmenslot. Iets van alle vervreemdes en noodlydendes se belewenis is daarin vertolk.

4. Slot

Uit hierdie ondersoek na die resepsie van Ronelda Kamfer se debuutbundel *Noudat slapende honde*, en die tweetalige Nederlandse uitgawe, *Nu de slapende honden*, blyk 'n aantal ooreenkomste en verskille tussen die Afrikaanse en Nederlandstalige reaksies. Die opvallendste ooreenkomste is die opvatting oor die stilistiese elemente. Daar is uit alle oorde gunstig geoordeel oor die narratiewe inslag van 'n groot aantal verse in

Noudat slapende honde. Voorts is ook Kamfer se taalhantering byna sonder uitsondering aangeprys, met Suid-Afrikaanse resensente wat in hierdie opsig hoofsaaklik verwys na die gemaklike, informele styl wat Kamfer handhaaf en let op die verskillende stembuigings en idiome wat gehandhaaf word van Standaardafrikaans tot jeugtaal tot streeksdialekte. Nederlandse resensente let weer veral op die gebruik van Engelse woorde wat in Afrikaans al bekend geraak het in die skryfwerk van 'n nuwe generasie en as “Engfrikaans” benoem is.

Vanuit 'n genderperspektief is daar ook 'n aantal opmerklike ooreenkomste in die Afrikaanse en Nederlandstalige resepsies van *Noudat slapende honde*. Van Wyk (2008) en Hambidge (2008b) wys op die vernuwende aard van Kamfer as vrouestem, terwyl Leibbrand (2008) Kamfer as 'n onkonvensionele vrouestem uit Suid-Afrika beskryf. Kamfer is ook in beide die Afrikaanse en Nederlandse resensies binne 'n vroulike tradisie beskou en dan veral as 'n digter wat in die voetspore van Antjie Krog volg. Die skakel met Krog berus egter op verskillende elemente. Dit is veral in terme van styl en toon dat Naudé (2008b) en Hambidge (2008a en 2008b) skakels met 'n jong Krog identifiseer. Krog is saam met Ingrid Jonker en Elisabeth Eybers een van die bekendste Afrikaanse vrouedigters in die Lae Lande en gevolglik noem verskeie resensente (Van Hulle, 2011; Van der Walt, 2011; Leibbrand, 2008) dat Kamfer ooreenkomste met Krog toon of onder Krog se mentorskap ontwikkel het sonder om konkrete vergelykings te tref. Vir Van der Walt (2012) is die aansluiting tussen hierdie twee Afrikaanse vrouedigters veral in die maatskaplike betrokkenheid van hul poësie. In die Afrikaanse resepsie verwys slegs Van Wyk (2008) na 'n verdere skakel met 'n vroulike tradisie wanneer hy ooreenkomste met Valda Jansen se poësie identifiseer. In die Nederlandse bemarkingsmateriaal word Kamfer ook in navolging van Ingrid Jonker beskou, wat waarskynlik eerder as 'n bemarkingstrategie beskou moet word weens Jonker se bekendheid in die Lae Lande. Laastens bring Ester (2009) sekere gedigte in *Noudat slapende honde* in verband met Eybers se poësie. Hieruit is dit duidelik dat die Nederlandse resensente veral die vroulike Afrikaanse tradisie aanwend om Kamfer vir 'n Nederlandse gehoor bekend te stel en dus verwys na voorgangers met wie 'n Nederlandstalige gehoor bekend sal wees.

Die opmerklikste verskil tussen die Suid-Afrikaanse en Nederlandstalige resepsie van *Noudat slapende honde* is egter in die hantering van die sosio-politieke tematiek. Hoewel Suid-Afrikaanse en Nederlandse resensente die maatskaplike gerigtheid van Kamfer se poësie en die politieke dimensies daarvan uitwys, word die politieke elemente in die Afrikaanse resepsie onderspeel of gekwalifiseer deur dit in verband te bring met literêre meriete (met 'n fokus op die estetiese dimensie en persoonlike verse wat hiervolgens 'n balans bring). In die Nederlandse resensies is die sosio-politieke fokus baie groter en vorm dit die kern van die gunstige oordele. Gevolglik word die belangrike aansluiting van Kamfer se poësie by die swart Afrikaanse literêre tradisie (met die fokus op taal, politiek en gemeenskap) in die Afrikaanse resepsie verswyg, terwyl hierdie aspek van die literêre tradisie ook in die Nederlandse resepsie verswyg word, hoofsaaklik omdat daar weinig

poësie van hierdie tradisie in vertaling beskikbaar is. Uit die Nederlandstalige resepsie blyk ook die bemarkbaarheid van ras, met 'n aantal resensente (en ook die uitgewer) wat nie skroom om hierdie aspek by te haal nie. Dit kontrasteer sterk met die Suid-Afrikaanse resepsie, waarin resensente (waarskynlik juis in 'n poging om nie in hierdie rasonderskeide te verval nie) nie verwys na die swart Afrikaanse tradisie waarbinne *Noudat slapende honde* gelees kan word nie, en ook nie verwys na die waterskeidende gebeurtenis toe Kamfer die eerste swart Afrikaanse vrouedigter geword het wat 'n selfstandige bundel by 'n gevestigde uitgewershuis publiseer nie.

Hieruit blyk dit dat die gunstige oordeel van Ronelda Kamfer se *Noudat slapende honde* in Suid-Afrika hoofsaaklik op estetiese en gendergronde berus, terwyl die gunstige resepsie in die Lae Lande hoofsaaklik op politieke, maatskaplike en linguistiese gronde berus en daarnaas op die estetiese gronde. Hierdie dimensies van politiek, maatskappy en taal in Kamfer se poësie – wat ook die mineurtoonaard van *Noudat slapende honde* vorm – kan gedeeltelik verklaar waarom juis Kamfer toegang tot die Nederlandse literêre sisteem verkry het en nie ander debuutdigters wat in Afrikaans ten minste net so gunstig soos Kamfer ontvang is nie. Primêr berus Kamfer se sukses in die Lae Lande dus op literêre faktore (veral die revolusionêre potensiaal van *Noudat slapende honde* wat binne 'n mineurtoonaard verstaan kan word) en hoogstens sekondêr op buite-literêre faktore van bemarkbaarheid soos ras en die skakel met Krog en Schaffer.

Die feit dat Ronelda Kamfer in 2008 die eerste swart Afrikaanse vrouedigter word om 'n enkelbundel by 'n gevestigde uitgewershuis te publiseer is enersyds 'n pluimpie vir Kamfer as 'n aanduiding van die meriete van *Noudat slapende honde*, die eerste bundel wat deur hierdie grens kon breek; andersyds is dit ook 'n geleentheid om die bestaan van hierdie grens te erken en bestekopname te doen van die geleenthede vir gemarginaliseerde stemme in die Afrikaanse poësie. Dit spreek van die diep snypunte van 'n polities gepolariseerde Afrikaanse gemeenskap. Afrikaanse resensente het nie hierop gefokus nie, waarskynlik in 'n poging om nie in historiese rasonderskeide te verval nie, maar so 'n benadering loop die gevaar om soos Viljoen (2005: 96) aanvoer, bestaande magswanbalanse in die Afrikaanse literêre sisteem te laat voortleef en daardeur swart Afrikaanse skrywers verder te marginaliseer. Deur Kamfer slegs binne 'n vroulike tradisie te posisioneer en nie ook binne die konteks van swart Afrikaanse skryfwerk as aparte diskursiewe formasie te beskou nie, kan die unieke posisie van *Noudat slapende honde* in die Afrikaanse poësisisteem maklik oor die hoof gesien word.

Binne hierdie konteks kan *Noudat slapende honde* – en ook *grond/Santekraam*, wat vir die doeleindes van hierdie navorsing buite rekening gelaat is – op die duur interessante stof word vir omvangryker studies oor resepsie en kanonisering. As deel van 'n nuwe generasie skrywers, wat deur hulle uitsette die Afrikaanse poësiekritiek dwing om gevestigde waardeoordele en estetiese opvattinge te herevalueer, sou Kamfer ook 'n geleentheid bied tot 'n herwaardering van poësie binne die tradisie van swart Afrikaanse skryfwerk.

Voorts bied so 'n benadering 'n geleentheid tot bestekopname van die ontwikkeling

van Afrikaanse poësiekritiek en -resepsie oor die afgelope dekades, veral in soverre die resepsie van swart Afrikaanse skrywers dien as 'n barometer van heersende ideologiekritiese opvattinge. Danie Marais (2010) merk byvoorbeeld op dat postapartheidsdigters met enkele uitsonderings meestal swyg oor ras-aangeleenthede, wat vreemd aandoen omdat Afrikaanse prosa van dieselfde periode wel daarmee omgaan en omdat dit ook 'n sentrale kwessie in 'n jong demokrasie is. Volgens Viljoen (2011: 24) is dit egter 'n tema wat wel deeglik teenwoordig is in die werk van bruin digters soos Peter Snyders, Julian de Wette, Loit Sôls en Clinton V. du Plessis. Tog blyk dit voorlopig uit die (weliswaar beperkte) studie van die resepsie van *Noudat slapende honde* dat daar steeds 'n aantal voorbehoude oor poësie met 'n sosio-politieke tema bestaan – terwyl dit juis sulke poësie uit Suid-Afrika is wat wetboeke herskryf in Europa (soos Diana Ferrus se gedig oor Saartjie Baartman in Frankryk) en Nederlandse gehore gaande het (soos Ronelda Kamfer en Antjie Krog). 'n Studie van groter omvang oor die resepsie van betrokke poësie in 'n postapartheidskonteks kan moontlik 'n aantal opvattinge in hierdie verband blootlê.

Universiteit Antwerpen
Universiteit van Suid-Afrika

Bronnelys

- Aanbiedingscatalogus Podium (najaar 2010).** <http://www.uitgeverijpodium.nl/contentfiles/eCatalogus%20Podiumlowres.pdf> (geraadpleeg op 11 Mei 2011).
- Adendorff, Elbie Maria.** 2003. *Digdebute teen die millenniumwending: 'n Polisistemiese ondersoek*. Ongepubliseerde MA-tesis. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Adendorff, Elbie.** 2009. “Planke toe met poësie!” 'n Voorlopige ondersoek na performances en happenings in die Nederlandse en Afrikaanse poëtiesisteme. In: Foster, Ronel, Yves T'Sjoen en Thomas Vaessens (red.). *Over grenzen/Oor grense. Een vergelykende studie van Nederlandse, Vlaamse en Afrikaanse poëzie/ 'n Vergelykende studie van Nederlandse, Vlaamse en Afrikaanse poësie*. Leuven: Acco: 351-372.
- Afrikaanse skrywersvereniging.** 2002. *Metafore van herlewing*. Pretoria: LAPA.
- Anker, Willem.** 2007. *Die nomadiese self: Skisoanalitiese beskouinge oor karaktersubjektiviteit in die prosawerk van Alexander Strachan en Breyten Breytenbach*. Ongepubliseerde DLitt-proefskrif. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Anker, Willem.** 2011. “Spanner in die wat?” – Wopko Jensma en die mineurletterkunde van Deleuze en Guattari. *LitNet Akademies*, 8(3): 167-194.
- Brink, André P.** (red.). 2000. *Groot verseboek*. Kaapstad: Tafelberg.
- Claassen, Joel en Steward van Wyk.** 2005. Die Derde Swart Afrikaanse Skrywers-simposium is hier. Onderhoud met Steward van Wyk. *LitNet*. http://www.oulitnet.co.za/mond/derde_sass.asp (geraadpleeg op 26 Maart 2012).

- Cloete, T.T.** 2009. Resensie: *Noudat slapende honde*. *Tydskrif vir Letterkunde*, 46(1): 243-244.
- Cochrane, Neil.** 2008. Die swart Afrikaanse vroueskrywer (1995-2007): Nog steeds 'n literêre minderheid binne 'n demokratiese bestel? *Acta Academica*, 40(1): 31-51.
- Coetzee, Ampie.** 2002. Swart Afrikaanse skrywers: 'n Diskursiewe praktyk van die verlede. *Stilet*, 11(1): 149-166.
- Coetzee, J.M.** 1988. *White Writing: On the Culture of Letters in South Africa*. Johannesburg: Radix.
- Colebrook, Claire.** 2008. *Gilles Deleuze*. Oxon en New York: Routledge.
- Deleuze, Gilles en Félix Guattari.** 1986. *Kafka: Toward a Minor Literature*. Vertaal deur Dana Polan. Minneapolis: University of Minnesota Press.
- De Vries, Fred.** 2009. "Ja, ek vry met jullie [*sic*] seuns" – de Nieuwe Afrikaanse Digtters. *De Groene Amsterdammer*, 4 April. <http://www.groene.nl/2009/18/ja-ek-vry-met-jullie-seuns-de-nieuwe-afrikaanse-digtters> (geraadpleeg op 9 Julie 2012).
- Ester, Hans.** 2009. Ronelda S. Kamfer: Een nieuw dichterlijk geluid. *Zuid-Afrika*, 1 Mei: 97.
- Erasmus, Zimitri.** 2001. Introduction: Re-imagining Coloured Identities in Post-Apartheid South Africa. In: Erasmus, Zimitri (red.). *Coloured by History, Shaped by Place: New Perspectives on Coloured Identities in Cape Town*. Kaapstad: Kwela: 13-23.
- February, V.A.** 1981. *Mind your Colour: The "Coloured" Stereotype in South African Literature*. Leiden: African Studies Centre.
- Ferrus, Diana.** 2006. *Ons komvandaan*. Kaapstad: Diana Ferrus Uitgewery.
- Fokkema, Douwe en Elrud Ibsch.** 1992. *Literatuurwetenschap en cultuuroverdracht*. Muiderberg: Coutinho.
- Foster, Ronel en Louise Viljoen.** 1997. *Poskaarte: Beelde van die Afrikaanse poësie sedert 1960*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers en Human & Rousseau.
- Fryer, Charles.** 1988. Digtters nie op kleur getakseer. *Die Burger*, 30 September: 10.
- Gerwel, G.J.** 1983. *Literatuur en apartheid: Konsepsies van "gekleurdes" in die Afrikaanse roman tot 1948*. Kasselsvlei: Kampen.
- Hambidge, Joan.** 2008a. Debuut en digter is 'n vonds vir die taal. *Volksblad*, 15 September: 8.
- Hambidge, Joan.** 2008b. Ongekunstelde, uit-die-hart-uit-gedig aan die terugkeer. *Die Burger*. <http://jv.dieburger.com/Stories/Entertainment/Books/18.0.804023181.aspx> (geraadpleeg op 18 Januarie 2012).
- Heilbron, Johan.** 2008. Responding to Globalization: The Development of Book Translations in France and the Netherlands. In: Pym, Anthony, Miriam Shelsinger en Daniel Simeoni (red.). *Beyond Descriptive Translation Studies: Investigations in Homage to Gideon Toury*. Amsterdam en Philadelphia: John Benjamins.
- Hendricks, Frank.** 2012. Om die miskende te laat ken: 'n Blik op Adam Small se literêre verrekening van Kaaps. *Tydskrif vir Letterkunde*, 49(1): 95-114.
- Hugo, Daniel.** 2006. P.J. Philander. In: Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en profiel: 'n*

- Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Band 3. Pretoria: Van Schaik Uitgewers: 401-408.
- Humbeeck, Kris en Francine Smink**. 2008. *Literair vertalen: Van twee kanten bekeken. Vertalers en uitgevers aan het woord*. Den Haag: Nederlandse Taalunie.
- Jaeger, Toef**. 2011. Dichtbundel met Tupac Shakur en Radiohead. *nrc next*, 7 Februarie: 12.
- Jansen, Beverley**. 1985. Paneelbespreking. In: Smith, Julian, Alwyn van Gensen en Hein Willemse (red.). *Swart Afrikaanse skrywers*. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland: 79-81.
- Kamfer, Ronelda S**. 2008. *Noudat slapende honde*. Kaapstad: Kwela.
- Kamfer, Ronelda S**. 2010. *Nu de slapende honden*. Vertaal deur Alfred Schaffer. Amsterdam: Uitgeverij Podium.
- Kamfer, Ronelda S**. 2011. *grond/Santekraam*. Kaapstad: Kwela.
- Kamfer, Ronelda S**. 2012. Persoonlike e-poskorrespondensie met Ronelda S. Kamfer, 15 Augustus.
- Kolski Horwitz, Adam** (red.). 1987. 5. Joubertpark: Botsotso Publishing.
- Krog, Antjie en Alfred Schaffer**. 2005. Verantwoording. In: Krog, Antjie en Alfred Schaffer (red.). *Nuwe stemme 3*. Kaapstad: Tafelberg: 7-10.
- Leibbrand, Joop**. 2008. Waar ek staan. Meander, 26 November. <http://meandermagazine.net/wp/2008/11/waar-ek-staan> (geraadpleeg op 13 Maart 2012).
- Lindner, Erik**. 2010. Vertalingen. De Groene Amsterdammer, 16 Desember. <http://www.eriklindner.nl/content/view/358/461> (geraadpleeg op 13 Maart 2012).
- Marais, Danie**. 2010. Stilte in die hof! *Rapport*, 4 April. <http://www.rapport.co.za/Boeke/Nuus/Stilte-in-die-hof-20100402> (geraadpleeg op 6 Maart 2012).
- McClintock, Anne**. 1990. The Very House of Difference: Race, Gender and the Politics of South African Women's Narrative. *Social Text*, 25/26: 196-226.
- Möhlmann, Thomas**. 2011. Ek staan nog steeds. *Awater*, 10(1): 45-46. Ook beskikbaar op *Versindaba*: <http://versindaba.co.za/2011/02/09/thomas-mohlmann-nu-de-slapende-honden> (geraadpleeg op 13 Maart 2012).
- Naudé, Charl-Pierre**. 2008a. Bastille-dag roer onder ons voete. *By*, 10 Oktober. <http://www.beeld.com/In-Diepte/Nuus/By-Bastille-dag-roer-onder-ons-voete-20100617> (geraadpleeg op 16 Februarie 2012).
- Naudé, Charl-Pierre**. 2008b. Vergewe my, ek is Afrikaans. *Rapport*, 10 Augustus: 22.
- Naudé, Charl-Pierre**. 2008c. Ronelda Kamfer (South Africa, 1981). *Poetry International Web*. <http://www.poetryinternationalweb.net/pi/site/poet/item/13273> (geraadpleeg op 16 Februarie 2012).
- Odendaal, B.J.** 2006. Tendense in die Afrikaanse poësie in die tydperk 1998 tot 2003. In: Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Band 3. Pretoria: Van Schaik Uitgewers: 105-148.
- Odendaal, Bernard**. 2011. Resensie: *grond/Santekraam* (Ronelda S. Kamfer). *Versindaba*. <http://versindaba.co.za/2011/08/25/resensie-grondsantekraam-ronelda-s-kamfer> (geraadpleeg op 4 September 2011).

- Pakendorf, Gunther.** 1993. Kafka, en die saak vir 'n "klein letterkunde". *Stilet*, 5(1): 99-106.
- Pakendorf, Gunther.** 2011. *LitNet Akademies-resensie-essay: grond/Santekraam*. LitNet, 10 November. <http://www.litnet.co.za/Article/litnet-akademies-resensie-essaygrondsantekraam> (geraadpleeg op 13 November 2011).
- Paris, Lidewijde.** 2010. Boekentips van Lidewijde Paris. *AVRO Opium*. <http://cultuurgids.avro.nl/front/detailopium.html?item=8237006> (geraadpleeg op 16 Februarie 2012).
- Philander, P.J.** 1955. *Uurglas*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Philander, P.J.** 1986. *Ostrakon*. Johannesburg: Perskor.
- Rive, Richard.** 1985. Culture, Colouredism, Kaaps. In: Smith, Julian, Alwyn van Gensen en Hein Willemse (red.). *Swart Afrikaanse skrywers*. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland: 60-68.
- Rust, Riette.** 2010. Noudat slapende honde. *Sarie*, Oktober. <http://www.sarie.com/lewe-liefdes/boeke/boekdinge-oktober-2010-1> (geraadpleeg op 11 Junie 2012).
- Small, Adam en Helize van Vuuren.** 2012. "Jy is die vertolker": die lewensloop van Adam Small. *Tydskrif vir Letterkunde*, 49(1): 10-14.
- Smith, Julian, Alwyn van Gensen en Hein Willemse** (red.). 1985. *Swart Afrikaanse skrywers*. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland.
- Stander, Aletta Sophia.** 2012. *Taal wat stamel, stotter en struikel: Marlene van Niekerk se Die sneeuslaper (2010) as mineurletterkunde*. Ongepubliseerde MA-tesis. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- T'Sjoen, Yves.** 2013. Beloken blikvelden in de Lage Landen: Eenentwintigste-eeuwse receptie van Nederlandse vertalingen van Afrikaanse poëzie. *Tydskrif vir Letterkunde*, 50(1):16-35.
- Van Coller, H.P.** 2003. Die gesprek tussen C.M. van den Heever se werk en enkele moderne Suid- Afrikaanse romans. *Literator*, 24(1): 49-68.
- Van Coller, Hennie en Bernard Odendaal.** 2009. Die verhouding tussen die Afrikaanse en Nederlandse literêre sisteme: 'n Chronologiese oorsig. In: Foster, Ronel, Yves T'Sjoen en Thomas Vaessens (red.). *Over grenzen/Oor grense. Een vergelykende studie van Nederlandse, Vlaamse en Afrikaanse poëzie/'n Vergelykende studie van Nederlandse, Vlaamse en Afrikaanse poësie*. Leuven: Acco: 19-45.
- Van den Bergh, Erik en Elma Doeleman.** 2000. *Inventarisatie culturele banden Nederland-Zuid-Afrika 1994-2000*. Amsterdam: NiZA en Kairos.
- Van der Merwe, C.N. 1994. *Breaking Barriers: Stereotypes and the Changing of Values in Afrikaans Writing 1875-1990*. Amsterdam: Rodopi.
- Van der Ree, Susan.** 1996. *Caleidoscoop: Een bibliografisch overzicht van literatuur uit Zuid-Afrika in Nederlandse vertaling*. Amsterdam: Suid-Afrikaanse Instituut.
- Van der Walt, Carina.** 2011. In de sporen van Antjie Krog. *Tilburgz.nl*, 12 April. <http://tilburgz.nl/2011/04/12/in-de-sporen-van-antjie-krog> (geraadpleeg op 13 Maart 2012).
- Van der Walt, Carina.** 2012. *Nu de slapende honden*. *Tilburgz.nl*, 20 Februarie. <http://tilburgz.nl/2012/02/20/nu-de-slapende-honden> (geraadpleeg op 13 Maart 2012).

- Van Hulle, Jooris.** 2011. Ronelda S. Kamfer: Pijn is voor iedereen hetzelfde. *Poëziekrant*, 35(7): 84. Ook beskikbaar op *LitNet*: http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=113508 (geraadpleeg op 13 Maart 2012).
- Van Vuuren, Helize.** 1999. Baanbrekende werk se remme is nog nie los. *Die Burger*, 18 Augustus: 6.
- Van Wyk, Steward.** 2008. Kamfer se gedigte. *LitNet*, 24 September. http://www.argief.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=53270&cat_id=722 (geraadpleeg op 18 Januarie 2012).
- Venter, Rudi.** 2006. *Die materiële produksie van Afrikaanse fiksie (1990-2005) – 'n empiriese ondersoek na die produksieprofiel en uitgeweryprofiel binne die uitgeesisteem*. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Viljoen, Louise.** 1996. Verhaal van bevryding word vertel en gevier. *Die Burger*, 24 April: 8.
- Viljoen, Louise.** 2002. Nuwe stemme in die Afrikaanse letterkunde. *Die Burger*-lesingreeks, KKNK, April 2002. *LitNet*. <http://www.oulitnet.co.za/seminaar/viljoen.asp> (geraadpleeg op 28 Maart 2012).
- Viljoen, Louise.** 2005. Displacement in the Literary Texts of Black Afrikaans Writers in South Africa. *Journal of Literary Studies*, 21(1): 93-118.
- Viljoen, Louise.** 2011. Of Chisels and Jackhammers: Afrikaans Poetry, 2000-2009. *Current Writing: Text and Reception in Southern Africa*, 23(1): 17-34.
- Wicomb, Zoë.** 1998. Shame and Identity: The Case of the Coloured in South Africa. In: Attridge, Derek en Rosemary Jolly (red.). *Writing South Africa: Literature, Apartheid, Democracy, 1970-1995*. Cambridge: Cambridge University Press: 91-107.
- Willemse, Hein.** 1985. Poësie se nie-hegemoniese vorm. In: Malan, Charles en Bartho Smit (red.). *Skrywer en gemeenskap: tien jaar Afrikaanse Skrywersgilde*. Pretoria: HAUM Literêr: 227-230.
- Willemse, Hein.** 1990. Die Skrilte Sonbesies: Emergent Black Afrikaans Poets in Search of Authority. In: Trump, Martin (red.). *Rendering Things Visible: Essays on South African Literary Culture*. Braamfontein: Ravan Press: 367-401.
- Willemse, Hein.** 1999. 'n Inleiding tot buite-kanonieke Afrikaanse kulturele praktyke. In: Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Band 2. Pretoria: J.L. van Schaik Uitgewers: 3-20.
- Willemse, Hein.** 2002. Waar's die nuwe stemme in ons letterkunde? *LitNet*. <http://www.oulitnet.co.za/seminaar/heinw.asp> (geraadpleeg op 26 Maart 2012).
- Willemse, Hein.** 2007a. *Aan die ander kant: Swart Afrikaanse skrywers in die Afrikaanse letterkunde*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Willemse, Hein.** 2007b. Die Swart Afrikaanse skrywersimposium – oorspronge en kontekste. *Tydskrif vir Letterkunde*, 44(2): 204-214.
- Wyngaard, Heindrich.** 2008. 'n Nuwe stem wat slapende honde... *Die Burger*, 27 Junie: 17.

Note

1. Die titel van hierdie artikel is ontleen aan die gedig “Lolla” (Kamfer, 2008: 25), waarin dit soos volg verskyn: “haar art was befok/haar gap was groovy” – ’n verwysing na ’n vrou wat houtbeeldjies op straat verkoop het en wat hier van toepassing gemaak word op Ronelda Kamfer. Ter wille van tipografiese oorweginge is die aanhaling ietwat gewysig in die artikeltitel.
2. Die term “swart Afrikaanse skrywer” is in 1985 gemunt tydens die Eerste Swart Afrikaanse Skrywersimposium en word meestal in ’n politieke sin gebruik om ’n solidariteit met ander gemarginaliseerde identiteite tydens apartheid aan te dui en die verband met die Swartbewussynsbeweging te suggereer. Die term kan egter vir ’n buitelandse gehoor vreemd voorkom omdat die meeste van hierdie skrywers bruin is en daar in postapartheid- Suid-Afrika stemme opklink dat die term “swart” nie meer funksioneel is nie omdat dit totaliserend werk. Ek gebruik “swart Afrikaanse skrywer” op grond van die nut om die uitsette van hierdie skrywers as ’n aparte diskursiewe formasie te beskou (sien Viljoen, 2005; Coetzee, 2002) en te dui op die marginalisering van skrywers op grond van rassevooroordele in die Afrikaanse literêre kanon. Sommige van hierdie skrywers identifiseer wel nie as “swart” nie. Sien Willemse (2007b) vir ’n geskiedkundige perspektief op die ontstaan en funksies van die term.
3. Net soos die term “swart Afrikaanse skrywer” is die term “vrouedigter” of “vroueskrywer” problematies aangesien dit maklik in verband gebring kan word met “ongelukkige konnotasies (‘minder ernstig op te neem’, ‘aparte vroulike kategorie’, ‘aparte wette vir dié wat dig’)” (Van Vuuren, 1999: 6). Die aard van hierdie artikel noodsaak egter die gebruik van die term “vrouedigter”. Dit word egter nie in ’n paternalistiese sin gebruik nie, maar in ’n literatuurkritiese sin wat veral fokus op die kanon en tradisie waarin geslagsvooroordele veroorsaak het dat hierdie groep skrywers (vroueskrywers in die algemeen en veral swart Afrikaanse vroueskrywers) op grond van geslag uitgesluit en gemarginaliseer is. Die term “vrouedigter” word dan ook verkies bo die term “digteres”.
4. Die gebrekkige verteenwoordiging van swart Afrikaanse vroueskrywers is nie beperk tot die poësie nie. Cochrane (2008) toon aan dat swart Afrikaanse vroue ook op romangebied sedert 1994 beperkte uitsette gelewer het, met slegs enkele skrywers soos E.K.M. Dido, Frieda Gygenaar en Zulfah Otto-Sallies wat almal ná 1994 gepubliseer het. Daarnaas verskyn daar van Pat Stamatélos *Kroes* (2005), *Die val van die dice* (2007) en *Die portier* (2009). Sedertdien het ook Bettina Wyngaard met *Troos vir die gebroekenes* (2009) gedebuteer. ’n Aantal swart Afrikaanse vroueskrywers publiseer ná 1994 ook kortverhale in versamelbundels (sien Cochrane, 2008: 37-39).
5. Die redes hiervoor is uiteenlopend. Behalwe vir uitsluiting uit die literêre kanon op grond van ras- en geslagsvooroordele, is die produksie van skryfwerk deur swart Afrikaanse vroueskrywers ook teruggehou deur sosiale faktore. Beverley Jansen (1985: 80) noem dat werkersklasvroue nie dieselfde vryheid om te skryf het nie omdat hulle benewens hulle rolle as broodwinners ook familieverantwoordelikhede het; ’n genderkwessie waaraan blanke middelklasvroue gedeeltelik kon ontsnap deur staat te maak op die arbeid van swart vroue in die huishoudelike sfeer. Adendorf (2003: 111) en Cochrane (2008: 44) wys pertinent op die ekonomiese en sosio-politieke faktore wat die produksie van tekste deur swart vroueskrywers negatief beïnvloed.
6. Hierdie kwessie het te make met die ideologiese fondasies waarop die literêre uitbeelding van die

plaasruimte in die Afrikaanse letterkunde berus. Van Coller (2003: 51) noem dat die plaas 'n mitiese ruimte is waarbinne Afrikaneridentiteit gekonstrueer word: "Die plaas word geteken as 'n mitiese ruimte en die verband tussen boer en kosmos is nie bloot 'n romantiese identifikasie nie [...] Deur die plaas word die Afrikaner geheg aan die aarde en sy geskiedenis, kan hy as 't ware sy aanspraak op die land bevestig." Dit sluit aan by Coetzee (1988: 5) se beskouing oor die rol van die swart werker in die literêre representasie van die plaas (soos dit hoofsaaklik aangewend word in die genre van die plaasroman): "if the work of hands on a particular patch of earth [...] is what inscribes it as the property of its occupiers by right, then the hands of black serfs doing the work had better not be seen".

7. Hierdie teoretici gebruik die term "klein letterkunde" as vertaling van Deleuze en Guattari se term "minor literature" (teenoor "major literature"). Anker (2007: 455) verkies die term "mineurletterkunde" eerder as "klein letterkunde" om aan te sluit by Deleuze en Guattari se musiekmetaforiek. Ek gebruik Anker se term omdat dit myns insiens 'n beter vertaling is wat fokus op die toonaard van die letterkunde eerder as op die kwantitatiewe elemente daarvan.
8. 8. Colebrook (2008: 117) verduidelik hierdie konsep van identiteitsvorming aan die hand van die feministiese diskoers: "There are no speakers or subjects who precede the event of their becoming. A subject group forms as an act of speech or a demand, as an event of becoming. (Imagine, for example, the inauguration of the women's movement, which begun by speaking differently, by not recognising the norms of male reason.) The subject group forms itself through speaking or becoming. (The women's movement was, from its very beginning, a literary movement, the very notion of 'woman' being created through novels and women's writing.) A subjugated group, by contrast, speaks as though it were representing, rather than forming, its identity. This occurs when [...] we start to think of women's writing as the expression of an underlying femininity that was lying in wait for literary inscription. The group becomes subjugated to an image of its own identity; its becoming is no longer open but is seen as the becoming of some specific essence. Writing becomes prescriptive and majoritarian; it is now based upon an identity and demands recognition, rather than the constitution, of that identity."
9. Daar moet egter in gedagte gehou word dat mineurletterkunde nie altyd niegekanoniseerde letterkunde is nie; hoogs gekanoniseerde skrywers soos Breyten Breytenbach, Alexander Strachan, Marlene van Nickerk en Peter Blum se werk vertoon ook revolusionêre potensiaal deur 'n wordende subjektiwiteit (sien Anker, 2007; Anker, 2011; Stander, 2012).
10. Riana Scheepers se *Die ding in die vuur* (1990), *Dulle Griet* (1991), *'n Huis met drie en 'n half stories* (1994), *Die heidendogters jubel* (1995), *Feeke* (1999), *Katvoet* (2009) asook die bloemlesing *Dogters van Afrika* (1998) is deur Riet de Jong-Goossens vertaal, terwyl Scheepers se poësiebundel *Met die taal van karmosyn* (2001) en jeugboek *Die blinde sambok* (2001) deur Jooris van Hulle vertaal is. Riet de Jong-Goossens vertaal ook onder meer John Miles se *Kroniek uit die doofpot* (1991) in 1992, Koos Prinsloo se *Die hemel help ons* (1987) en *Slagplaas* (1992) onderskeidelik in 1991 en 1994, E.K.M. Dido se *'n Ander ek* (2007), Carel van der Merwe se *Nasleep* (2007) in 2010, asook Louis Krüger se *Donkerboskind* (1985) in 1989, *Son op die water* (1989) en *Gevaarlike land* (1990). Krüger vertaal self sy *Herinnering aan Agnes* (1995) en *Wederkoms* (2009) in Nederlands, met laasgenoemde wat oorspronklik eers in Nederlands in 2001 verskyn het en in 2009 in herskrewe vorm gebaseer op die Afrikaanse teks. Robert Dorsman vertaal onder meer Gert Vlok Nel se *Om te lewe is onnatuurlik* (1993), wat as 'n tweetalige uitgawe met die titel *Het is onnatuurlijk*

om te leven (2007) verskyn, asook 'n tweetalige keur van Wilma Stockenström se poësie getiteld *Vir die bysiende leser/Voor de bijziende leser* (2000).

Van Charl-Pierre Naudé verskyn daar in Suid-Afrika twee Afrikaanse bundels, *Die nomadiese oomblik* (1995) en *In die geheim van die nag* (2004), asook 'n Engelse vertaling van laasgenoemde, *Against the Light* (2007), en in 2008 verskyn *Sien jy die hemelliggame* in Nederland met Afrikaanse gedigte vergesel van Nederlandse vertalings. Herman Wasserman se debuutbundel, *Verdwaal en ander soekstories* (1997), se Nederlandse vertaling deur Ingrid Glorie verskyn as *Verdwaald en andere verhalen* (1999). Emma Huismans se werke verskyn ook in beide Afrikaans en Nederlands. 'n Keur van Peter Snyders se poësie word van Nederlandse transkripsies deur Jan Deloof voorsien en gepubliseer as *Versagte omstandighede/Verzachtende omstandigheden* (1995). Jacqueline Caenberghs vertaal 'n keur van Daniel Hugo se poësie wat verskyn as *Planetarium* (1999). Floris Brown is ook bekend in Nederland, al verskyn die meeste van sy gedigte nie in vertaling nie, en publiseer *Altijd de liefde/Altyd die liefde* (2005) in samewerking met Janneke Prins, Drieluik, met gedigte van Brown en Marion de Vos en foto's van Hilde Vaatstra (2009), asook *Uit het lege midden/Sing vir my* (2011) met Jan Kleefstra, terwyl *Moerbeiboomblare – Haikoe uit Zuid-Afrika* in 2007 en 'n Engelstalige bundel, *Blue Ribbons*, in 2011 in België verskyn. 'n Paar Afrikaanse werke wat uit die apartheidsjare dateer word ná die opheffing van die kulturele boikot in Nederlands vertaal, soos Alexander Strachan se 'n *Wêreld sonder grense* (1984) wat deur Rolf Wolfswinkel vertaal is as *Wereld zonder grenzen* (2003), terwyl Etienne Leroux se *Magersfontein, o Magersfontein* (1976) se Nederlandse vertaling deur Ingrid Glorie in 1999 verskyn. Daarnaas verskyn verskeie vertaalde gedigte en kortverhale van Afrikaanse skrywers in versamelbundels en joernale.

11. Dit is veral problematies omdat die kanon en die gepaardgaande institusies, wat literêre kritiek insluit, nie suiwer esteties funksioneer nie en veral ook histories gefundeerd is. Hoewel hierdie kwessie buite die bestek van hierdie artikel val, is dit belangrik om te wys op die funksie van literêr-histories verantwoordbare resepsie van literêre tekste. Van Coller (2003: 50) noem byvoorbeeld dat C.M. van den Heever se gekanoniseerde posisie eerder op literêr-historiese redes as op estetiese oordele berus. Tog, argumenteer Van Coller, is Van den Heever ook belangrik as vroeë beoefenaar van aktuele prosa en beklee *Laat vrugte* ook 'n "seminale plek [...] binne die tradisie van die Afrikaanse plaasroman en die Afrikaanse letterkunde" (2003: 55). Van Coller (2003: 66) kom tot die gevolgtrekking dat "Van den Heever se werk bly meesprek in eietydse Suid-Afrikaanse literatuur, nie net as konnotatiewe verwysings nie, maar inderdaad deur intertekstuele terugwysing" en dat dit "genoeg rede [is] om Van den Heever opnuut veilig te verskans in die kanon". Hoewel kanoniseringsprosesse kompleks en gevarieerd is en dus nie so maklik met die kwessie van Kamfer se aansluiting by die tradisie van swart Afrikaanse skryfwerk in verband gebring kan word nie, is dit ten minste nodig om die moontlikheid van herwaardering daar te stel deur 'n erkenning van die tradisies waarbinne Kamfer se poësie gelees kan word, soos Pakendorf (2011) met verwysing na *grond/Santekraam* opmerk.
12. Pakendorf (2011) kontekstualiseer Kamfer se tweede bundel (*grond/Santekraam*) wel binne die tradisie van swart Afrikaanse skryfwerk (veral in terme van die skakels met Patrick Petersen) en merk op dat as "'n mens Petersen se gedigte saam met Kamfer se bundel as 'n intertekstuele gesprek oor twee, drie geslagte heen [lees], dan ontstaan daar 'n fassinerende blik, nie net op Ronelda Kamfer se verse nie, maar 'n mens se oë word inderdaad ook oopgemaak vir die aktualiteit van Petersen se oeuvre (wanneer vind hy sy regmatige plek?)."

Trauma, religie en literatuur

Jan Siebelink, Willem Jan Otten en Louis Krüger

Chris van der Merwe

Trauma, religion and literature – Jan Siebelink, Willem Jan Otten and Louis Kruger

*A comparative analysis of the rise and fall of collective narratives in Dutch and Afrikaans, in historiography and literature, is a most promising but also a neglected field of study. Both in the Netherlands and in South Africa the traumatic loss of a collective narrative has been experienced in recent years. In the Netherlands the positive narrative of the country as example of tolerance and harmony to the world, and in South Africa the narrative of a harmonious 'rainbow nation', have come under severe pressure. An existential vacuum has thus been created, and religion could play a significant role in the regaining of meaning – a role which is reflected in Dutch and Afrikaans literature, but has been neglected by literary scholars. In this article, three novels are analysed with the focus on trauma, religion and literature – two Dutch, one Afrikaans: *Knielen op een bed van violen* by Jan Siebelink, *Specht en zoon* by Willem Jan Otten and *Wederkoms* by Louis Krüger. Siebelink's novel shows how a terrifying variant of religion can be the cause of great trauma; the other two novels suggest that religion can have a hope-giving and healing function under traumatic circumstances.*

1. Inleiding

'n Boeiende uitgangspunt vir 'n vergelykende studie van die Nederlandse en Afrikaanse literatuur is die opkoms en ondergang van kollektiewe singewende narratiewe. Theo de Wit (2012) wys daarop dat daar ná die Tweede Wêreldoorlog in Nederland 'n nasionale narratief van Nederland as gidsland vir die wêreld ontwikkel het. Nederland sou daarvolgens 'n voorbeeld vir die wêreld wees met 'n liberale demokrasie en 'n sekulêre toleransie in 'n multikulturele samelewing waarin daar geen plek vir rassisme is nie. Hierdie narratief het, volgens De Wit, onder groot druk gekom in die afgelope tyd. Vrees vir die sogenaamde "allochtonen" ("vreemdelinge" wat hul in Nederland gevestig het), aangevuur deur die moord op die filmmaker Theo van Gogh deur 'n Islamitiese ekstremis, het gelei tot 'n politieke beweging na regs, wat onder andere gereflekteer is in die groei van Geert Wilders se Partij voor de Vrijheid. De Wit merk op dat "de teloorgang van het zelfbewuste vooruitgangsnarratief over Nederland gidsland en van het multiculturalisme dat ermee verbonden was" gelei het tot "een belegeringsnarratief dat fantasieën voedt over de uitdrijving van de belegeraar" (De Wit, 2012: 176). Belangrik in hierdie ontwikkeling was ook die val van die Twin Towers op 11 September 2001. Dat Amerika, soos premier Kok dit uitgedruk het, "in het hart getroffen" is deur 'n aanval van ekstremitiese Moslems, het 'n diepe indruk op Nederland, soos op die res van Europa, gemaak.

Maar intussen, byna in die stilligheid, was daar ook 'n ander ideologiese ontwikkeling

in Nederland, 'n ontwikkeling waarop Jaap Goedegebuure uitbrei in die inleiding tot sy boek *Nederlandse schrijvers en religie 1960-2010*. Goedegebuure gaan in op die herverskyning van die religie in die Nederlandse literatuur en literatuurbeskouing vanaf die einde van die twintigste eeu.¹ In die sestiger- en sewentigerjare van die vorige eeu, skryf Goedegebuure, het die oorgrote meerderheid van die meningvormende skrywers hul heftig teen die godsdiens gekeer – mense soos Willem Frederik Hermans en Rudy Kousbroek. Verskeie skrywers het op bitter wyse in hul romans afskeid geneem van die eng godsdiens waarmee hulle opgevoed is: Jan Wolkers, Maarten 't Hart, en (aanvanklik) Jan Siebelink. Dieselfde afkeer van godsdiens was in dié tyd ook algemeen by Nederlandse literatore; by baie duur dit tot vandag toe voort. Goedegebuure wys daarop “dat de meeste van mijn collega-neerlandici zo gevoelig zijn voor het taboe op religie dat ze niet wilden of misschien gewoon niet konden zien hoe het bij tal van twintigste-eeuwse auteurs een rol speelt” (Goedegebuure, 2010: 21).

In die tagtigerjare van die vorige eeu begin die klimaat in Nederland volgens Goedegebuure wel verander. In 1982 verskyn 'n boek met die titel *Over God*, waarin sewe outeurs, onder andere Oek de Jong en Frans Kellendonk, hul siening van God uiteensit. Die feit dat sewe prominente Nederlandse skrywers dit die moeite werd geag het om hul beskouing oor God op skrif te stel, was iets nuuts. In die inleiding, geskryf deur die uitgewer van die boek, Jeroen Koolbergen, verklaar hy dat die “God-is-dood-tydperk” in die Nederlandse literatuur tot die verlede behoort. Ook in die Nederlandse literatuurstudie, stel Goedegebuure vas, het daar 'n verandering gekom. Hy noem onder andere die beskouing van die literator Jan Oegema, gepubliseer in 1999, dat die digter Lucebert 'n geroepe siener was, en die studie van Jef Bogman enkele jare daarna oor Paul van Ostajen as mistikus. Hyself lewer natuurlik met sy eie boek 'n seminale bydrae tot wat hy noem “het verhaal van de wonderbaarlijke terugkeer van God in de Nederlandse literatuur” (Goedegebuure, 2012: 24).

Dit moet egter beklemtoon word dat God nie in sy ou gestalte na die Nederlandse teruggekeer het nie. Goedegebuure (2012: 8) wys op die agteruitgang van die tradisionele kerkgenootskappe en sê “[d]e metafysische behoefte hult zich in vele gedaanten” – onder andere in postchristelike spiritualiteit, mistiek gebaseer op Meister Eckhart en Zen, en ook in allerlei okkulte praktyke.

In Suid-Afrika het vergelykbare ideologiese ontwikkelinge plaasgevind. Met die totstandkoming van 'n demokratiese bestel in 1994 het vele ou narratiewe hul sin verloor, parallel aan die afskeid van die godsdiens in Nederland in die sestigerjare en die opkoms van 'n nuwe, optimistiese visie. Afrikaner-narratiewe waarin “Christelike nasionalisme”, “Christelike beskawing”, “totale aanslag” en “terroriste” kernbegrippe was, het betekenisloos geword. Nuwe, inklusiewe ideologiese terme het na vore gekom, terme soos “reënboognasie” en “Afrika-Renaissance”. In die jongste tyd is hierdie positiewe terme egter toenemend met sinisme bejeën en het ou narratiewe hul herverskyning gemaak – narratiewe van konflik waarin aan die een kant na die masjiengewere gegryp

word en die Boere doodgemaak moet word, en aan die ander kant, in die plek van die “reënboognasie”, die geëykte visie van ’n swart en donker Afrika.

In Afrikaanse soos in Nederlandse literêre studies het die religieuse element in die literatuur sedert 1960 weinig aandag van literatore gekry, hoewel dit konstant aanwesig was en is, óf as ’n sentrale tema óf as ’n onderstroom. Oor die Afrikaanse literatuur sou ’n boek soortgelyk aan die een van Jaap Goedegebuure geskryf kon word: *Afrikaanse skrywers en religie, 1960-2010*. Afrikaanse skrywers wat by so ’n studie betrek kan word, is legio – ek noem slegs drie name. Net voor die opstand van Soweto verskyn André Brink se *Kennis van die aand*, wat ’n nuwe interpretasie van die Jesus-narratief bied, en godsdiens, erotiek en politiek bymekaarbring. In die werk van Etienne van Heerden maak die sondebok, die onskuldige wat moet sterf om nuwe lewe vir ander moontlik te maak, herhaaldelik sy verskyning – ek noem net *Toorberg*, *Die stoetmeester* en *Dertig nagte in Amsterdam*. En derdens, in Marlene van Niekerk se *Die sneeuslaper* is mistiek ’n sentrale tema – ’n tema wat reeds in *Agaat* in die vooruitsig gestel is deur die religieuse rituele wat Agaat in die natuur uitvoer, in verset teen die verslawende godsdiens wat Milla aan haar opdring. *Die sneeuslaper* handel oor mistiek wat oor die grense van godsdienste strek – naas die Christelike verwysings, is daar verwysings na mistiek in die Islam, na Joodse mistiek en na die Zen-Boeddhisme.² Hoewel hierdie artikel fokus op drie romans waarin die Christelike godsdiens dominant is, is dit vanselfsprekend dat die religieuse nie beperk is tot die Christelike nie. Die religieuse element verskyn in vele gedaantes in die literatuur.

Dus, sowel in Nederland as in Suid-Afrika het twee kontrasterende ideologieë in die afgelope tyd ontwikkel, die een oor-optimisties, die ander negatief en uitsluitend. Die twee ekstreme, albei ontoereikend vir die moderne tyd, het ’n ideologiese vakuum geskep waarin religie as ’n potensiële betekenisgewende faktor na vore gekom het, ook in die letterkunde – ’n faktor waarvan literatore nie altyd genoegsaam kennis geneem het nie.

Hoe pas die “trauma” in my titel in by hierdie tematiese beskouing oor religie in die literatuur? Trauma is nou verbonde met die verlies van narratiewe soos hierbo bespreek. Ek het uitvoerig, in aansluiting by verskeie belangrike trauma-teoretici, my siening van trauma uiteengesit in twee publikasies, geskryf in samewerking met Hans Ester en Pumla Gobodo-Madikizela onderskeidelik.³ Ek gee hier dus slegs ’n kort samevatting van my beskouings, wat sterk steun op die idees van Paul Ricoeur.

Volgens Ricoeur is die mens geneig om die lewe narratief te verwerk; “to see a certain chain of episodes in our lives as *stories not yet told*, stories that seek to be told” (Ricoeur, 1991: 434 – kursivering deur Ricoeur). Hy verbind die narratiewe verwerking van die lewe met Socrates se bekende stelling dat die lewe wat nie ondersoek is nie, nie die moeite werd is om te lewe nie. Ricoeur glo: Socrates’s life examined is a life *narrated* (1991: 435 – kursivering deur Ricoeur). Om die lewe tot verhaal te transformeer, beteken dat daar ’n samehangende intrige gevorm word, ’n ketting van oorsaak en gevolg; dat herhaalde temas en patrone na vore kom, asook onderliggende waardes; dit alles omskep die lewe tot ’n koherente, begrypbare geheel.

Identiteit kom vir Ricoeur op 'n narratiewe wyse tot stand. Hy onderskei tussen twee Latynse woorde wat albei met identiteit verband hou: *idem* en *ipse*. *Idem* dui op 'n onveranderlike identiteit; *ipse* daarenteen, dui op konstantheid binne verandering – *ipse* is die begrip wat sy siening van narratiewe identiteit die beste omvat: “Unlike the abstract identity of the same (*idem*), this narrative identity, constitutive of self-constancy, can include change, mutability, within the cohesion of one lifetime.” (Ricoeur, 1988: 246).

Die narratief van die *indiividu* is ingebed in *kollektiewe* narratiewe; “my storie” is deel van “ons storie” – die storie van die familie, die stad of die land. Dit is onmoontlik om die indiuiduele en kollektiewe verhale van mekaar los te maak. Identiteit kom nie in isolasie tot stand nie, maar in interaksie. Soos Alasdair MacIntyre (1981: 205) dit stel:

I am born with a past; and to try to cut myself off from that past, in the individualistic mode, is to deform my present relationships. The possession of an historical identity and the possession of a social identity coincide. Notice that rebellion against my identity is always one possible mode of expressing it.

Trauma vernietig die koherensie wat narratiewe skep. Dit kan op indiuiduele of kollektiewe vlak gebeur; dikwels val die twee vlakke saam. Trauma word gekenmerk deur 'n verlies van betekenis; dit “verstoort [...] op kognitiewe niveau een aantal basisveronderstellingen over een betekenisvolle wereld die de mensen goedgezind is” (Hermans, 2010: 10). Die identiteit wat narratief tot stand gekom het, stort ineen; die intrige verbreek, en die woorde om die ervaring te beskryf, ontbreek. Normaalweg word herinneringe in narratiewe vorm gestoor, sodat 'n mens later kan vertel wat gebeur het; traumatiese herinneringe, daarenteen, kan nie narratief in die geheue geïntegreer word nie: “Traumatic memories are the unassimilated scraps of overwhelming experiences, which need to be integrated with existing mental schemes, and be transformed into narrative language” (Van der Kolk *et al.*, 1995: 176).

Solank as die trauma nie verwoord kan word nie, bly dit onverwerk, skryf Caruth (1996: 2):

[...] the experience of a trauma repeats itself, exactly and unremittingly, through the unknowing acts of the survivor and against his very will [...] The repetition at the heart of catastrophe [...] emerges as the unwitting reenactment of an event that one cannot simply leave behind.

Daar is 'n sielkundige verklaring vir hierdie herhaling (“reenactment”) van trauma, meen Van der Merwe (2007: 35):

When people are traumatised, it is an experience of humiliation; they are powerless and they need a sense of control; the violation takes away the very core of who you are. When people repeat these traumas, it is an effort to be in a place where they are in control once more; it is the reclaiming of their power and the sense of control that was taken away from them by the perpetrators.

Dit is nodig om te onderskei tussen die traumatiese gebeurtenis en traumatiese herinnering. Dit is veral in die herinnering dat 'n trauma sy destruktiewe uitwerking laat blyk. Traumatiese gebeure word gekenmerk deur die verlies van taal; dit is te oorweldigend om te pas in die strukturele en semantiese moontlikhede van die taal wat tot beskikking van die getraumatiseerde is. Die traumaslagoffer word woordeloos gelaat. Hierdie verlies van taal en van narratief vorm die kern van my beskouing van trauma.

